# *KNELPUNTE RONDOM GODSDIENSONDERRIGAANGELEENTHEDE IN TRANSVAALSE SKOLE — PRINSIPIEEL GESIEN*

deur

Izak Jozua Minnaar van der Merwe

(B.A.; T.H.O.D.; B.Ed.)

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die

Departement Teoretiese Opvoedkunde

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

STUDIELEIER: PROF. DR. J.L. VAN DER WALT

PRETORIA

JANUARIE 1981

DANKBETUIGING

* Graag wil ek hiermee my dank en waardering teenoor prof. J.L. van der Walt uitspreek. Sonder sy hulp en aanmoedig= ing sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie.

* Aan die Direkteur van Onderwys, prof. J.H. Jooste, my dank vir die toestemming deur die Transvaalse Onderwysdeparte= ment om die verskillende skoolhoofde te besoek. Ook aan die betrokke hoofde my dank vir hulle vriendelike samewer= king.

* 'n Spesiale woord van dank aan my eggenote vir die ure se werk en bystand wat sy aan my verleen het.

* Graag dra ek hierdie werk op aan my eggenote en my ouers wat my geinspireer het om die studie te voltooi.

* Bo alles gaan my dankgebede aan Hom wat die Gewer van alles is. Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. Mag hier= die werk ook strek tot die eer en verheerliking van sy Koninkryk.

***

INHOUDSOPGAWE

| | Bladsy |
|---|---|
| 1. PROBLEEM EN TAAKSTELLING ...................... | 1 |
| 1.1 INLEIDEND ...................................... | 1 |
| 1.2 PROBLEEMSTELLING ............................ | 1 |
| 1.2.1 Die probleem wat nagevors word .............. | 1 |
| 1.2.2 Formulering van die probleem ................ | 2 |
| 1.2.3 Die oorsprong van die probleem .............. | 3 |
| 1.2.3.1 Oriëntering ................................ | 3 |
| 1.2.3.2 Eise wat (veral onderwys-) wetgewing ten op=sigte van Godsdiensonderrig op skool stel . | 4 |
| 1.2.3.3 Eise wat die ouerhuis ten opsigte van Gods=diensonderrig as vak op skool stel ........ | 5 |
| 1.2.3.4 Eise wat die Bybel ten opsigte van Gods=diensonderrig stel ......................... | 6 |
| 1.2.3.5 Slotsom .................................... | 7 |
| 1.3 BELANGRIKHEID VAN NAVORSING OOR DIE GESTELDE PROBLEEM ................................... | 7 |
| 1.4 HIPOTESEFORMULERING ......................... | 9 |
| 1.5 DIE WYSE VAN VERIFIERING OF TOETSING VAN DIE GE=STELDE HOOFHIPOTESE: METODE VAN ONDERSOEK .... | 12 |
| 1.6 AFBAKENING VAN ONDERSOEKTERREIN EN BEGRIPSOM=SKRYWING ................................... | 13 |
| 1.6.1 Knelpunt .................................... | 13 |
| 1.6.2 Godsdiensonderrig ........................... | 13 |

Bladsy

1.6.3 -aangeleenthede .................................... 14
1.6.4 Transvaalse ...................................... 14
1.6.5 Afrikaanse ....................................... 14
1.6.6 Sekondêre ........................................ 14
1.6.7 Skool(e) ......................................... 15
1.6.8 Prinsipieel ...................................... 15
1.6.9 Blanke ........................................... 15

1.7 INDELING VAN VERHANDELING IN HOOFSTUKKE ... 15
1.8 SAMEVATTEND ........................................ 16

2. 'N SKRIFGEFUNDEERDE PRINSIPIËLE STANDPUNT OOR DIE POSISIE VAN GODSDIENSONDERRIG OP SKOOL EN OOR DIE HOUDING TEENOOR ANDERSDENKENDES ................ 17

2.1 INLEIDEND .......................................... 17
2.2 'N SKRIFGEFUNDEERDE PRINSIPIËLE STANDPUNT OOR DIE PLEK VAN GODSDIENSONDERRIG OP SKOOL ....... 17
2.3 DIE TAAK VAN DIE OUER TEN OPSIGTE VAN DIE KIND SE ONDERRIG MET SPESIALE VERWYSING NA SY GODS=DIENSONDERRIG .................................. 18
2.4 DIE TAAK VAN DIE KERK TEN OPSIGTE VAN DIE KIND SE GODSDIENS- EN VERBONDSONDERRIG ............. 21
2.5 DIE TAAK VAN DIE SKOOL TEN OPSIGTE VAN DIE KIND SE ONDERRIG ................................... 23
2.6 DIE CALVINIS SE HOUDING TEENOOR DIE ANDERSDEN=KENDE - PRINSIPIEEL GESIEN .................... 31

2.6.1 Die probleem ..................................... 31
2.6.2 Christelike mensbeskouing ........................ 32

Bladsy

2.6.2.1 Oriëntering .............................. 32
2.6.2.2 Die mens as 'n religieuse wese ............ 32
2.6.2.3 Die mens as modale wese ................... 34
2.6.2.4 Die mens as individuele wese .............. 36
2.6.2.5 Die mens as tydse wese .................... 37

2.7 'N PRINSIPIËLE ANTWOORD ....................... 38
2.8 KNELPUNTE WAT DUSVER RONDOM DIE AANBIEDING VAN GODSDIENSONDERRIG OP SKOOL GEÏDENTIFISEER IS .. 40
2.9 SAMEVATTEND ................................... 40

3. 'N HISTORIESE ONDERSOEK NA DIE FAKTORE WAT AAN=LEIDING GEGEE HET TOT WET 39 VAN 1967 ASOOK OR=DONNANSIE 29 VAN 1953 VAN TRANSVAAL ........... 42

3.1 INLEIDEND ..................................... 42
3.2 'N KORT OORSIG VAN DIE ONDERWYS AAN DIE KAAP VANAF 1652 TOT 1838 EN DAARNA MEER SPESIFIEK IN TRANSVAAL TOT 1906 MET BESONDERE KLEM OP GODSDIENSONDERRIG AS VAK EN DIE KNELPUNTE RONDOM DIE AANBIEDING DAARVAN OP SKOOL ........ 44

3.2.1 Die tydperk 1652-1795 ....................... 44
3.2.2 Die tydperk 1795-1803 ....................... 47
3.2.3 Die Bataafse periode 1803-1806 .............. 48
3.2.4 Die Engelse bewind van 1806-1839 ............ 49
3.2.5 Die stand van die onderwys in Transvaal ..... 53

3.2.5.1 Die Groot Trek en die eerste jare van die Republiek van Transvaal 1838-1850 ......... 53

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 3.2.5.2 | Die eerste reglementering 1851-1858 ........ | 54 |
| 3.2.5.3 | Die tydperk 1859-1867 ..................... | 56 |
| 3.2.5.4 | Moderniseringstydperk 1868-1877 .......... | 57 |
| 3.2.5.5 | Die Du Toit-Mansvelt-periode 1881-1900 .... | 58 |
| 3.2.5.6 | Die Oorlogs- en besettingsjare 1900-1904 .. | 60 |
| 3.3 | DIE SMUTS-ONDERWYSWET VAN 1907 (<u>WET</u> no. 25 van 1907) .......................................... | 63 |
| 3.4 | Die tydperk 1909-1953 ........................ | 65 |
| 3.5 | KNELPUNTE RONDOM DIE AANBIEDING VAN GODSDIENS= ONDERRIG WAT IN HIERDIE HOOFSTUK BLOOTGELÊ IS . | 68 |
| 3.6 | SAMEVATTEND ................................... | 69 |
| 4. | 'N NADERE ONTLEDING VAN WETGEWING EN VAN DIE PROVINSIALE ORDONNANSIE (EN DIES MEER) WAT VAN TOEPASSING IS OP GODSDIENSONDERRIG IN TRANSVAAL MET DIE OOG OP DIE IDENTIFISERING VAN SOMMIGE KNELPUNTE WAT DAARUIT ONTSTAAN ................. | 70 |
| 4.1 | INLEIDEND ..................................... | 70 |
| 4.2 | <u>WET</u> 32 van 1961 .............................. | 71 |
| 4.3 | <u>ORDONNANSIE</u> 29 VAN 1953 VAN TRANSVAAL .......... | 74 |
| 4.3.1 | Klousule 1 - Opening van die skooldag ....... | 75 |
| 4.3.2 | Klousule 2 - Tydsduur wat Godsdiensonderrig moet beslaan ............................. | 76 |
| 4.3.3 | Klousule 3 - Die reg van die ouer op vrystel= ling van Godsdiensonderrig vir sy kind ...... | 77 |
| 4.3.4 | Klousule 4 - Dogmaklousule ................. | 80 |

Bladsy

4.3.5 Klousule 5 - Persone wat Godsdiensonderrig onderrig ........................ 86
4.3.6 Klousule 6 - Die gewetensklousule ........... 86
4.3.7 Slotsom .............................. 95

4.4 DIE WET OP NASIONALE ONDERWYSBELEID, WET 39 VAN 1967 .............................. 96
4.5 GOEWERMENTSKENNISGEWING No. R. 2029 VAN 12 NO= VEMBER 1971 .............................. 100
4.6 DIE GEDRAGSKODE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE ONDER= WYSERSRAAD (SAOR) .............................. 102
4.7 KNELPUNTE IN HIERDIE HOOFSTUK BLOOTGELÊ ....... 103
4.8 SAMEVATTEND .............................. 104

5. GODSDIENSONDERRIG IN SKOLE, EN DIE POSISIE VAN ANDERSDENKENDES IN TWEE ANDER LANDE ........... 106

5.1 INLEIDEND .............................. 106
5.2 NEDERLAND .............................. 107

5.2.1 Oriëntering .............................. 107
5.2.2 Wetgewing .............................. 107
5.2.3 Praktyk van die onderwys .................... 110
5.2.4 Slotsom .............................. 119

5.3 ENGELAND .............................. 120

5.3.1 Oriëntering .............................. 120
5.3.2 Wetgewing .............................. 120
5.3.3 Praktyk van die onderwys .................... 123

Bladsy

5.4 SAMEVATTEND .................................... 129

6. SAMEVATTING VAN KNELPUNTE WAT RONDOM DIE AANBIE= DING VAN GODSDIENSONDERRIG OP SKOOL GEÏDENTIFISEER IS. AANBEVELINGS .................................... 131

6.1 INLEIDEND .................................... 131
6.2 GEÏDENTIFISEERDE KNELPUNTE .................................... 131
6.3 DIE KERNPROBLEEM .................................... 135
6.4 OPLOSSING .................................... 135
6.5 TOETSING VAN HIPOTESES AAN DIE HAND VAN DIE BE= GINSEL VAN RELIGIEUSE EN LEWENSBESKOULIKE DIF= FERENSIASIE .................................... 136

6.5.1 Die kernprobleem/Hoofhipotese .................................... 136
6.5.2 Probleme wat uit die kernprobleem voortvloei . 137

6.6 SLOTSOM .................................... 148
6.7 VERDERE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE DEUR HIERDIE STU= DIE OOPGEMAAK .................................... 149
6.8 SAMEVATTEND .................................... 150

SAMEVATTING .................................... 151
ABSTRACT .................................... 154
BRONNELYS .................................... 156
BYLAAG A .................................... 163
BYLAAG B .................................... 165
BYLAAG C .................................... 167
BYLAAG D .................................... 169

***

# HOOFSTUK 1

# PROBLEEM- EN TAAKSTELLING

## 1.1 INLEIDEND

Daar sal in hierdie hoofstuk gepoog word om eerstens 'n om=skrywing te gee van die probleem wat nagevors word. 'n Hoofhipotese asook 'n aantal subhipoteses sal daarna op grond van die probleem geformuleer word met die oog daarop om 'n oplossing te vind vir die gestelde probleem(e). Die metode van ondersoek wat gevolg word, word vervolgens beskryf, en dit word gevolg deur die afbakening van die ondersoekterrein. Daarna word die begripsomskrywing gegee en die hoofstuk word afgerond met 'n oorsig oor die indeling van die verhandeling in die onderskeie hoofstukke.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

### 1.2.1 Die probleem wat nagevors word

Die probleem waaromheen hierdie studie wentel, bestaan daar=in dat daar in Suid-Afrika, en in die besonder in die Trans=vaal, 'n groot verskeidenheid godsdienste/gelowe onder die Blankes bestaan. Die Christendom, Judaïsme, Islam, Hindoeïs=me en ateïsme[1)] is maar enkele bekende voorbeelde van sulke godsdienste/gelowe. Hierdie godsdienste/gelowe gaan met uit=eenlopende lewensopvattinge en/of kerke gepaard. Dit is dus

---

1) Kyk paragraaf 2.5

van belang om daarop te let dat die Blankes in Suid-Afrika nie 'n een-geloof (of -godsdiens)-volk is nie, en dat daar in Transvaal dus 'n plurale godsdienssituasie en geloofsitua= sie bestaan.

Gepaard met hierdie omstandigheid is dit ook so dat die oor= grote meerderheid blanke kinders onderrig aan provinsiale skole ontvang (privaatskole is die uitsondering). Die enig= ste differensiasie tussen skole geskied tot dusver ten opsig= te van die moedertaal van die leerlinge. Gevolglik tref 'n mens in een en dieselfde skool kinders aan wat aan verskillen= de gelowe en/of kerke behoort. Hierdie bonte verskeidenheid van gelowe wat in 'n enkele skool aangetref word, lei tot on= gemaklikhede, haakplekke en knelpunte in so 'n skool, veral wat betref die aanbieding van die vak Godsdiensonderrig[1)] en ander, nie-skoolvakgerigte godsdiensaangeleenthede in die skool.

### 1.2.2 <u>Formulering van die probleem</u>

Die aanwesigheid in die provinsiale skole van kinders met ver= skillende religieuse en lewensbeskouinge lei daartoe dat daar knelpunte in die onderwyssituasie in die skool ontstaan, ver= al wat die vak Godsdiensonderrig en die diverse godsdiensaan=

---

1) Daar word deurgaans van <u>G</u>odsdiensonderrig gepraat, hiermee bedoelende die vak Godsdiensonderrig wat op skool aange= bied word. Dit geld dus as eienaamwoord en word dus met 'n hoofletter gespel. Waar die kind egter tuis of in die kerk onderrig ontvang, ontvang hy onderrig in godsdiens dus: <u>g</u>odsdiensonderrig.

geleenthede betref.

1.2.3 Die oorsprong van die probleem

1.2.3.1 Oriëntering

Die oorsprong van die probleem is daarin geleë dat daar geen religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in openbare blanke skole in Suid-Afrika bestaan nie. Van die begin van die onderwysgeskiedenis in hierdie land was dit so dat 'n ge= mengde staatskool vir alle Blanke-onderrig voorsien is. (Met gemengde staatskool word bedoel dat kinders van verskil= lende gelowe of godsdienste in een skool aanwesig is). Soos aangedui sal word (kyk paragraaf 3.2.4), het dit vroeg reeds wrywing tussen verskillende geloofsgroepe veroorsaak, veral tussen die voorstanders van die Christelik-nasionale opvoe= ding en die sogenaamde liberale element in die onderwys wat neutrale onderrig in skole bepleit het.

Die wortel van die probleem lê bes moontlik op die volgende terreine: die eise wat veral die onderwyswetgewing, die ouerhuis, die kerk en die Bybel ten opsigte van Godsdienson= derrig stel. Daar bestaan sekere (strydige) bepalings in die betrokke wetgewing, en die kerk, ouerhuis en Bybel stel sekere voorskrifte ten opsigte van Godsdiensonderrig, en al hierdie bepalings en eise vorm 'n geheelbeeld wat op 'n on= houdbare situasie rondom Godsdiensonderrig in die skool dui.

Die probleem word in die volgende paragrawe in ietwat meer besonderhede geskets.

1.2.3.2 <u>Eise wat (veral onderwys-) wetgewing ten opsigte van Godsdiensonderrig op skool stel</u>

Aangesien daar later (in hoofstuk 4) vollediger op die wetlike eise ten opsigte van Godsdiensonderrig as vak op skool ingegaan word, hoef slegs die volgende baie bondig hier ter sprake gebring te word: <u>Wet</u> 39 van 1967 asook <u>Goewermentskennisgewing</u> no. R 2029 bepaal (onder andere) dat alle onderwys in blanke staatskole Christelik van aard moet wees en dat Godsdiensonderrig as verpligte nie-eksamenvak aangebied moet word met die nodige eerbiediging van die ouer en kind se geloofsoortuigings.

Die plek van Godsdiensonderrig as vak op skool word dus amptelik deur die wet verskans en gewaarborg en wetgewing maak verder voorsiening daarvoor dat alle onderrig in blanke staatskole Christelik van aard móét wees.

Klousule 3 en 4 van <u>Ordonnansie</u> 29 van 1953 van Transvaal bepaal, in aansluiting hierby, onderskeidelik dat ouers die reg het om hulle kinders van Godsdiensonderrig te onttrek indien daar gewetensbesware teen die Godsdiensonderrig in 'n betrokke skool is en verder dat daar geen dogma verkondig mag word nie.

Soos later hopelik duideliker sal blyk, is die gemelde <u>Ordonnansie</u> in stryd met die bepalings van Wet 39, in dié sin dat daar in die <u>Wet</u> duidelik sprake van verpligte Christelike onderrig is, terwyl die <u>Ordonnansie</u> enige dogma (dit wil sê ook die Christelike) verbied. Volgens Van der Vyver (1975, p.22) bepaal <u>Wet</u> 39 van 1967 juridies dat "Christelike onderwys nie

afgemaak kan word met Godsdiensonderrig en die opening van die skooldag met Skriflesing en gebed nie. Die onderrig en opvoedingswerk, ja, selfs die wyse waarop die administrasie en organisasie van die skool/onderwys behartig word, moet 'n Christelike gees adem". Stander (1973, p.70) sê dat die on= derwyswetgewing van Suid-Afrika eis dat standpunte wat in Godsdiensonderrig ingeneem word, in ooreenstemming moet wees met dié van die ouer en die kind. Die staat het ook die reg (plig) om van die Provinsiale Onderwysdepartemente te verwag om uitvoering te gee aan die eise van Wet 39 van 1967 (Ibid, p.72). Die bepalings van die gemelde Ordonnansie kan moeilik hiermee gerym word.

1.2.3.3 Eise wat die ouerhuis ten opsigte van Godsdiensonder=rig as vak op skool stel

Die belangrikste eis wat die ouer aan die skool ten opsigte van Godsdiensonderrig stel, is dat die leer waarin die kind onderrig word, met die leer van sy ouerhuis ooreen moet stem. Dit is dus noodsaaklik dat daar harmonie met, en aanvulling van die ouerhuis deur en in die skool moet wees. Die kind kan en sal verward raak as die gees en die rigting van die skool van dié van die ouerhuis verskil; hy sal ook losge= skeur word van dít wat vir hom 'n anker in die lewe moet wees.

In die doopbelofte (kyk paragraaf 2.3) onderneem die ouer om sy kind "in hierdie leer" te onderrig en te laat onderrig, en is dit gevolglik sy taak om toe te sien dat die leer in die skool in hooftrekke ooreenstem met die leer van die ouer= huis.

Maree (1975, p.30) toon aan dat Bybelkunde (en dus ook Gods=diensonderrig) so aangebied moet word "dat verbondskinders se bande met die eie kerk en leer daardeur verstewig word". Stander (1973, p.71) beklemtoon dat die oorgrote meerderheid kinders wat Afrikaanse skole besoek uit Calvinistiese huise kom en dat die ouer dus die reg het om te eis dat die gees van die skool <u>Calvinisties</u> sal wees.

Die probleem? Die ouerhuis vereis 'n skool waarvan "die leer" ooreenstem met die van die ouerhuis self.

1.2.3.4 <u>Eise wat die Bybel ten opsigte van Godsdiensonderrig stel</u>

<u>Skriftuurlike</u> Godsdiensonderrig is 'n móét, dit wil sê onder=rig wat gegrond is op die enigste Bron van Waarheid. Van der Walt (1975, p.177) sê: "Sonder Skriftuurlike Godsdiensonder=rig is die opvoeding uitgelewer aan die moderne humanistiese ongeloof". Skriftuurlike Godsdiensonderrig behels dat die volle waarheid van die ganse Heilige Skrif verkondig moet word. "As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie Boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die Boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die Boek van die lewe" (Open=baring 22: 18-19).

Die probleem? Die Skrif as die Boek van die <u>Christelike</u> gods=diens eis 'n <u>Bybelse</u> Godsdiensonderrig. Hierteenoor kan die vraag tereg gestel word: wat eis die Koran en die Talmoed dan?

1.2.3.5 Slotsom

Dit blyk dus dat daar uit verskillende oorde eise aan Gods=diensonderrig as vak op skool gestel word waaraan eenvoudig voldoen móét word. 'n Mens kan egter al hierdie eise probeer ontvlug, soos reeds in soveel lande gebeur (het), deur te vra of dit werklik nodig is vir die skool om Godsdiensonderrig aan te bied en of dit nie die taak van die kerk en die ouer tuis is om dit te doen nie. As 'n mens die probleem bloot wil ont=duik, kan die uitweg gekies word - soos ook reeds in Engeland gedoen word (kyk hoofstuk 5) om Godsdiensonderrig met "Compara=tive Religion" of "Religions of the World" of "Religious Stu=dies" te vervang. Ten einde hierdie moontlikhede te kan oor=weeg, sal daar dus ook op die taak van die ouer en die kerk ten opsigte van Godsdiensonderrig gelet moet word. Daarna sal ook die taak van die skool in hierdie verband bespreek word.

1.3 BELANGRIKHEID VAN NAVORSING OOR DIE GESTELDE PROBLEEM

Wet 39 van 1967 bepaal dat alle onderwys Christelik moet wees. Dit beteken dat elke skool onder staatsbeheer 'n Christelike karakter moet hê. Die bepaling omvat alle vakke en nie slegs Godsdiensonderrig nie. Van der Schijf (1969, p.281) is van oordeel dat die feit dat Calvinis, liberalis en ongelowige in een en dieselfde klas sit, veroorsaak dat Christelik-nasionale onderwys nie tot sy reg kom en kan kom nie, want Ordonnansie 29 van 1953 verbied alle vorme van dogmatiese onderrig, dit wil sê óók die Christelike dogma. Die ordonnansie vereis dus 'n neutrale dogmalose onderwysstelsel waarmee die Christenouer hom nie kan vereenselwig nie. Wet 39 van 1967 erken voorts

die gelykwaardigheid van alle mense, maar terselfdertyd ont=ken dit die ongelykheid van elke mens. Alle mense is gelyk=waardig voor God, maar is nie gelyk nie as gevolg van 'n ander religieuse hartsgegrepenheid. Die mens kan dus gerig word op God (anastaties) of weg van God (apostaties) (Dekker, 1980, p.82).

Preller (1978, pp.67-68) sê dat differensiasie in die onder=wys 'n eis is, want elke kind is 'n unieke wese met sy eie aan=leg, belangstelling en vermoë. Differensiasie moet veral ook op die gebied van die religieuse geskied. Dat dit op die oom=blik nie so is nie, lei tot knelpunte en 'n ongemaklike toedrag van sake in blanke Afrikaanse sekondêre skole.

Stander (1973, p.71) toon dat die kerk hom nie kan neerlê by 'n algemene volkskool nie en dus 'n gedifferensieerde skoolstel=sel bepleit waar die onderskeie geloofsgroepe hulle onder=skeie belydenisse kan uitlewe. As daar nie skriftuurlike Godsdiensonderrig plaasvind nie, dan word die opvoeding, en gevolglik ook die kind, uitgelewer aan die moderne humanis=tiese ongeloof (Van der Walt, 1975, p.177).

Die Christelike ouerhuis vereis 'n Christelike skool. Die Christelike bestaan egter slegs in naam, aangesien die onder=wys in Transvaal neutraal of dogmaloos moet verloop om aan die gemelde ordonnansie uitvoering te kan gee.

Dekker (1980, pp.81-82) beklemtoon dit dat alle leerstof ge=differensieerd moet wees en hierdie differensiasie is 'n ver=pligting wat deur God in sy Woord vasgelê is.

## 1.4 HIPOTESEFORMULERING

Die hoofhipotese wat in hierdie studie geverifieer moet word, is die volgende:

$H_o$ : Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys in blanke skole in die Republiek van Suid-Afrika sal verseker dat daar geen knelpunte rondom die aanbieding van Godsdiensonderrig in Afrikaanse blanke skole in Transvaal sal voorkom nie.

Uit die hoofhipotese kan die volgende 14 subhipoteses afgelei word. Hulle aanvaarding is afhanklik van die aanvaarding van die hoofhipotese ($H_o$).

$Sh_1$ : Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal ver= seker dat die Christelike dogma in Christelike skole onderrig of verkondig sal word.

$Sh_2$ : Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in skole sal verhoed dat daar verwarring in die gemoed van die kind kom deurdat die leer in die skool met dié van die ouerhuis ooreen sal stem.

$Sh_3$ : Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie gaan van die beginsel uit dat alle mense gelykwaardig is, maar erken terselfdertyd die ongelykheid van mense onderling, en erken die eenmaligheid/uniekheid van elke mens in die onderwys.

$Sh_4$ : Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal die Christelik-nasionale onderwysbeginsel tot sy reg laat kom.

$Sh_5$ : Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal ver=seker dat elke geloofsgroep tot sy reg kom en wrywing sal sodoende uitgeskakel word.

$Sh_6$ : Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal ver=seker dat elke geloofsgroep se regte en belange verskans word en tot volle ontplooiing sal kom.

$Sh_7$ : Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal ver=seker dat elke onderwyser homself in 'n skool wat volko=me ooreenstem met sy eie godsdiens, geloof en lewens- en wêreldbeskouing kan uitleef.

$Sh_8$ : Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie (en die erkenning van Godsdiensonderrig as volwaardige vak) sal verseker dat slegs goed opgeleide onderwysers die vak sal aanbied, aangesien opleiding van sulke onder=wysers sal kan plaasvind aan tersiêre inrigtings waar=van die gees en rigting ooreenkom met die van die skool waarin hulle na hulle opleiding gaan praktiseer.

$Sh_9$ : Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal ver=seker dat predikante wat skole besoek, wel dogmatiese uitsprake (byvoorbeeld by die opening of afsluiting van 'n skooljaar) kan maak sonder om die ordonnansie te oortree.

$Sh_{10}$: Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal ver=seker dat die ateïstiese en/of ongelowige onderwyser uit die Christelike skool geweer sal kan word.

$Sh_{11}$: Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal tot gevolg hê dat alle vakke wat in die Christelike skool onderrig word, Christelik in die volle en ware sin van die woord aangebied sal kan word.

$Sh_{12}$: Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie mag 'n herstrukturering van die curriculum van onderwyskolle=ges vereis, sodat verseker kan word dat onderwysstuden=te Godsdiensonderrig in hulle finale jaar sal ontvang, en hulle kennis sal dus vars wees wanneer hulle in die praktyk staan.

$Sh_{13}$: Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal dit moontlik maak om Godsdiensonderrig as vak 'n volwaardige plek in die skool te laat beklee, dit wil sê wat betref periode-indeling en toetsing. Sodoende sal die ver=snippering en "minderwaardige" status van die vak in alle skole voorkom kan word.

$Sh_{14}$: Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal ver=seker dat die hele Christelike skool "verchristelik" kan word, dit wil sê dat alle vakke Christelik aange=bied sal kan word (vergelyk $Sh_{11}$). Dan sal Godsdiens=onderrig vir die eerste keer as 'n integrerende eenheid met die res van die skoolvakke aangebied word, en nie langer 'n losstaande entiteit in die skoolcurriculum wees nie.

## 1.5 DIE WYSE VAN VERIFIëRING OF TOETSING VAN DIE GE=STELDE HOOFHIPOTESE: METODE VAN ONDERSOEK

1.5.1 'n Literatuurstudie van die Skrifgefundeerde standpunt oor die posisie van Godsdiensonderrig op skool en die houding van die Christen-Protestant teenoor die anders=denkende in die skool word ten aanvang van stapel ge=stuur.

1.5.2 Daarna volg 'n historiese ondersoek na die faktore wat tot wetgewing insake onderwys, en veral Godsdienson=derrig, aanleiding gegee het.

1.5.3 Dit word gevolg deur 'n nadere ontleding van die wetge=wing in Suid-Afrika en in Transvaal ten opsigte van Godsdiensonderrig op skool.

1.5.4 Daarna volg 'n vergelykende studie van die posisie van Godsdiensonderrig op skool en die situasie van die an=dersdenkende in Nederland en Engeland.

1.5.5 Opnames by enkele skole deur middel van persoonlike onderhoude met skoolhoofde is uitgevoer met die oog op die verkryging van belangrike inligting in verband met die praktiese situasie insake Godsdiensonderrig in die onderwys.

1.5.6 Opnames is by 'n universiteit en onderwyskollege uitge=voer met die oog op die verkryging van inligting wat met die opleiding van onderwysers in Transvaal verband hou.

## 1.6 AFBAKENING VAN ONDERSOEKTERREIN EN BEGRIPSOMSKRYWING.

Die titel van hierdie ondersoek is: Knelpunte rondom Gods= diensonderrigaangeleenthede in Transvaalse skole - prinsipieel gesien. Daaruit blyk dat die volgende sleutelterme is: knel= punte, Godsdiensonderrig en godsdiensaangeleenthede. Die volgende terme word bykomend omskryf om sodoende die onder= soekterrein noukeuriger af te baken: Transvaalse, Afrikaanse, blanke, sekondêre, skool(e).

1.6.1 Knelpunt: Dit is 'n toestand wat in die onderwys ont= staan wat die reëlmatige voortgang van die onderrig belemmer of verhinder. 'n Knelpunt is 'n probleem wat as gevolg van een of meer faktore ontstaan, en dan 'n stremmende uitwerking op beide die onderwyser en kind het.

1.6.2 Godsdiensonderrig: Dié term kan soos volg ontleed word om die betekenis daarvan na vore te bring:

*God* - hier word verwys na die Enige Ware God van die Skrifte, dit wil sê die God van Abraham, Isak en Jakob soos wat Hy Hom in die Bybel openbaar;

*diens* - verering of aanbidding;

*onderrig* - kennis wat op skool of in ander soortgelyke inrigtings aan leerlinge oorgedra word.

Godsdiensonderrig is dus daardie oordrag van kennis na

die kind op skool om hom tot die ware diens aan die Een-Enige God van die Skrifte te bring. Om die kind tot so 'n ware diens te bring, moet hy ten eerste 'n gewisse of sekere kennis van God besit, en ten tweede moet hierdie kennis oorgaan tot 'n vaste vertroue in die God van die Skrifte.

1.6.3 -aangeleenthede: Daar word in hierdie ondersoek nie net gelet op die formele onderrig wat die kind in die skool tydens die Godsdiensonderrigperiodes ontvang nie, maar ook op aangeleenthede rondom allerlei godsdienstige plegtighede op skool, soos byvoorbeeld die opening van die skool in die saal en/of in die klas elke dag.

1.6.4 Transvaalse: Hiermee word bedoel die provinsie Transvaal as geografiese onderdeel van die Republiek van Suid-Afrika. Vir die doel van hierdie studie word slegs die Transvaal as ondersoekgebied uitgesonder. (Dit is bes moontlik so dat hierdie knelpunte nie net in Transvaal nie, maar in die hele Suid-Afrika kan en sal voorkom. Navorsing oor die situasie in die ander provinsies is noodsaaklik.)

1.6.5 Afrikaanse: Die studie is beperk tot Afrikaanse skole in die betrokke provinsie.

1.6.6 Sekondêre: In die ondersoek is hoofsaaklik gekonsentreer op sekondêre skole, dit wil sê hoërskole. (Verwysing na die primêre skole vind egter by geleentheid plaas.)

1.6.7 Skool(e): Hiermee word bedoel 'n inrigting waar onder= wys gegee word. Skole kan onder beheer van die staat en/of provinsiale administrasie staan óf deur die een of ander privaatorganisasie beheer word.

1.6.8 Prinsipieel: In hierdie navorsing word uitgegaan van 'n bepaalde grondbeginsel of 'n stelreël wat die mens se gedrag bepaal. In hierdie geval is dit die Lig van die Skrif as die Woord van God.

1.6.9 Blanke: Hiermee bedoelende iemand met 'n blanke vel. Witmens.

## 1.7 INDELING VAN VERHANDELING IN HOOFSTUKKE

Hierdie verhandeling is die verslag van navorsing wat oor die probleem in paragraaf 1.2.2 gestel, uitgevoer is. Die verslag word in die volgende vorm aangebied:

Hoofstuk 1 Probleem- en taakstelling

Hoofstuk 2 'n Skrifgefundeerde prinsipiële standpunt oor die posisie van Godsdiensonderrig op skool en oor die houding teenoor andersdenkendes

Hoofstuk 3 'n Historiese ondersoek na die faktore wat aanlei= ding gegee het tot Wet 39 van 1967 asook Ordonnan= sie 29 van 1953 van Transvaal

Hoofstuk 4 'n Nadere ontleding van wetgewing en van die pro= vinsiale ordonnansie (en dies meer) wat van toe= passing is op Godsdiensonderrig in Transvaal, met die oog op die identifisering van sommige knel= punte wat daaruit ontstaan

Hoofstuk 5 Godsdiensonderrig in skole, en die posisie van andersgesindes in twee ander lande

Hoofstuk 6 Samevatting van knelpunte wat rondom die aanbie= ding van Godsdiensonderrig op skool geïdentifiseer is. Aanbevelings. Samevatting en "abstract".

## 1.8 SAMEVATTEND

Die teenwoordigheid van kinders in die openbare staatskool wat 'n verskeidenheid godsdienste en gelowe aanhang en huldig, lei daartoe dat die skoolonderrig in die algemeen, en Godsdiens= onderrig in die besonder, neutraal en dogmaloos moet plaasvind. Dit lei tot knelpunte en ongemaklikhede deurdat Christenouers (byvoorbeeld) beswaar maak teen sulke neutrale onderwys en deurdat die andersdenkende aan die anderkant dalk daardeur ge= indoktrineer kan word.

Die aangewese oplossing skyn religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys te wees: elke kind sal dan die soort onderrig kan ontvang wat strook met dit wat hy aan huis en in die kerk ontvang. In die hieropvolgende hoofstukke sal nou 'n breër uiteensetting en agtergrond van die probleem gegee word, maar alvorens dit gedoen kan word, moet die posi= sie van Godsdiensonderrig op skool asook die houding teenoor andersdenkendes vanuit die Christelik-antropologiese beginsel beskou word. Dit word nou in hoofstuk 2 gedoen.

# HOOFSTUK 2

## 'N SKRIFGEFUNDEERDE PRINSIPIëLE STANDPUNT OOR DIE POSISIE VAN GODSDIENSONDERRIG OP SKOOL EN OOR DIE HOUDING TEENOOR ANDERSDENKENDES

### 2.1 INLEIDEND

In hierdie hoofstuk sal daar gepoog word om 'n Skrifgefundeerde prinsipiële standpunt oor die posisie van Godsdiensonderrig in skole te gee. Hierin sal ook aangetoon word wat die eise en taak van die ouer, kerk en skool ten opsigte van die kind se Godsdiensonderrig onderskeidelik is. Ook sal daar prinsipieel gelet word op die Calvinistiese houding teenoor andersdenkendes ten opsigte van Godsdiensonderrig op skool. Met "andersdenkendes" word bedoel persone wat nie die Christelik-Calvinistiese leer onderskryf nie. Dié houding of gesindheid teenoor andersdenkendes sal op grond van 'n Skrifgefundeerde mensbeskouing verantwoord word.

### 2.2 'N SKRIFGEFUNDEERDE PRINSIPIëLE STANDPUNT OOR DIE PLEK VAN GODSDIENSONDERRIG OP SKOOL

Die vraag oor watter posisie of status Godsdiensonderrig op skool moet beklee, word beantwoord in Wet 39 van 1967 en Goewermentskennisgewing no. R. 2029 van 1971. Hiervolgens móét die onderwys in staatskole Christelik wees en word die posisie van Godsdiensonderrig aldaar deur die Wet verskans. Goewermentskennisgewing no. R. 2029 bepaal naamlik: "Die onderwys in skole wat deur 'n staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en

beheer word, moet 'n Christelike karakter hê wat op die Bybel gegrondves is en wat daarin beslag moet kry -

a) deur Godsdiensonderrig as verpligte nie-eksamenvak behou= dens paragraaf 3 ...;" (Staatskoerant, 12 November 1971).

Die vraag ontstaan wie se taak dit dan is om Godsdiensonderrig aan te bied. Daar sal dus vervolgens op die taak van die ouer, kerk en skool ten opsigte van Godsdiensonderrig gelet word.

## 2.3 DIE TAAK VAN DIE OUER TEN OPSIGTE VAN DIE KIND SE ONDERRIG MET SPESIALE VERWYSING NA SY GODS= DIENSONDERRIG

Eloff (s.j., p.2) sê dat die opvoedende onderrig in die gesin/ huis begin en dat alle ander onderwys later hierop gebou word. Kyk 'n mens na die Woord van God, vind jy onder andere die volgende: "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daar= oor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan" (Deuteronomium 6:6-7).

Die "ouerhuis" het sy oorsprong in die skepping waar die vrou as hulp vir die man geskape is. "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees" (Genesis 2:24). Gesien in opvoedingsverband is die vol= maakte gesin saamgestel uit man, vrou en kind(ers). Hierdie is 'n onverbreekbare verbintenis wat deur God ingestel is, al= dus Coetzee (1940, p.42).

Malan (1968, p.33) sê gevolglik dat ouerskap verantwoordelik= heid op die skouers van die ouer plaas en hierdie verantwoor=

delikheid behels "antwoord gee aan God", ten opsigte van die eise van sy ouerskap.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1970, p.17) stel dit dui=delik: "Die noodsaaklikheid van Christelike opvoeding vloei voort uit die opdrag van God soos dit spreek uit sy Genadever=bond met die mens. Die Genadeverbond staan midde in die son=de en daarom is Christelike opvoeding noodsaaklik as gevolg van die sondeval".

Die ouer word dus opgeroep om die kind in gesinsverband te on=derrig aangaande die Woord van die Here. (Vergelyk Psalm 78: 3-4 : "Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die HERE en sy mag en wonders wat Hy gedoen het". Vergelyk ook Deuteronomium 4:9: "Neem jou net in ag en wees terdeë op jou hoede, dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie, en dat hulle uit jou hart nie wyk al die dae van jou lewe nie; en jy moet dit aan jou kinders en kindskinders bekend maak". Hierdie is weer eens 'n duidelike opdrag van God aan die ouers om hulle kinders aangaande Hom in die verbond te onderrig.)

Die "onderrig" waarvan in Deuteronomium melding gemaak word, lig 'n mens in oor die eindbestemming van die kind (mens) se op=voeding, naamlik dat die ouer as instrument in die hande van God die kind moet lei daartoe om God lief te hê asook sy naas=te, aldus Maree (1975, p.23), dit wil sê, die vervulling van die Wet van God.

Uit die Tien Gebooie, waar God beveel: "Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word ...", blyk dit dat die

ouer gesag oor die kind het. Die ouer en die gesin is die eerste instansies wat deur God in die opvoeding van die kind betrek word. Die godsdiensopvoeding van die kind is die ouers se onvervreembare plig en hulle kan nooit deur die kerk óf enige ander instansie vervang word nie (Nederduitse Gerefor= meerde Kerk, 1970, p.5).

Verder word die ouer by die verbondsonderrig as godsdiensop= voeding deur die aflegging van die doopbelofte betrek deurdat hy onderneem om sy kind "... in hierdie leer te onderrig en te laat onderrig" (Ibid). Coetzee (1940, p.43) sê: "Die huis= like opvoeding is die begin en die grondslag van alle ware op= voeding van die kind". Dit blyk voorts dat die "onderrig" waarvan gepraat word 'n duidelike omlynbare begrip is: dit is die Calvinistiese ouer se plig om die kind in te lei <u>in die Calvinistiese lewensbeskouing</u>, want dit is sy plig om die kind groot te maak tot eer van die kind se Skepper.

Die onderrigbelofte wat die ouer onderneem om na te kom, be= hels dat die ouer die kind, selfs voordat hy tot sy verstand gekom het, en dan verder in sy lewe, sal onderrig, lei en te= regwys (Maree, 1975, p.23). Die aankweking van die godsdiens= sin, die aanleer van Bybelkennis en die inleiding tot die Christelike leer moet in die huis geskied deur die onderrig van die ouer (Ibid, p.44). "Christelike opvoeding en onder= wys is noodsaaklik omdat dit 'n opdrag van God is, soos voort= vloei uit sy Genadeverbond en telkens verseël word deur die doopbelofte" (Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1970, p.17).

Van der Walt (1977, p.220) toon dat die ouer, veral wat die pistiese funksie betref, 'n besondere taak het ten opsigte van

die geloofsopvoeding van sy kind. Die kind se geloof moet op=gebou en versterk word in die onderrig van die waarheid van die Skrif en die leer van die kerk.

Soos reeds aangetoon, sal die inhoud van hierdie onderrig dít wees wat God aan die mens in sy Woord bekend gemaak het, dit wil sê die leer van die Ou en Nuwe Testament en vir die Chris=tenouer saamgevat in die Artikels van die Christelike geloof.

'n Kind is in Christelike kringe van die begin af gesien as beelddraer van God en as verbondskind wat die Lig moet ontvang om hom tot God te laat keer. Die feit dat die ouer met die doopbelofte belowe om sy kind ook te laat onderrig, plaas 'n verdere verpligting op die ouer om toe te sien dat sy kind die regte onderrig buite die ouerhuis ontvang. Indien hy nie daar=toe toesien nie, versaak hy sy doopbelofte.

Die "laat onderrig" geskied veral op twee terreine, naamlik in die kerk en in die skool. Dit is dus die ouer se taak om toe te sien dat: sy kind in die <u>kerk</u> kategetiese onderrig sal ont=vang, veral met die oog op aflegging van belydenis van geloof, en in die <u>skool</u> Godsdiensonderrig sal ontvang wat in ooreen=stemming met sy Christelike belydenis is.

## 2.4 DIE TAAK VAN DIE KERK TEN OPSIGTE VAN DIE KIND SE GODSDIENS- EN VERBONDSONDERRIG

Dreckmeyer (1975, p.124) sê: "Kerklike godsdiensonderrig of kategetiese onderrig is onderrig wat die institutêre kerk aan sy dooplidmate gee". Die kerk is ingestel om die in-sonde-gevalle mens terug te bring na die ware geloof in God. "Die

kerk is dus ingestel vir die voeding en versterking van ons godsdienstige lewe" (Coetzee, 1940, p.45). Die kerk se taak kan ook as 'n opvoedende taak gesien word wat tot uitvoering kom in die opsetlike verbondsonderrig aan die jeug van die kerk. Die kerk moet toesien dat die kind gebring word tot kennis van God, tot sy diens en tot belydenis in die Christe=like geloof (Ibid, p.46).

"Dit is die kerk se plig om Christelike (dit wil sê Bybels=gefundeerde) opvoeding in ooreenstemming met sy interpretasie van Christelikheid te bevorder en daaroor toesig te hou" (Eloff, s.j., p.3). Dit is ook so dat aan die kind 'n voor=beeld voorgehou moet word waarvolgens hy homself kan rig en identifiseer. Hier is dit die kerk se taak om toesig te hou oor die wyse van voorbeeldige lewe (Ibid., p.8).

Volgens Van der Walt (1977, p.210) is dit ook die kerk se taak om die jeug in te lei in die verborgenheid van die ge=loof en die kind te bring van die Doop tot by die gebruik van die Nagmaal.

Coetzee (1940, p.47) stel die volgende as die doel van die kerklike opvoeding: ten eerste om die kind van die gelowige te voed en te versterk in die geloof en hom dus te bring tot kennis en diens van God, en ten tweede om die kind te onderrig in die Christelike leer soos deur die kerk bely. Hierdie on=derwys is dus kategeties. Die kerk kan egter nie anders as om die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring te erken nie; daarom kan en mag die kerk nie inmeng op die gebied van die huis en die skool nie, maar voed hy slegs sy <u>lidmate</u>, wat in die huis en skool opvoedingswerk moet verrig, met dieselfde

kennis, dit wil sê die van die Christelikheid, en verseker so 'n deurlopende lyn van kennis vanaf kerk na huis en skool (Eloff, s.j. p.19).

Dreckmeyer (1975, p.124) toon verder aan dat die kerk 'n tweër=lei doel het, naamlik persoonlike geloofsaanvaarding van die heil in Christus, bekering en heiligmaking van die lidmate en tweedens om die dooplidmaat te lei tot geloofsbelydenis en toe=trede tot die gemeente.

## 2.5 DIE TAAK VAN DIE SKOOL TEN OPSIGTE VAN DIE KIND SE ONDERRIG

Dat sowel die ouer as die kerk 'n plig en taak in die opvoeding van die kind het, blyk hopelik duidelik uit die voorafgaande twee paragrawe. Die probleem ontstaan egter as die ouer sy taak versaak en dit vir die kerk alleen onmoontlik is om die kind se godsdiensonderrig te behartig. Daarom moet die skool ook 'n bydrae lewer om te verhoed dat die kind onberekenbare skade ten opsigte van sy godsdienstige ontwikkeling en opvoe=ding ly.

Waar die kerk die kind wil lei tot geloof, voed die skool die kind op om sy aandeel aan die kultuuropdrag uit te voer (ver=gelyk Génesis 1:28)(Dreckmeyer, 1975, p.125).

Die taak van die skool mag egter net aanvullend wees en dit mag nooit van die skool alleen verwag word om die ouer en kerk se taak in hierdie verband te verrig nie (Gunter, 1967, p.187). Aanvanklik het die ouer self al die nodige kennis en kundig=hede aan sy kind oorgedra, maar die toename en gekompliseerd=

heid van kennis het daartoe gelei dat die ouer nie meer hier=die taak alleen kon verrig nie. Uit hierdie "onvermoë" het dan die onderwyser en later die skool ontstaan waar die nodige kennis en kundighede aan die kind oorgedra kon word (Coetzee, 1940, p.49).

Die ouer sien dus toe dat 'n deel van sy taak, naamlik gespe=sialiseerde kennisoordrag, aan die onderwyser oorgedra word. Alhoewel die skool 'n soewereine instelling is, spreek dit van=self dat die grondslag van die skoolopvoeding dieselfde moet wees as dié van die ouerhuis, in die geval van die Calvinis die grondslag van die Calvinistiese lewensbeskouing. Die eind=doel van hierdie opvoeding moet wees om die kind in die ken=nis en tot eer en diens van God op te voed.

Van der Walt (1977, pp.230-231) benadruk dit dat die kind in die skool opgevoed moet word in ooreenstemming met die geloof van die ouers. Daarom vereis die Christelike huisgesin 'n Christelike skool.

Coetzee (1940, pp.52-53) stel dit duidelik dat die gemelde drie instellings elkeen 'n eie taak het, maar dat die een die ander moet aanvul. Die huislike opvoeding is 'n totale opvoe=ding wat die kerk en die skool as hulp het, die kerk volgens sy taak en die skool volgens syne. Die kerk en skool se op=voeding is dus elk deel-opvoeding, maar het altyd met die hele kind te doen. Omdat dit in die skool hoofsaaklik gaan om die oordraging van kennis, veronderstel dit ook dat die skool 'n bydrae sal lewer ten opsigte van die kind se onderrig in kennis van sy godsdiens.

In ons skole ontvang die kind tans Godsdiensonderrig op primêre en sekondêre vlak. Godsdiensonderrig is daardie onderwys wat die kind in die skool ontvang om tot ware kennis en geloof van God te kom en so diensbaar aan Hom te word.

Die belangrikste leerinhoud in die Calvinistiese skoolcurriculum is dus Godsdiensonderrig terwyl die ander skoolvakke 'n tweede plek moet inneem. Daar moet egter 'n harmonie tussen Godsdiensonderrig en die res van die skoolvakke bestaan (Ibid, p.32). God is die God van die skepping; daarom is Hy die God van die natuur, die syfer, die geskiedenis - die God wat alles beheers. Alles kan slegs vanuit Hom - Oorsprong van alles - verklaar word.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1970, p.22) se standpunt ten opsigte van Godsdiensonderrig is dat kennis onmisbaar is vir die mens se godsdienstige lewe. Die mens het die Bybel nodig, want dit bring Christus en die Woord van God aan die mens. Die Christelike opvoeding sal tot niet gaan indien die Evangeliewaarheid nie aan elke nuwe geslag oorgedra word nie. Dit is duidelik dat onderrig in die inhoud van die Bybel nie die een en die al in die Christelike opvoeding is nie, maar daarsonder sou Christelike opvoeding ook nie moontlik wees nie.

Die eise wat deeglike Godsdiensonderrig aan die skool stel, is hoog. Alvorens daar egter van deeglike Godsdiensonderrig gepraat kan word, moet die posisie wat Godsdiensonderrig op skool beklee, bo alle twyfel reggestel word. Die tydsindeling van twee uur en een uur respektiewelik vir primêre en sekondêre skole is by verre nie genoegsaam indien die onderwyser

werklik sy doel wil bereik nie. Godsdiensonderrig moet 'n sentrale plek inneem in die skool en behoort net so veel tyd tot sy beskikking te hê as enige ander vak (Bingle, 1962, p.6).

Ware Christelike opvoeding is slegs moontlik as dit gebou word op én voortvloei uit die Christelike Godsdiensonderrig; dit geld vir sowel die huis as die skool. Die noodsaaklik= heid van Christelike opvoeding vloei voort uit die opdrag van God soos dit spreek uit sy Genadeverbond met die mens. Die Genadeverbond staan midde in die sonde en dus is Christelike opvoeding 'n noodsaaklikheid. Die kind het die beeld van God in engere sin verloor en hierdie beeld kan slegs deur God herstel word. In hierdie verband kan die Christelike opvoe= ding 'n belangrike rol speel (Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1970, p.17). Met Christelike opvoeding word dan bedoel daar= die onderrig wat die kind aan huis/skool/kerk ontvang wat aan hom die God van die Skrifte bekend maak deur Jesus Christus die Verlosser wat as die tweede Adam die beeld van God kan herstel.

Die Woord van God bepaal dat die opvoeding wat die ouer aan sy kind gee skriftuurlik-godsdienstig van aard moet wees. Die Woord gee die volgende riglyn: "Waarmee sal die jonge= ling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na U Woord" (Psalm 119:9). Godsdiensonderrig behoort dus die belangrikste vak op skool te wees om die kind tot kennis en geloof te bring.

Onder die eis dat Godsdiensonderrig op skool Christelik moet wees, verstaan ons die volgende: Ons glo

- dat God die Skepper van die wêreld en mens is, dat die

mens geskape is om God te dien en daarom moet hy opgevoed word om God asook sy naaste te eer en lief te hê;

- dat die mens in sonde geval het; dus het daar 'n breuk tussen God en mens, mens en mens, en mens en skepping ontstaan. Met die oog hierop moet die onderwys op skool en véral Godsdiensonderrig as teëvoeter vir hierdie breuk dien;
- dat God deur die leer en werke van Jesus Christus voorsiening gemaak het vir die mens se redding deur die versoenende genade en werking van die Heilige Gees;
- dat die Bybel die Woord van God is en in alle sake gesagvol is. Op grond van die Bybel word die mens beveel om God gehoorsaam te wees, die natuur te beheers en te heers oor die skepping tot eer van God, en
- dat, ooreenkomstig God se openbaring, geen mens gedwing behoort te word om in God te glo of om die Bybel as gesagvol te aanvaar nie. Elkeen moet die geleentheid gegun word om vir homself te besluit, daarom moet die geloofsoortuigings van ouers en leerlinge gerespekteer word (Greyling, 1979, pp.3-4).

Coetzee (1940, pp.13-17) sien bogenoemde ook as uitgangspunt van die Calvinistiese opvoeding in die algemeen. Vir hom is die leer wat deur die Calvinistiese lewensbeskouing gehandhaaf word aangaande die kind die volgende:

- Dit gaan in die eerste plek uit van die grondfeit van die skepping van die mens deur God en daaruit voortvloeiende die verwerping van die evolusie van die mens buite die skeppingsdaad van God en die opdrag van God aan die mens om te heers oor die skepping;
- verder leer die Heilige Skrif ons van die ontsettende werk=

likheid van die sonde waardeur die beeld van God verduister is en waarmee deeglik rekening gehou moet word in die op=voeding;

- as gevolg van die sonde neem die soenoffer van Christus 'n belangrike plek in die Calvinistiese opvoeding in.

Die belangrikheid van God se Woord en Godsdiensonderrig word onverbeterlik deur Van Wyk (1976, p.280) opgesom:

"In no (school) subject can one do without the revealing light of Scripture: it reveals to us the true character, purpose and aim of everything. Not only Religious Instruction, but indeed all subjects are concerned with the religious convic=tions of one's heart. The fall of man was a total act; the call to take up arms against evil is equally so. Christian education is working for the advent and proclamation of the Kingdom of God".

Vir die Christenopvoeder moet Godsdiensonderrig (dus, soos uiteraard alle onderwys) Christelik wees. "Neutrale" Gods=diensonderrig (byvoorbeeld sogenaamde Religious Studies of Comparative Religion) kan en mag nie geduld word nie, want sulke vakke kom neer op verraad van die ware geloof. Daar moet gevolglik te alle tye gepoog word om Godsdiensonderrig in lyn met die Christelike belydenis aan te bied.

Volgens syfers (die 1970-sensus) is 93,8 persent[1] van alle Blankes in Suid-Afrika Christene (Suid-Afrika, 1976, p.109) en daarom is Christelike opvoeding eis in Suid-Afrika.

---

1) Formeel kan 'n mens seker op sulke syfers reken. Die persentasie werklike en ware Christene in die RSA is bepaald aanmerklik laer.
Uit die sensusopname van 1970 blyk die volgende ten opsigte van kerklidmaatskap en godsdiens:
Kerklidmaatskap onder blankes was soos volg versprei:

| | |
|---|---|
| Nederduitse Gereformeerde kerk ... | 1 487 080 |
| Gereformeerde kerk ............... | 113 620 |
| Nederduits Hervormde kerk ........ | 224 400 |
| Anglikaanse kerk ................. | 399 950 |
| Presbiteriaanse kerk ............. | 117 250 |
| Congregational kerk .............. | 19 640 |
| Metodiste kerk ................... | 357 410 |
| Lutherse kerk .................... | 40 620 |
| Roomse Katolieke kerk ............ | 304 840 |
| Ander Christene .................. | 431 990 |
| Joods, Hebreeus .................. | 117 990 |
| Islam ............................ | 430 |
| Hindo ............................ | 120 |
| Ander/geen ....................... | 111 200 |
| TOTAAL ........................... | 3 726 540 |

(Suid-Afrika, 1976, p.110).

Dit blyk dus dat uit 'n totale blanke bevolking van 3 726 540 3 496 800 Christene was. Of anders gestel, 93,8 persent van alle blankes was in 1970 Christene. Nie-Christene het bestaan uit Jode (3,1 persent) en ander/onaangedui (3,0 persent). Die oorgrote meerderheid Blankes is dus Christene terwyl die andersdenkendes slegs 'n klein persentasie van die bevolking beslaan.

"Deur die Skriftuurlike Godsdiensonderwys in die skool moet die kind vir God op so 'n wyse leer ken dat hy ook in die ander vak= ke sal aandring op die aanwesigheid van God indien Hy daar af= wesig mag wees" (Claassen, 1972, pp.6-7). Landman (1979, p.3) sê dat die Christenonderwyser in die wete dat hy deur God aan= gespreek word, bewus is van sy Goddelike opdrag om op te voed en "self arbei hy saam met sy leerlinge aan die Christelik-verantwoorde vakonderrig".

Die invloed wat die skoollewe op 'n kind het, is moeilik te oor= skat. Daarom is dit so dat 'n neutrale onderwysstelsel nie daarop gemik kan wees om die kind in 'n Christelike lewenswyse in te lei nie. Godsdiensonderrig op sigself is slegs die be= gin as dit kom by die vorming van die kind. Om bloot van die onderwyser te verwag om met "... woord en daad die voorbeeld vir die bevordering van die hoogste sedelike standaarde" te stel (SAOR, p.22) is nie genoegsaam of voldoende nie.

Dit is noodsaaklik dat die hele skoollewe die Christelike le= wenswyse sal uitstraal. So moet die Christelike onderwyser in alles wat hy doen, die norme en waardes van die Christelikheid uitleef. Alleen dan kan daar van Christelike onderwys gepraat word. Dit is maklik om 'n blote etiket van Christelikheid om die onderwyser en/of skool te hang, maar dít kan alleen waar= lik verwesenlik word as die onderwyser werklik 'n Christen is en die kind kan lei om sy voorbeeld na te streef.

## 2.6 DIE CALVINIS SE HOUDING TEENOOR DIE ANDERSDENKENDE — PRINSIPIEEL GESIEN

### 2.6.1 Die probleem

In Suid-Afrika word die geloofsoortuigings van die individu eerbiedig en beskerm, en wel in bepalings van die volgende wette en ordonnansie: Wet 39 van 1967, Goewermentskennisge= wing no. R. 2029 van 1971 en Ordonnansie 29 van 1953. ('n Volledige bespreking van genoemde wette volg in hoofstuk 4).

Dit is seker in enige demokratiese land so dat die individu se regte gerespekteer moet word, maar dit moet nie geskied ten koste van die gewete en die plig wat ons het teenoor God en die meerderheid van die Blanke inwoners van die Republiek nie. Eerbiediging van die regte van die kerk deur die staat is ook wetlik vasgelê en die individu geniet die reg van vryheid van aanbidding (godsdiens), spraak en byeenkoms (Mathews, 1971, p.27). Die beginsel van soewereine kringe lei tot 'n "vrye" kerk, gesin, ensovoorts, elk met 'n eie bevoegdheidsfeer, soe= werein in eie kring.

Die wet erken dus die gelykwaardigheid van alle mense, maar terselfdertyd ontken dit die ongelykheid van elke mens. Alle mense is onses insiens gelykwaardig voor God, maar is nie ge= lýk nie, bloot net as gevolg van 'n ander hartsgegrepenheid, kultuur en agtergrond.

Om dus die Calvinis se houding teenoor die andersdenkende te bepaal, moet daar kortliks terugverwys word na die Christelike

mensbeskouing soos uiteengesit in die volgende paragrawe.

### 2.6.2 Christelike mensbeskouing

#### 2.6.2.1 Oriëntering

Om 'n ware antropologie tot stand te bring wat die lig van die Skrif sal verduur, moet dit gedoen word aan die hand van die Woord van God, want Hy is die Singewer in die lewe (Schoeman, 1975, p.74).

Dit is goed om daarop te let dat, as daar van 'n Christelike antropologie gepraat word, 'n mens moet teruggaan na die skep=ping van die mens, want daar is die mens goed geskape na Gods beeld maar deur die sondeval het die mens bedorwe geraak (Landman, 1972, p.101). Waar die mens dus voor die sondeval anastaties gerig was, is hy nou apostaties geneig en dit moet die opvoeder gedurig voor oë hou. In 'n beskouing oor die mens moet daar veral op twee dinge gelet word, naamlik die verhou=ding van die mens tot God, en die van mens tot medemens.

#### 2.6.2.2 Die mens as 'n religieuse wese

Van der Walt (1977, p.39) gee 'n omskrywing van die begrip re=ligie, naamlik dat dit dui op die "terugbinding van die hart van die mens" aan sy Oorsprong/oorsprong. Hier dui "Oorsprong" op God en "oorsprong" op 'n gewaande god. Reeds is aangetoon dat die mens na die sondeval apostaties geneig is, dit wil sê "gerig weg van God af". As daar egter van God se kant ingry=ping kom, naamlik deur die werking van die Heilige Gees, word daar weer beslag gelê op die mens se hart en is die mens se

hart weer gerig op God.

God skep die mens as wese om Hom te dien, te eer en te loof, en ook by die herskepping tree God, en nie die mens nie, op die voorgrond. Heyns (1974, p.81) sê dat dit God is wat die inisiatief neem en in 'n verhouding met die mens tree.

Dit blyk dus baie duidelik dat die mens anders is as die res van God se skepping; dit blyk reeds by die skepping waar die mens na die beeld van God geskape is in ware kennis, geregtig=heid en heiligheid.

Die in-sonde-gevalle mens is gedurig op soek. Hy is onrustig en soek na vastigheid en hierdie vastigheid is alleen te vin=de in sy Oorsprong (Van der Walt, 1977, p.41). Dit is in hierdie lig wat Schoeman (1975, p.113) die godgegewe taak van die Christenopvoeder sien om die opvoedeling te lei tot 'n grype na God.

Juis as gevolg van hierdie terugbinding van die afvallige kind deur die opvoeder aan sy religieuse wortel, bring Van der Walt (Ibid, p.132) tot die gevolgtrekking dat alle onder=wysers in die Christelike skool Christene moet wees.

Dat die religieuse ontsluiting van die mens een van die be=langrikste take van die ouer/onderwyser is, val nie te betwy=fel nie. Schoeman (1975, p.114) sê die ontsluiting van die pistiese funksie van die kind beteken dat hy sy hele lewe gewilliglik onder Gods wette en norme plaas en sodoende waar=lik vry word. Opvoeding is egter genadewerk en die opvoeder is 'n gewillige instrument van die Heilige Gees om sowel die

kind se hart as die verdorwe werklikheid waarmee hy in aanra=king kom op God te rig (Dekker, 1980, p.17).

As die mens (kind) werklik "gegryp" is deur God, kan en sal die mens ware beelddraer van God wees en so sy doel hier op aarde kan volvoer, naamlik om deur woord en daad God te eer en te verheerlik.

Gesien dat die mens òf 'n apostatiese òf anastatiese wese is en ook in sy hartsgegrepenheid kan verskil, dui daarop dat daar in die onderwys voorsiening gemaak moet word vir die kind wat religieus "anders" is, dit wil sê die persoon wat hom nie geroepe voel deur die <u>ware</u> God van die <u>Skrifte</u> nie.

2.6.2.3 <u>Die mens as modale wese</u>

Van der Walt (1977, pp.136-138) gee 'n uiteensetting van die mens as modaalbepaalde wese. Daarvolgens word die mens na sy liggaam in vier strukture verdeel, naamlik die fisies-chemie=se struktuur, die biotiese struktuur, die psigiese struktuur en die die normatiewe handelingstruktuur. Eersgenoemde drie staan ten dienste van die normatiewe struktuur en dié staan weer onder leiding van die pistiese.

Die pistiese modaliteit as die mees gekompliseerde modale funksie van die mens vind, soos ook die ander funksies, sy oorsprong in die hart van die mens. Dit is die taak van die opvoeding om die hart van die mens religieus te rig op God in die geloof of pistiese (Van der Westhuizen, 1974, p.18).
Voor daar egter geloof in God kan ontstaan, moet daar eers kennis wees. Die mens moet dus kennis van sy Oorsprong/oor=

sprong hê en hierdie kennis moet in die hart of religieuse sentrum van die mens bestaan (Schoeman, 1975, p.12).

Godskennis veronderstel op sy beurt openbaringskennis. Vol=gens Heyns (1978, p.52) moet God Hom in sy openbaring bekend maak en dit geskied deur die "kreatuur" sowel as die "Skrif=tuur".

Heyns (1974, pp.126-127) praat van strukture wat die mens lei. Primêre strukture is byvoorbeeld die huwelik, gesin, volk, wet, staat en kerk terwyl sekondêre strukture byvoorbeeld die we=tenskap, kuns en tegniek is. Nou is dit so dat die mens of enkeling vanweë die ingewikkeldheid van die lewe nie alleen alle aspekte kan behartig nie. Dit is egter so beskik dat die mens opgeneem is in bepaalde institute en strukture waar=deur hy gelei en bestuur word. Dit moet gesien word as die konkrete wyse waarop God vir die mens sorg.

Die implikasies van die modaalbepaaldheid van die mens vir die opvoeding is dus dat die hele aktstruktuur van die mens ontsluit moet word.

Dekker (1980, p.67) konkludeer dat, aangesien die pistiese of geloofsfunksie die hoogste modaliteit van die mens is, dit as die mens se leidende funksie optree. As hierdie funksie egter glad nie of nie ten volle ontsluit word nie, sal 'n ander moda=liteit die leidende funksie oorneem wat sal lei tot wanont=sluiting van al die funksies. Dit is dus die Christenopvoeder se plig om deur die genade van God die mens (kind) se aktstruk=tuur te ontsluit in Godsgehoorsaamheid.

#### 2.6.2.4 Die mens as individuele wese

Elke mens is 'n unieke wese wat onvergelykbaar is met enige ander wese. Geen persoon is dieselfde as 'n ander persoon nie. Hierdie beskouing is Bybels verantwoordbaar aangesien die mens anders as die dier is, met 'n siel/gees geskape is deur God. Van der Walt (1977, p.133) toon dat die sogenaamde "deursnee" of "algemene" mens slegs 'n mite is.

Net so is dit dan in die onderwys dat elke kind in elke klas "anders" is as sy maats en dienooreenkomstig behandel moet word. Van der Walt (Ibid, p.135) sê dat die kind 'n unieke en onherhaalbare persoonlikheid het en dat hierdie faktor in 'n groot mate die opvoedingshandeling bepaal.

Deur die sondeval van die eerste mens het daar nie alleen skeiding tussen God en mens gekom nie, maar ook tussen mens en mens deurdat die een tot God gerig is terwyl die ander een weg van God beweeg.

In die mens se soeke na God (Godsdiens) is dit ook so dat elke mens op sy eie wyse (dikwels nie die regte wyse nie) sal op= tree en gerespekteer moet word. Preller (1978, pp.67-68) sê dat elke kind uniek is met sy eie aanleg, belangstelling en vermoë, daarom moet die ouer en onderwyser elke kind as unieke wese benader om hom so tot volle ontplooiing op 'n Godwelge= vallige wyse te bring. Daar moet volgens hom in die onderwys gedifferensieer word om hierdie ideaal te bereik. Dit skyn dus of religieuse en lewensbeskoulike differensiasie ten op= sigte van Godsdiensonderrig op skool op grond hiervan 'n ver= eiste is.

2.6.2.5 Die mens as tydse wese

Menswees is nie iets permanent nie; daar kom 'n einde ook hier= aan, want die mens is 'n eindige wese wie se lewe tussen sy ge= boorte en dood afspeel (Heyns, 1974, p.168). Daar moet egter onthou word dat alhoewel die mens tydgebonde is, hy 'n onsterf= like siel het. Dit bepaal basies die onderskeid tussen mens en dier. Van der Walt (1977, p.142) toon dat die mens onder= worpe is aan tyd alhoewel hy nie tydelik is nie, want as die mens sterf, verwissel hy die verganglike met die onverganklike.

In die opvoeding moet die tydsheid van die mens gesien word in die lig van die straf op die sonde. In Génesis 2:17 word daar duidelik gesê dat as die mens die "proefgebod" ȍortree, hy sal sterf. Hierdie sterwe of dood kan in drieërlei onder= skei word, naamlik die geestelike, liggaamlike en ewige dood. Eersgenoemde is volgens Heyns (1978, p.198) wanneer die mens geen gemeenskap met God meer het nie. Die mens is dus gees= telik 'n "lyk". Die liggaamlike dood is dié dood wanneer die mens die tydelike met die ewige verwissel, terwyl die ewige dood dan die tweede dood is wat die mens sterf as hy nie in Christus gesterwe het nie; dan is hy vir ewig uitgesluit van die gemeenskap met God (Ibid, p.199).

Gesien in die lig hiervan moet die opvoeding en veral Gods= diensonderrig ten doel hê om die kind as tydse wese gereed te kry vir die ewige lewe wat vir hom, persoonlik, as enkeling, wag.

## 2.7 'N PRINSIPIËLE ANTWOORD

Gegrond op hierdie Christelike mensbeskouing kan daar dus, wat betref die plek van Godsdiensonderrig in die skool, 'n standpunt ten opsigte van die andersdenkende ingeneem word.

Mense verskil (wesenlik en grondliggend) ten opsigte van hulle hartsgegrepenheid en uniekheid van mekaar, en juis daarmee moet rekening gehou word in die Godsdiensonderrigklas. Die Christenkind moet gebring (teruggebind) word aan sy Skepper, en hierdie terugbinding kan slegs deur die Christenonderwyser in 'n Christelike skool gedoen word.

As die onderwys dus "neutraal" moet wees om op dié wyse die andersdenkende óók te akkommodeer, lei dit tot afwatering van die Christenkind se godsdiensopvoeding en tot sy gevolglike benadeling.

Om aan 'n kind onderrig te gee wat vreemd is aan dit wat hy by die huis ontvang, is opvoedkundig onverantwoordbaar, en daarom moet die andersdenkende, as hy dit verkies, gebruik maak van Ordonnansie 29 van 1953, en sy kind onttrek aan die skool se Godsdiensonderrig sodat die Christenkind se opvoeding tot sy reg kan kom.

Die andersdenkende kan ook, as hy nie bevredig word deur die staatskool nie, oorgaan tot die stigting van sy eie skole, soos wat reeds die geval met Rooms-Katolieke privaatskole is.

Omdat die totale blanke bevolking van Suid-Afrika op grond van die jongste sensusopname (1970) uit 93,8 persent Chris=

tene bestaan, moet daarop aangedring word dat die onderwys in Suid-Afrika in die breë Christelik van aard moet wees. Hier= die bepaling is derhalwe inderdaad gestipuleer deur Wet 39 van 1967 - dat "... die onderwys in skole ..., 'n Christelike ka= rakter moet hê, ..." Die minderheid andersdenkendes kan ge= bruik maak van die gewetensklousule deur vrystelling vir hulle kinders van Godsdiensonderrig te verkry en/of hulle kan hulle eie skole stig.

Die alternatief, naamlik om die onderwys en veral Godsdienson= derrig af te water tot 'n neutrale onderrig, is vreemd aan die vak en werk verwarring in die gemoed van die kind in die hand (Stone, 1972, p.65). Dit is egter vandag in 'n hoë mate die posisie in ons blanke skole, 'n posisie wat daartoe lei dat die vak Godsdiensonderrig op skool nie tot sy volle reg kan kom nie.

Dit staan andersdenkendes vry om die Christelike staatskool te besoek, selfs vrystelling van Godsdiensonderrig te verkry, of om hulle eie skool/skole te stig, maar dit is die verste wat hy tegemoet gekom kan word. "Verraad" teen die Christe= like geloof in die skool kan en mag nie geduld word nie.

Daar bestaan nog 'n verdere moontlikheid wat beslis oorweging verdien, en dit kom neer op 'n wysiging van Wet 39 van 1967, sodat die bepaling dat die onderwys in die staatskole in Suid-Afrika Christelik moet wees, in sy geheel sal verval. Daarmee word die weg dan vir die toepassing van religieuse, godsdien= stige en lewensbeskoulike differensiasie selfs in die staat= skoolstelsel geopen. Dit sal ook die weg vir die stelsel wat as 'n "staatsondersteunde ouerskoolstelsel" getipeer kan word,

berei. (Vergelyk ook paragraaf 6.5.2.1).

2.8 KNELPUNTE WAT TOT DUSVER RONDOM DIE AANBIEDING VAN GODS=DIENSONDERRIG OP SKOOL GEÏDENTIFISEER IS

2.8.1 Ordonnansie 29 van 1953 (klousules 3 en 4) bepaal dat geen dogma in Godsdiensonderrig verkondig mag word nie, terwyl Wet 39 van 1967 sê dat alle blanke onderwys Christelik moet wees. Watter een van die twee botsende bepalings moet nagekom word?

2.8.2 As die leer wat die kind in die skool onderrig word van dié van sy ouerhuis en kerk verskil, werk dit verwar=ring in die gemoed van die kind in die hand.

2.8.3 Wet 39 van 1967 erken die gelykwaardigheid van alle men=se maar ontken terselfdertyd die ongelykheid van elke mens.

2.9 SAMEVATTEND

Aangesien die skool 'n belangrike rol in die godsdienstige ont=wikkeling van die kind kan en moet speel, is dit noodsaaklik dat die vak Godsdiensonderrig op skool tot sy reg moet kom. Kortom, Godsdiensonderrig behoort, wat plek en tydsindeling betref, net so 'n prominente plek te beklee as enige ander vak op skool. Slegs dan sal die vak tot sy reg kom.

Alvorens dit egter kan gebeur, moet die posisie van die anders=denkende in heroorweging geneem word. Die verskansing van die andersdenkende se regte in die skool lei tot 'n verwatering van

Godsdiensonderrig as vak en dit kan slegs tot nadeel van die Christenkind strek. Die reg van die individu om sy kind aan Godsdiensonderrig te onttrek of sy eie skole te stig, is in die huidige bestel voldoende waarborg van sy godsdiensvryheid. 'n Neutrale Godsdiensonderrig in skole hoort nie tuis by 'n volk wat bely dat hy die totalitêre Oppergesag van God erken nie. Om die meerderheid ten koste van die minderheid te na te kom in 'n saak soos Godsdiensonderrig op skool, kan nie geduld word nie.

Hieropvolgend moet daar nou verder vasgestel word hoe en waar hierdie verskansing van die andersdenkende se regte asook die verwatering van Godsdiensonderrig, vandaan kom. Daar sal veral gelet word op die ontstaan van Ordonnansie 29 van 1953 asook Wet 39 van 1967.

HOOFSTUK 3

# 'N HISTORIESE ONDERSOEK NA DIE FAKTORE WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT WET 39/67 ASOOK ORDONNANSIE 29 VAN 1953 VAN TRANSVAAL

## 3.1 INLEIDEND

In hierdie hoofstuk word daar ondersoek ingestel na die fakto= re wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van Wet 39 van 1967 en Ordonnansie 29 van 1953 van Transvaal. Daar word ver= al gelet op die optrede van persone en op wette wat 'n invloed gehad het op Godsdiensonderrig op skool in die aanvangsjare aan die Kaap en dan lateraan, en meer spesifiek, in die Trans= vaal.

In hierdie hoofstuk word gepoog om aan te toon dat die status van hierdie vak op skool as barometer kan dien vir die aard van die lewensopvatting van die wetgewers en die onderwysbe= planners. Dit is belangrik om daarop te let dat die geskiede= nis van die vak Godsdiensonderrig op skool in bepaalde fases of periodes ingedeel kan word. Uit die behandeling van elke periode sal dit blyk dat daar deurgaans 'n "stryd" is tussen die liberale-apostatiese element, of te wel diegene wat 'n neu= trale dogmalose Godsdiensonderrig voorstaan, byvoorbeeld die Engelse magshebbers, en die konserwatiewe-anastatiese element, naamlik diegene wat 'n ware Christelike Godsdiensonderrig voor= staan, byvoorbeeld die C N O - voorstanders.

Met hierdie historiese oorsig word beoog om aan te toon dat daar vanaf die volksplanting aan die Kaap sekere knelpunte

ten opsigte van die aanbieding van Godsdiensonderrig was. Daarna sal die vraag of wetgewing noodsaaklik is om die aan=bieding van Godsdiensonderrig in skole te reël, beantwoord word.

Hierdie historiese oorsig strek tot en met die promulgering van die Smutswet in 1907. Die invloed van hierdie wet word breedvoerig aangetoon aangesien Godsdiensonderrig tot en met 1953 hoofsaaklik daardeur gereël en bepaal is.

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n oorsig van die geskiede=nis van Godsdiensonderrig op skool te gee met aandag aan die gepaardgaande knelpunte rondom die aanbieding van die vak. Hierdie oorsig dien dus slegs as 'n agtergrondskets vir die probleem. Aangesien hierdie studie handel oor enkele knel=punte rondom Godsdiensonderrig op skool en veral oor dié wat ontstaan as gevolg van die toepassing van Ordonnansie 29 van 1953 en Wet 39 van 1967, sal dit ook nodig wees om 'n breedvoe=riger uiteensetting van laasgenoemde wet en ordonnansie te gee. So 'n uiteensetting volg in hoofstuk 4.

Daar word telkens verwys na Wet 39 van 1967 en Ordonnansie 29 van 1953. Aangesien die Wet die stand van onderwys en veral Godsdiensonderrig in Suid-Afrika bepaal, is dit belangrik om te kyk watter invloed die vroeëre geskiedenis daarop kon ge=had het. Ook wat Artikel 29 van 1953 betref, wat Godsdiens=onderrig in Transvaalse skole rig, is dit belangrik om te sien dat vroeëre wetgewing 'n groot bydrae tot die totstandkoming van hierdie Ordonnansie gehad het.

In hoofstuk 4 sal ook die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 32

van 1961), Goewermentskennisgewing no. R. 2029 van 1971 asook die Credo van die Suid-Afrikaanse Onderwysraad, met die oog hierop ondersoek word.

## 3.2 'N KORT OORSIG VAN DIE ONDERWYS AAN DIE KAAP VANAF 1652-1838 EN DAARNA MEER SPESIFIEK IN TRANSVAAL TOT 1906 MET BESONDERE KLEM OP GODSDIENSONDERRIG AS VAK EN DIE KNELPUNTE RONDOM DIE AANBIEDING DAARVAN OP SKOOL

### 3.2.1 Die tydperk 1652-1795

In 1652 het Jan van Riebeeck 'n handelspos aan die Kaap gestig. Die eerste blanke nedersetters was Nederlanders en hulle het ook die Protestants-Christelike geloof hier gevestig en laat gedy. Die invloed van die Hervorming was in daardie tyd nog sterk op die voorgrond en ons vind dat die nedersetters oorwegend Calvinisties-Protestants was.

Dit was die ideaal van die Calvinistiese hervormers om 'n Gereformeerde staatskool in die lewe te roep en so 'n skool is gevolglik in 1852 alhier gevestig. Opvoeding en onderwys moes uitgaan van die huis maar die staat en kerk moes daarby betrek word. Hierdie siening is reeds met die Sinode van Dordrecht in 1618-1619 geformuleer (Coetzee, 1954, p.190).

Aanvanklik was daar nie sprake van werklike formele onderrig nie; die nedersetters was nie onderwyskundig onderlê nie en dit sou vir jare 'n remmende invloed op die onderwys hê. Dit kan egter gesê word dat Jan van Riebeeck in 1652 die wortel van Christelike-nasionale onderwys in Suid-Afrika geplant het,

dus is die tradisie van Christelik-nasionale onderwys in Suid-Afrika meer as 300 jaar oud (Du Plessis, 1974, p.211).

Eers in 1663 kan daar werklik van 'n skool vir Blankekinders aan die Kaap gepraat word. Die Verenigde Oos-Indiese Kompan=jie was ingestel op winsbejag en was nie oor onderwys en op=voeding begaan nie. Onderwys het aanvanklik aan huis geskied en wel aan moedersknie, maar met die stigting van die eerste skool is die taak van die onderwys veral opgedra aan die sie=ketrooster as een van sy vele take. Hierdie eerste skoolon=derwys was beperk tot Godsdiensonderrig en het die voorberei=ding van die kind tot lidmaatskap van die kerk as doel gehad (Grové, 1971, p.10).

Van regeringskant was dit veral onder die goewerneurskap van Simon van der Stel wat daar 'n opflikkering te bespeur was deurdat hy hom beywer het vir die bevordering van die onder=wys aan die Kaap. Sy opvolgers het egter weinig aandag aan die onderwys bestee, en dit het daartoe gelei dat die stand van die onderwys agteruit gegaan het. Geen kontrole is oor skole of onderwysers uitgeoefen nie.

Hierdie lakse houding sou voortduur tot 1690 toe die onderwys vanuit 'n aanvanklik swak georganiseerde toestand verbeter is, veral na ingryping van owerheidsweë (Coetzee, 1963, p.6). Die gees van die onderwys het duidelik na vore gekom, naamlik godsvrugtigheid aangesien die meeste skole onder beheer van die plaaslike kerkraad gestaan het (Pistorius, 1969, pp.269-271). Die kerk se invloed op die onderwys blyk duidelik uit briewe van ds. Van Arckel aan die moederkerk in Amsterdam. Die belangrikste leermiddele in dié tyd was die Bybel en kate=

gismus (Greyling, 1946, p.30).

Tot en met 1714 het daar ook 'n hele aantal openbare en privaat=skole ontstaan, maar daar was niemand in die besonder verant=woordelik vir die beheer van die onderwys nie. Meestal was dit die dorpskole wat onder beheer van die kerkraad geval het. Op 21 Augustus 1714 word die eerste onderwysordonnansie, wat bekend sou staan as Die Ordonnansie van De Chavonnes, 1714, uitgevaardig. Hierin sou niks nuut te voorskyn tree nie; dit was slegs 'n amptelike bevestiging van die praktyk en be=ginsels wat reeds in swang was (Greyling, 1946, p.31).

Volgens die Ordonnansie sou onderwysers voortaan gekeur word deur die Goewerneur en Politieke Raad - onderwysers sou die kinders onderrig in die Onse Vader, die Tien Gebooie, die Ge=loofsartikels, die aand- en môregebed asook gedeeltes van die kategismus. Boeke wat van "nut en bequaam" bevind is, is ge=keur, en verder moes die onderwyser dan ook met diensaanvaar=ding sy geloof in die belydenis van die Gereformeerde Kerk be=ly. Beheer oor die tipe persoon wat in die onderwys toegelaat is, het dus plaasgevind (Coetzee, 1963, p.11).

Na aanvanklike verwarring oor wie verantwoordelik sou wees vir die keuring van onderwysers is die predikant/kerkraad vanaf 1743 vir hierdie saak verantwoordelik gehou. Hierdie persone het toegesien dat die aansoeker bekwaam was en ook ten opsigte van sy geloof aanvaarbaar was. Dit skyn dus asof die kerk en staat 'n goeie vennootskap ten opsigte van die onderwys in hierdie tyd gehad het en dat, aangesien daar baie klem op die voorbereiding vir kerklidmaatskap was, veel tereg gekom het van die implementering van die Christelik-nasionale onderwys=

beginsels. Die uitgangspunt van die bevolking was dat hier=die beginsels as't ware vanselfsprekend was en dat dié Ordon=nansie van De Chavonnes dit slegs in wetgewing vasgelê het (Du Plessis, 1974, pp.212-213).

Die prinsipieel-korrekte verhouding tussen staat, kerk en skool het hier tot sy reg gekom, en hierdie aanvangsjare kan as die grondslag van die Christelik-nasionale onderwysbeginsels in Suid-Afrika gesien word. Gesien in die lig van die inhoud van die onderwys kan gesê word dat die skool in diens van die kerk gestaan het (Greyling, 1946, p.33). Godsdiensonderrig kan in hierdie periode as die kern van die onderwys beskou word aange=sien dit die grootste deel van die onderwys gevorm het.

Weens die feit dat die hele bevolking dit eens was oor die Christelike karakter van die onderwys kan gesê word dat Chris=telik-nasionale onderwys in hierdie tyd 'n hoogkonjunktuur be=leef het.

### 3.2.2 Die tydperk 1795-1803

Die Kaap val in 1795 in Engelse hande en dit sou in hierdie toestand bly tot en met 1803. Die Engelse bewindhebbers se hande was egter gebind met politieke vraagstukke en hulle het dus weinig aandag aan ander sake gegee. Gevolglik het daar geen verandering in die stand van die onderwys ingetree nie. Met die bewindsoorname was een van die ooreenkomste dat die koloniste hulle regte van vrye godsdiensbeoefening en onderwys sou behou (Ibid., p.32).

### 3.2.3 <u>Die Bataafse periode 1803-1806</u>

In 1803 word die Kaap weer deur Holland in besit geneem met die aankoms van kommissaris De Mist. Hierdie tydperk sou ge= kenmerk word deur liberale idees wat vanuit Europa in Suid-Afrika posgevat het en ook na die onderwys sou deurdring. De Mist sou hierdie liberale idees invoer ná die uitvaardig= ing van sy bekende kerk- en skoolorde. Hy het egter nie hier= die Ordonnansie blindelings uitgevaardig nie maar het eers 'n deeglike studie gemaak en reise onderneem om die stand van die onderwys te bepaal. Daarna het hy sy Ordonnansie uitge= vaardig (Ibid, p.33).

<u>Die Skoolorder</u> is op 11 September 1804 as Ordonnansie uitge= vaardig. Coetzee (1963, pp.36-37) sien hierdie ordonnansie as een van die hoogtepunte in De Mist se liberale bewind en skryf die liberale beïnvloeding van De Mist toe aan die denk= beelde van veral Rousseau en Voltaire. Volgens De Mist was die staat verantwoordelik vir volksonderwys en moes die onder= wys aan die gesag en invloed van die kerk onttrek word.

Hierdie ordonnansie het onder meer bepaal dat die Gereformeer= de Kerk nie meer die staatskerk sou wees nie aangesien alle kerke wat "een Hoogst Wezen" erken en eerbiedig, gelyke regte sou ontvang. So het die kerk sy invloed oor die onderwys ver= loor, want voortaan sou die skool onder direkte beheer van die staat val (Greyling, 1946, p.33).

Die tydperk van De Mist kan as 'n breuk met die tradisionele Christelik-nasionale onderwysbeginsels gesien word. Die kon= serwatiewe koloniste was nie gediend met hierdie toedrag van

sake nie aangesien 'n verbintenis tussen kerk en onderwys vir hulle 'n wesenlike vereiste was. Vir die kolonis was die on= derwys se primêre taak om die kind tot geloof en tot aflegging van belydenis van geloof te bring. 'n Breuk tussen kerk en skool sou lei tot die verydeling van hierdie doel.

'n Eerlike poging om die Christelik-nasionale onderwysbeginsels te implementeer kon van die kant van die owerheid geslaag het maar indien die owerheid reeds beïnvloed was deur 'n humanis= ties-antroposentriese-apostatiese gees kon daar nie veel van Christelik-nasionale onderwys óf van Godgeroepenheid sprake wees nie (Du Plessis, 1974, p.214).

Hier is dus die eerste poging aan die kant van die owerheid om deur middel van wetgewing, dit wil sê deur verpligting, die Christelik-nasionale onderwysbeginsels te wysig en te be= weeg in die rigting van 'n liberaal-neutrale onderwysstelsel. De Mist se bewind was egter van korte duur en weinig van sy planne het werklikheid geword aangesien Brittanje in 1806 weer die Kaap in besit geneem het. Dit is egter te betwyfel of daar wel iets van sou gekom het aangesien die breuk tussen kerk en onderwys vir die konserwatiewe bevolking nie aanvaar= baar was nie (Coetzee, 1963, p.41).

### 3.2.4 Die Engelse bewind van 1806-1839

Waar die eerste besetting nie as 'n permanente reëling beskou kon word nie, was die tweede een dit wel. Waar De Mist se onderwyswetgewing nie lank genoeg geïmplementeer kon word om verset uit te lok nie, was dit anders met die Britse besetters, hoofsaaklik as gevolg van hul radikaal anderse lewensuitkyk

waardeur hulle algaande meer en meer verset sou uitlok.

Na die oorname in 1806 deur die Britte verander die onderwys=beleid dienooreenkomstig en sou die onderwys nou deur die re=geerders in Brittanje beheer word. Dit was veral onder Cra=dock se bestuur dat daar daadwerklike stappe geneem sou word om die onderwys te verbeter. Om die ernstige tekort aan on=derwysers te beveg het Cradock skole gestig op die verskillen=de kerkplekke met die koster of voorleser as onderwyser (Ibid, p.43).

Die nuwe beleid sou aanvanklik versoenend van aard wees, deels as gevolg van die onsekere toestande in Europa. Na 1814 sou die beleid van verengelsing egter langsamerhand al hoe meer op die voorgrond tree en die implementering van hierdie beleid sou veral geskied deur middel van die onderwys. Dit sou op sy beurt lei tot konfrontasie met die koloniste. Ook in hier=die periode vind ons die ontstaan van sogenaamde dogma- en gewetensklousule in Brittanje (meer hieroor in hoofstukke 4 en 5). Dit was onvermydelik dat hierdie klousule ook in Suid-Afrika sou deurwerk en toegepas word.

Die geskikste man om verengelsing deur te voer was Lord Charles Somerset. Die instroming van 'n getal Britse setlaars in 1820 in die kolonie sou die Engelse houvas aansienlik versterk en as aansporing tot verdere verengelsing dien. Somerset voer in sy verengelsingsbeleid 'n stelsel van vrye Engelse skole in waarin Engelse en Skotse onderwysers die Afrikaanse kinders sou onderrig (Ibid, p.46).

Samewerking tussen skool, kerk en ouerhuis het gedurende hier=

die tyd 'n laagtepunt bereik en dit kan ook as een van die belangrikste redes vir die mislukking van die verengelsingspoging beskou word. Alle onderrig sou deur middel van die Engelse taal geskied, ook Godsdiensonderrig. In die bedreiging van hulle taal sien die koloniste ook 'n bedreiging van hulle godsdiens: "Taal en godsdiens is so innig vervleg dat as jy die een wegneem, jy die karakter van die ander noodwendig wysig" (Greyling, 1946, p.36).

Met hierdie beleid is die beginsels van Christelik-nasionale onderwys soos volg aangetas: die Christelike doel word vervang met 'n politieke doel; daar is nie na versoening tussen Boer en Brit gestreef nie, maar na die verengelsing van die Boer. Leerinhoude in die skool sou hoofsaaklik sekulêr van aard wees en Godsdiensonderrig sou nie meer die aflegging van geloofsbelydenis ten doel hê nie. Algehele staatsbeheer sou kerkbeheer finaal vervang en hier vind ons 'n staatsbeheer wat hom nie onder die gesag van God gestel het nie (Du Plessis, 1974, pp.216-217). Die invoer van 'n gemengde staatskool het geïmpliseer dat daar in een klas kinders van verskillende taal- en geloofsgroepe sou wees. De Mist se ideaal word hier dus verwesenlik.

Hierdie beleid word gesien as een van die hoofoorsake van die Groot Trek. Die deurvoering van die beleid sou egter nie verhinder word deur dié Groot Trek nie. Die beleid het egter eerder misluk as gevolg van onder andere die wydverspreide bevolking en, sowel die sterk invloed van die kerk as die tekort aan opgeleide onderwysers.

Afgesien van twee van die aanvanklike ses onderwysers wat ingevoer is, was die res van die Engelse onderwysers van swak

gehalte en het hulle koms ook gedeeltelik bygedra tot die mis= lukking van die stelsel. Die geleidelike verset van die on= geveer 60 000 koloniste lei verder tot die kwyning van staat= skole, veral van die wat uitsluitlik Engels as voertaal ge= bruik het (Coetzee, 1963, pp.48-49).

Waar ouers nog gepoog het om hulle kinders na privaatskole te stuur om sodoende Christelik-nasionale onderwys vir hul kin= ders te verseker, het die regeerders deur finansiële steun aan staatskole dit vir die privaatskole al hoe moeiliker gemaak om te bestaan. Die swak ekonomiese klimaat het ook deels tot die ondergang van privaatskole bygedra. In 1839 is James Rose Innes as die eerste Superintendent van Onderwys van Kaapland aangestel. Hy het baie vir die onderwys gedoen en ook toege= laat dat Hollands as vak in die primêre skool onderrig word. Sir John Herschel het in dieselfde jaar met die sogenaamde Regeringsmemorandum van 23 Mei 1839 die gewetensklousule inge= voer. Volgens hierdie klousule sou Godsdiensonderrig in skole uit die lees van 'n gedeelte uit die Bybel bestaan terwyl dog= matiese onderrig na die predikant verwys word. Ook het die ouers die reg verkry om hulle kinders van Godsdiensonderrig te laat vrystel (Greyling, 1946, pp.39-40).

Hierdie toestand sou voortduur tot in 1865. Die kerk het in= tussen verskeie pogings aangewend om die toestand van die on= derwys te verbeter, veral ten opsigte van die tekort aan opge= leide onderwysers, maar weinig vordering is op hierdie gebied gemaak. In 1865 is 'n onderwyswet uitgevaardig, naamlik Wet 13 van 1865, waarvolgens Godsdiensonderrig buite die skoolure ge= reël is. Waar die Wet van 1839 bepaal het dat die lees van die Bybel tydens Godsdiensonderrigperiodes toelaatbaar is, be=

paal die nuwe wet dat géén onderrig uit die Bybel of ten op=sigte van kerkleer tydens skoolure mog plaasvind nie (Ibid, pp.41-42; Coetzee, 1963, pp.61-62).

Die proses van aftakeling sou hier sy hoogtepunt bereik, en al hierdie verwikkelinge het net een doel voor oë gehad, naamlik 'n neutrale nie-denominasionele Godsdiensonderrig. Dit was ver=al die universele karakter van die onderwys waaraan alle gelowe, selfs ateïsme, 'n gelyke aandeel kon hê wat die gemeenskap teen die bors gestuit het. Hierdie proses sou egter 'n teenvoeter vind in die vorm van die stigting van kerkskole.

Artikel 7 van Wet 13 van 1865 wat 'n "godlose skool" voorgestel het, het byvoorbeeld heftige kritiek en verset uitgelok, onder andere van die kant van ds. S.J. Du Toit, latere Superintendent van Onderwys van Transvaal. Soos reeds gesê, het hierdie be=leid van verengelsing onder andere daartoe gelei dat die mense weggetrek het uit die Kaap om sodoende hulle eie heil elders te gaan uitwerk. Hierdie "trek" sou dan uiteindelik lei tot die stigting van die twee soewereine republieke.

Dit wat die onderwys in Kaapland betref. Aangesien hierdie studie betrekking het op Godsdiensonderrig in Transvaalse skole sal daar verder slegs gelet word op die onderwysgeskie=denis van Transvaal.

### 3.2.5 Die stand van die onderwys in Transvaal

#### 3.2.5.1 Die Groot Trek en die eerste jare van die Republiek van Transvaal 1838-1850

Vanaf 1838 tot 1848 sou die getalle van die trekkers in so 'n

mate toeneem dat nedersettings mettertyd gestig sou word, by=voorbeeld te Potchefstroom (1839), Ohrigstad (1945) en Sout=pansberg-distrik (1848). Die trekkers het veral op twee sake klem gelê, naamlik hul godsdiens en die opvoeding van hulle kinders. Alhoewel daar nie tydens die trek veel aan die on=derwys gedoen kon word nie, is daar nogtans toegesien dat die onderwys nie volkome ten gronde gaan nie. Hierdie onderwys het in die gees van Christelik-nasionale onderwysbeginsels geskied en het hoofsaaklik tydens huisgodsdiens plaasgevind asook wanneer die tyd hom daarvoor voorgedoen het.

Dit was veral een van die moeder se take om hierdie onderwys waar te neem. Die inhoud van hierdie onderrig het bestaan uit die lees van die Bybel en die onderrig in die kategismus om die kind uiteindelik te bring tot die aflegging van geloofsbe=lydenis. Die onderwys was dus uitsluitlik onderrig in die Bybel en beheer van die onderwys was hoofsaaklik in die hande van die kerk (Du Plessis, 1974, p.218).

Onderwys gedurende hierdie periode was dus basies Christelik-nasionaal en aangesien die Bybel en kategismus die primêre handboeke was, het daar ŉ noue verbintenis tussen kerk en staat bestaan ten opsigte van die onderwys (Lugtenburg, 1925, p.26). Die beginjare van die Republiek toon ŉ groot ooreen=koms met die onderwys in Kaapland gedurende die jare 1714-1795. Net soos in die Kaap word die grondslag van Christelik-nasio=nale onderwys in hierdie eerste jare in Transvaal gelê.

3.2.5.2 <u>Die eerste reglementering 1851-1858</u>

Die ontwikkeling van die onderwys in Transvaal sou weer eens

die onversoenbare twee strominge in die Suid-Afrikaanse onder=wysgeskiedenis aantoon, naamlik die Afrikaner met sy konser=watiewe kyk op die lewe teenoor die liberale uitlander wat 'n beleid van verengelsing asook neutrale Godsdiensonderrig voor=gestaan het (Barnard, 1974, p.1).

Reeds in 1838 is daar in die Voortrekker-grondwet bepaal dat die owerheid 'n wakende oog oor die godsdiens en die onderwys sou hou. Dit sou egter eers veertien jaar later wees (1852) dat daar 'n onderwysreglement uitgevaardig is om onderwys in die Transvaal op 'n georganiseerde grondslag te plaas.

Die Van Der Linden-onderwysreglement van 1852 skryf 'n Christe=lik-nasionale skoolstelsel voor en hierdie reglement sou die basis van verskillende latere Transvaalse onderwyswette vorm (Ibid, p.4). In artikel 5 word die "opzigt" van die skool aan die Gemeente-bestuur (dit kan slegs dui op die kerkraad) opge=dra. Dieselfde artikel verplig die onderwyser om aan alle vakke 'n godsdienstige strekking te gee (Ibid). Wat ons dus hier vind, is ware Christelike onderwys. Hierdie reëling het gevolglik ook die goedkeuring van die boerebevolking weggedra.

Met die Van Der Hoff-onderwysreglement van 1853 verkry die kerk nog groter beheer oor die onderwys deurdat alle onderwy=sers voortaan deur die kerkraad en 'n predikant goedgekeur sou word (Ibid., p.8). Die staat sou dus 'n Christelike staat wees met 'n staatskerk, die skool sou 'n Gereformeerde staatskool wees en onderwysers moes lidmate van die Nederduits Gerefor=meerde Kerk wees. Ook sou die gees en rigting van die skool konfessioneel wees (Greyling, 1946, p.70).

3.2.5.3 <u>Die tydperk 1859-1867</u>

In 1859 is daar 'n Kommissie van Onderwys in die lewe geroep en dit toon dat die Boere groot waarde geheg het aan die opvoe= ding van die jeug. Dit was 'n tydperk waarin daar in sommige Europese lande weinig aan die volksonderwys gedoen is. Hier te lande het die volksleiers egter 'n begin gemaak met 'n onder= wysstelsel wat eie aan die volk is om sodoende die Afrikaner van analfabetisme te vrywaar (Bot, 1951, p.5). Die belangrik= heid van die onderwys word weerspieël in die besprekings van die vergaderings van die Volksraad (Ibid., p.6). In 'n tydperk waar daar 'n groot tekort aan onderwysers was, het die invoer van Nederlandse onderwysers baie vir die onderwys beteken.

Hierdie groter beheer aan die kant van die kerk sou egter kortstondig van aard wees aangesien die <u>Onderwysreglement</u> van 1859 die begin van staatsonderwys in Transvaal ingelui het. Onderwysers sou voortaan hulle aanstellings van die regering ontvang en sou dus staatsamptenare wees. So is die ouers en kerk se reg om onderwysers aan te stel van hulle ontneem (Barnard, 1974, p.12). Artikel 8 van hierdie reglement het voorsiening gemaak vir die onderrig van Bybelse geskiedenis asook vir die sing van Psalms en Gesange.

Alhoewel die beheer van die kerk oor die aanstelling van on= derwysers ingekort is, was die gees van die onderwys nog steeds Christelik-nasionaal en is die wense van die Boerebe= volking eerbiedig, naamlik dat die kinders 'n Christelike op= voeding moet kry.

Hierdie reglement word vervang met die <u>Onderwyswet</u> van 1866.

Laasgenoemde skrap die bepaling dat onderwysers aan die Nederduits Gereformeerde Kerk moes behoort en verander dit na "leden zijn der Protestantsche Kerk". Bybelse geskiedenis en die sing van Psalms en Gesange is egter nog duidelik in die curriculum bepaal (Greyling, 1946, p.72).

Dit was nog steeds 'n vorm van implementering van Christelik-nasionale onderwysbeginsels maar die beginsel van ouerverteenwoordiging en die daaruitvoortspruitende samewerking tussen huis en skool het nie tot sy reg gekom nie (Du Plessis, 1974, pp.218-219).

3.2.5.4 Moderniseringstydperk 1868-1877

Die onderwys was op hierdie stadium onder die beheer van die Uitvoerende Raad aangesien die Algemene Skoolkommissies in 1868 ontbind is. Dit sou die toestand bly tot en met 1874 toe 'n verdere verandering aangebring is. Hierdie verandering geskied met Wet no. 4 van 1874, oftewel die Burgersonderwyswet.

Hierdie wet was een van die liberaalste wette in Transvaal tot op daardie datum. Nie alleen is Godsdiensonderrig gedurende skoolure verbied nie, maar ook Bybelgeskiedenis en die lees van die Bybel is aanvanklik as taboe op skole beskou. Laasgenoemde bepaling is egter as gevolg van teenkanting in die Volksraad geskrap. Hierdie wet het tot heftige kritiek gelei en selfs weiering aan die kant van ouers om hul kinders in hierdie "on-Christelike" skole te plaas (Grové, 1971, p.30).

Du Plessis (1974, p.219) sê dat hierdie wet 'n sintese tussen Christelik-nasionale onderwysbeginsels en die humanistiese

denke probeer bewerkstellig het. Die wet het Godsdiensonderrig verwater deur die bepaling dat geen onderrig van dogmatiese aard in die skool toegelaat word nie. Dit is 'n radikale bepaling, aangesien die Calvinistiese geloofsbelydenis uit die skole geweer is.

Die Burgerswet het misluk, juis omdat daar teen die beginsels van die ouers ingedruis is en omdat Burgers vreemd gestaan het teenoor die gees en rigting van die Boerevolk (Greyling, 1946, p.75). Weens die anneksasie van Transvaal op 12 April 1877 het hierdie wet geen kans gehad om "die toets van die tyd te weerstaan nie" (Barnard, 1974, p.54). Die implementering van die Christelik-nasionale onderwysbeginsels is dus daardeur nie in 'n besondere mate beïnvloed nie. Dit was egter 'n tydige waarskuwing aan die Boere noord van die Oranjerivier (Du Plessis, 1974, p.220). Die tydperk van die anneksasie (1877-1881) was van te korte duur om enige verandering op die onderwys te bewerkstellig.

#### 3.2.5.5 Die Du Toit-Mansvelt-periode 1881-1900

Met die Republiekwording in 1881 word ds. S.J. du Toit genooi om Superintendent van Onderwys in Transvaal te word. Hy was algemeen bekend as 'n vurige kampvegter vir Christelik-nasionale onderwys en vir hom was die onderwys 'n saak vir ouers en kerk, eerder as vir die staat. Ouerverantwoordelikheid en ouerseggenskap in die onderwys is volgens hom 'n móét op grond van die doopbelofte (Barnard, 1974, p.60).

Ds. Du Toit het nie alléén die stryd aangeknoop teen die liberale gees wat posgevat het nie. Die Nederduits Gereformeerde

Kerk se houding was dat 'n Christelike kerkskool die godsdiens=lose staatskool moes vervang (Du Plessis, 1974, p.221). Reeds in die Kaapkolonie het Du Toit gepleit vir ouerbeheer in plaas van staatsbeheerde skole. Sy stryd was daar egter tevergeefs, maar nou sou hy die kans kry om sy eie opvattinge toe te pas. Hy was beslis in sy siening dat die onderwys Christelik moes wees alhoewel die leerstellige deel aan die kerke oorgelaat sou word (Bot, 1951, p.15).

Die <u>Du Toit-onderwyswet</u> (<u>Wet</u> no. 1 van 1882) lê, in die lig hiervan, klem op die Christelike gees van alle onderwys. Dit het veral Godsdiensonderrig nader aan die wense van die ouers gebring as byvoorbeeld die Burgerswet of selfs die Onderwyswet van 1866. Gedurende hierdie tydperk het Christelik-nasionale onderwys in Transvaal 'n hoogkonjunktuur beleef en ons vind daarin die herlewing van die basies Christelik-nasionale begin=sels (Holmes, 1959, p.56). Wat veral van belang was ten opsig=te van hierdie wetgewing was die feit dat nie net Godsdienson=derrig nie, maar alle vakke op die lees van die Christelike leer geskoei moes wees.

Du Plessis (1974, p.222) sê dat, alhoewel Du Toit nêrens sê dat "Bybelse" en "sekulêre" inhoude geïntegreer moet word nie, hy dit in wese wel voorgestaan het. Hierdie wet verteenwoor=dig nie slegs die grootste onderwyssukses tot op daardie sta=dium nie, maar ook die beste implementering van die Christelik-nasionale onderwysbeginsels tot op daardie datum.

Statistiek verduidelik Du Toit se onderwyssukses: van nege skole met 'n leerlingtal van 206 in 1881 klim die getalle in een jaar tot 43 skole met 872 leerlinge tot 300 skole met

7 000 leerlinge in 1890 (Bot, 1951, p.16).

Dr. N. Mansvelt volg in 1891 vir ds. Du Toit op as Superin=tendent van Onderwys in Transvaal en vaardig in 1892 'n onder=wyswet uit. Wet no. 8 van 1892 het ten opsigte van Godsdiens=onderrig slegs 'n duideliker omskrywing van terme as die Du Toit-wet (1882) gegee. Mansvelt bou voort op die beginsel van Christelik-nasionale onderwys soos vasgelê deur sy voorganger. Hy sou egter die masjinerie skep om uitvoering aan die Christe=lik-nasionale onderwysbeginsel te gee (Coetzee, 1963, p.293).

Mansvelt spesifiseer onder andere dat die opvoeding "Prote=stantsch-Christelijk" moes wees en weer sodoende die Rooms-Katolieke, Jode en andere wat betref hulle leer, uit die on=derwys. Godsdiensonderrig, en meer spesifiek leerstellige onderrig, hoort volgens hom tuis by die kerk en nie by die staat nie. Onderwys was dus vir Mansvelt alleen geslaagd as dit vanuit 'n Christelik-nasionale onderwysstelsel aangebied word (Barnard, 1974, p.76).

Hierdie tydperk kan vanuit 'n Christelike oogpunt as baie ge=slaag beskou word en kon dien as 'n goeie fondament vir latere Christelike onderwys.

### 3.2.5.6 Die Oorlogs- en besettingsjare 1900-1904

Die ontdekking van goud en diamante in die Republiek het 'n toestroming van Engelssprekendes na hierdie gebied tot gevolg gehad wat ook op die onderwys 'n groot invloed sou hê. Saam met die groot getal Engelssprekendes het ook 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing gekom, naamlik dié van die deïsme. Die

botsing tussen die natuur-wetenskaplik-, polities-oorheersend liberale denkrigting van die uitlanders en die konserwatief-godsdienstige beskouing van die Boere was onvermydelik (Du Plessis, 1974, p.225).

Die Anglo-Boereoorlog wat hierna gevolg het, het ook 'n einde gemaak aan die rooskleurige stand van die onderwys in Trans= vaal. In die konsentrasiekampe is slegs die elementêre vakke onderrig en wel in Engels. Die Bybelles is wel in Hollands onderrig. Die proses van denasionalisering het in hierdie tyd begin, veral met die invoer van onderwysers vanuit Enge= land (Greyling, 1946, p.79). Die onderwyspersoneel in Trans= vaal het gevolglik teen 1902-1903 hoofsaaklik uit Engelse on= derwysers bestaan.

Die proses van verengelsing is na die oorlog voortgesit en wel deur Lord Milner en E.B. Sargant. Die ingevoerde onderwysers is oorgeplaas na die platteland om hulle werk daar voort te sit (Barnard, 1974, p.112). Sargant se Ordonnansie no. 7 van 1903 sou ten opsigte van Godsdiensonderrig 'n versoenings= beleid probeer volg, vandaar die insluiting van artikels 5a, b en c. Hiervolgens sou Bybelse geskiedenis vir twee uur per week gegee word en kon ouers leerstellige onderrig vir hul kinders aanvra.

Veral van belang is die feit dat ouers vrystelling kon verkry vir hulle kinders ten opsigte van die bywoning van Godsdiens= onderrig, dit wil sê, die gewetensklousule soos ons dit vandag in die onderwysordonnansies vind, is toegepas (Grové, 1971, pp.36-37). Van die vergunning dat dogmatiese onderrig aange= vra kon word, is egter nie deur die Hollandse kerke gebruik

gemaak nie (Barnard, 1974, p.120). Die onderwysordonnansie van 1903 was weer eens 'n poging om Christelik-nasionale onder=wys uit die skole te weer. Godsdiensonderrig is wel behou, maar van die tradisionele Christelike onderwys het weinig oor=gebly.

Verset sou egter nie uitbly nie en toe versoeke om medeseggen=skap van die ouers by die aanstellings van onderwysers en ge=lyke beregtiging van Hollands en Engels geweier is, het die mense begin om hulle eie skole op te rig (Du Plessis, 1974, p.227). Hierdie Christelik-nasionale onderwysskole sou as teenvoeter dien vir die Milnerbeleid, met die oog daarop om die tradisionele onderwys te behou.

Die C N O-skole het aanvanklik gefloreer en vroeg in die 20e eeu was daar reeds 115 van hierdie skole in Transvaal. Die groot finansiële las wat hierdie skole op die reeds verarmde Boerebevolking geplaas het, sou later daartoe lei dat die sko=le nie meer onderhou kon word nie (Grové, 1971, p.38). Die vervanging van Milner met Selbourne in 1905 lei egter 'n toe=geefliker periode in. Ouers verkry die reg om skoolkomitee=lede te kies en toegewings is ook ten opsigte van moedertaal=onderrig gemaak. Ten spyte van hierdie toegewings het die Selbourne-memorandum nie die gewenste uitwerking gehad nie (Barnard, 1974, p.128).

Op 6 Desember 1906 verkry Transvaal selfbestuur en word gene=raal J.C. Smuts as Minister van Onderwys aangestel. Hy stel kort daarna 'n nuwe wet vir die onderwys op wat in Augustus 1907 goedgekeur en op 10 Oktober 1907 van krag geword het.

## 3.3 DIE SMUTS-ONDERWYSWET VAN 1907 (*Wet* no. 25 van 1907)

Generaal Smuts was tydens die Tweede Vryheidsoorlog aanvank= lik 'n kampvegter vir Christelik-nasionale onderwys. Met sy aanstelling as Minister van Onderwys kon hy egter nie teen die Britse maghebbers kant kies nie en moes hy 'n kompromis probeer bewerkstellig. Hy probeer dus met hierdie wet om 'n versoening tussen die voorstanders van die Christelik-nasio= nale onderwysbeginsels en die liberale Engelse regeerders te bewerkstellig.

Voordat hy hierdie wet deurgevoer het, het Smuts uitgebreide reise deur Transvaal onderneem om die bevolking voor te berei vir die nuwe stelsel wat hy beoog het. Tydens 'n Christelik-nasionale onderwyskongres op 10 April 1907 het hy die afgevaar= digdes meegedeel dat privaatskole geen geldelike steun van die staat sou ontvang nie. Verder het hy gesê dat die Hollandse taal onderrig sal word en dat daar voorsiening gemaak sal word vir nie-denominasionele Godsdiensonderrig (Barnard, 1974, p.134).

As gevolg van sy propagandaveldtog en sy beloftes oorreed Smuts die CNO-aanhangers tot sy standpunt en word die CNO-skolestelsel beëindig. Die CNO-skole is deur die staat oorge= neem en in 1907 is Smuts se wetgewing sonder enige teenstem aangeneem (Bot, 1951, p.63). Daarin is 'n neutrale onderwys= stelsel beoog en dit is aanvanklik sonder teenkanting aanvaar. Met die implementering van die wet sou daar egter heftige kri= tiek en weerstand ontstaan as gevolg van die neutrale bepalinge oor Godsdiensonderrig daarin.

Barnard (1974, p.152) sê dit was duidelik dat Godsdiensonderrig voortaan 'n ondergeskikte plek in die skole sou inneem, en hy toon ook aan dat daar 'n groot ooreenkoms tussen laasgenoemde wet en die Burgerswet van 1874 is. As gevolg van veranderde omstandighede word Smuts egter nie soos Burgers in die openbaar veroordeel nie. Die Smutswet van 1907 sou 'n uitbouing wees van die gedagtes van die Selbourne-memorandum van 1905. Die Smutswet se bepalings kom neer op verwerping van ouerseggenskap ten opsigte van die onderwys. Ook word die standpunt van die Afrikaanse volk ten opsigte van hulle taal en godsdiens nie eerbiedig nie (Coetzee, 1963, p.300). Wat Godsdiensonderrig betref, bepaal die wet dat elke skooldag geopen sal word met 'n gebed en die lees van 'n gedeelte uit die Bybel. Nie-verpligte onderrig in Bybelse geskiedenis sou binne die eerste halfuur van elke dag gegee word. Verder mag geen leer of dogma wat eie aan enige godsdienstige gemeente of sekte is, onderrig word nie.

Godsdiensonderrig word dus in die onderwys behou en daarom het hierdie bepaling ook aanvanklik tevredenheid by Boer en Brit gewek maar die wyse waarop die vak aangebied was, het tot heftige kritiek gelei. Die mense was nie tevrede met 'n verwaterde vorm van Godsdiensonderrig nie (Du Plessis, 1974, p.229). Volgens professor Jan Lion Cachet sou sulke Godsdiensonderrig op niks uitloop nie omdat dit vreemd gebly het aan elke dogma. Op grond daarvan het hy hierdie wet in die naam van die Gereformeerde volk verwerp (Coetzee, 1963, p.300). Reeds in besprekings van hierdie klousule in die wetgewende vergadering het sprekers op die probleem van Godsdiensonderrig sonder dogma verwys. John Reid het gesê dat die man nog gebore moet word wat die Bybel sonder "sektariese"

opvatting sal onderrig. Van die Christelike gereformeerde leer kon daar dus niks tereg kom nie (Grové, 1971, p.54).

## 3.4 DIE TYDPERK 1909-1953

Vroeg reeds het daar persone en instansie na vore gekom wat kritiek op die Smutswetgewing gehad het. Kritiek teen hierdie "godsdienslose en onnasionale skole" sou veral kom van die C N O-verteenwoordigers en van die drie Afrikaanse kerke. In 1918 pleit 'n afvaardiging van die drie Afrikaanse kerke dat "ouers die reg sal hê om self die Godsdiens- en taalonderrig te reël en die gees en rigting van die skool te bepaal, waar nodig deur die oprigting van afsonderlike skole" (Van der Schijf, 1969, pp.226-228).

Van die kant van die Engelssprekendes het ook verset gekom, want gesien vanuit hul liberalistiese lewensbeskouing, beskou hulle Christelik-nasionale onderwys as bekrompe en onweten= skaplik (Boshoff aangehaal in Grové, 1971, p.56). Die C N O-verteenwoordigers propageer al in 1918 "groepskole en verder die kerstening van die bestaande staatskole deur middel van kontrole, opleiding van onderwysers en die curriculum" (Du Toit aangehaal in Holmes, 1959, pp.65-66).

Du Plessis (1974, p.232) sê dat die onderwysdoel soos deur die Smutswet geïmpliseer net op die horisontale vlak val; dit gaan daarin slegs om die tydelike. Dit wat ewigheidswaar= de het, is geïgnoreer, en daarom kan hierdie tipe onderrig net 'n afbrekende uitwerking op Christelik-nasionale onderwys hê.

Die feit dat die Smutswet nie in sy doel kon slaag nie, is 'n

bewys van die inherente standvastigheid van die Afrikaner, maar meer nog van die CNO-gedagte wat die stukrag agter die Afrikanervolk is, die CNO-beginsel sou bly voortleef om te dien as teëvoeter vir die vervlakking wat die Smutswet in die hand gewerk het.

As daar 'n vergelyking tussen klousule 34 van Wet no. 25 van 1907 en artikel 53 van Ordonnansie 29 van 1953 gemaak word, sal die ooreenkoms onmiddellik opval. Dit kan dus gesê word dat die Smutswet die basis gevorm het vir laasgenoemde Ordon= nansie vir sover dit die Godsdiensonderrig betref.[1] Die be= palings van die Smutswet geld dus vanaf 1907 tot op hede (1980).

As daar nog dieper na die oorsprong van Wet 25 van 1907 gesoek word, kan dit moontlik ook gevind word in die "Elementary Edu= cation Act of 1907" van Engeland wat gekom het met die soge= naamde "Cowper-Temple Clause". Hierdie wet is later in 1944 verder bevestig in Engeland met die 1944-Onderwyswet (kyk hoof= stuk 5).

Die aanstelling van dr. W. Nicol as nuwe Direkteur van Onderwys in 1948 het 'n positiewe rigting aan die onderwys gegee (Coetzee, 1963, p.335). Reeds in 1937 het Nicol as voorsitter van 'n kom= missie 'n verslag voorgelê waarin sekere positiewe aanbevelings gemaak is. Onder andere meld die verslag dat die bevolking

---

1) Klousule 34 van die Smutswet word as gevolg van sy invloed op die onderwys sederdien, asook op Ordonnansie 29 van 1953, volledig in aanhangsel A weergegee.

van Transvaal verlang dat Bybelonderrig in 'n Christelike gees en as integrerende deel van die skoolleerplan gegee moet word (Van der Schijf, 1969, p.224). Die uitbreek van die oorlog het uitvoering van die voorstelle van die Nicol-verslag ver= hinder (Coetzee, 1963, p.336).

Holmes (1959, p.70) toon verder aan dat vanaf 1939 tot 1959 daar geen noemenswaardige ontwikkeling op die gebied van Godsdiensonderrig plaasgevind het nie. Die belangstelling in die vak het wel toegeneem. Bekker (1954, p.284) kom tot die volgende gevolgtrekkings na 'n ondersoek na die stand van Godsdiensonderrig in Transvaal:

- "Die onderwysstelsel is nie onchristelik of ongodsdienstig nie;
- Daar is voorsiening gemaak vir Godsdiensonderwys, hoewel nie in kerkgenootskaplike sin nie;
- Die beginsel van gewetensvryheid word gehandhaaf;
- Die regte van die minderheid word ge-eerbiedig."

Hierop kan kortliks die volgende kommentaar gelewer word:

- Dit is wel so dat die onderwysstelsel nie ongodsdienstig is nie, maar daar kan stellig nie van 'n Christelike onder= wysstelsel in die geheel gepraat word nie - nie solank as daar 'n dogma-klousule bestaan nie.

- Godsdiensonderrig op skool wat geïsoleer van die kerkge= nootskaplike verband plaasvind, kan, as dit beoordeel word aan die hand van die leer van die drie Afrikaanse Kerke, nie bevredig nie. Dit bly 'n verwaterde vorm van neutrale onderrig wat nie as Christelik beskou kan word nie.

- Die beginsel dat ouers hulle kinders kan onttrek aan Gods=diensonderrig, sal alleenlik noodsaaklik wees wanneer dit nie prakties moontlik is vir die kind om sy eie "soort" skool by te woon nie.
- Die regte van sowel die minderheid as die meerderheid sal beskerm word as religieuse en lewensbeskoulike differensia=siebeginsel toegepas word.

## 3.5 KNELPUNTE RONDOM DIE AANBIEDING VAN GODSDIENSONDER=RIG WAT IN HIERDIE HOOFSTUK BLOOTGELÊ IS

Uit bogenoemde oorsig kan die volgende knelpunte geïdentifiseer word:

3.5.1 Die staat, veral tydens die Britse besitname, verlaat deur middel van wetgewing die Christelik-nasionale on=derwysbeginsel en beweeg in die rigting van 'n liberaal-neutrale onderwysstelsel. Dit lei tot wrywing tussen die CNO-aanhangers en die liberaal-gesindes.

3.5.2 Die invoer van 'n gemengde staatskool waar kinders van verskillende taal- en geloofsgroepe in een klas saam gegroepeer is, het daartoe gelei dat 'n neutrale onder=rig in Godsdiensonderrig aangebied moes word om wrywing te voorkom. Dit was egter strydig met die wense van die Christenouer.

3.5.3 Die dogma-klousule van die Smutswet lei tot verwatering van Godsdiensonderrig.

3.5.4 Verwerping van ouerseggenskap in die onderwys lei daar=

toe dat die ouer nie sy doopbelofte gestand kan doen nie en ook nie die gees en rigting van die skool kan bepaal nie.

3.5.5 Dit is seker 'n wesenskenmerk van 'n demokratiese land dat die minderheidsgroepe se regte beskerm moet word. Deur middel van toepassing van die religieuse en le= wensbeskoulike differensiasiebeginsel kan die Christen, asook die andersdenkende tevrede gestel word.

## 3.6 SAMEVATTEND

Die vraag wat in die inleiding tot hierdie hoofstuk gestel is, naamlik: Het wetgewing enige uitwerking op die aanbieding van Godsdiensonderrig in Transvaal gehad? kan positief beantwoord word. Uit die historiese oorsig blyk dit dat daar twee stro= minge in die onderwys was en nog is, naamlik die konserwatiewe Christelik-nasionale onderwysbeginsel en die liberale gees wat van Europa af oorgewaai het.

Die stryd tussen hierdie twee denkrigtings sou vanaf 1803 lei tot wrywing, knelpunte, en, vanselfsprekend, wetgewing om die verskillende regeerders se idees te beliggaam en/of wrywing te probeer uitskakel. Of daarin geslaag is, sal in die volgende hoofstuk (4) ondersoek word. Hoogtepunte ten opsigte van albei standpunte was daar sekerlik, net so ook laagtepunte. Vanuit 'n Christelik-reformatoriese oogpunt kan daar egter slegs met kom= mer kennis geneem word van die funeste invloed wat die libera= le gees op die onderwys en veral op Godsdiensonderrig in ons skole gehad het. Waar die onderwys en veral die aanbieding van Godsdiensonderrig in ons skole vandag staan, sal in hoof= stuk 4 aangetoon word.

HOOFSTUK 4

# 'N NADERE ONTLEDING VAN WETGEWING EN VAN DIE PROVINSIALE ORDONNANSIE (EN DIES MEER) WAT VAN TOEPASSING IS OP GODSDIENSONDERRIG IN TRANSVAAL MET DIE OOG OP DIE IDENTIFISERING VAN SOMMIGE KNELPUNTE WAT DAARUIT ONT=STAAN

## 4.1 INLEIDEND

Daar sal in hierdie hoofstuk gepoog word om 'n ontleding van die wette en die ordonnansie wat op Godsdiensonderrig in Transvaal van toepassing is, te gee. Die wette en ordonnan=sie ter sprake is die volgende: Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet no. 32 van 1961), Wet 39 van 1967, Ordon=nansie 29 van 1953 van Transvaal en Goewermentskennisgewing R. 2029 van 1971.

Enkele knelpunte wat in skole ontstaan as gevolg van hierdie wetgewing, die teenwoordigheid van andersdenkendes in skole, en die vraagstuk van "neutrale" Godsdiensonderrig sal uitge=lig word. Teenstrydighede tussen gemelde wetgewing en die genoemde ordonnansie sal aangetoon word.

Ten eerste sal die Grondwet van die Republiek ondersoek word om te bepaal of daar enige voorskrifte ten opsigte van gods=diens in die algemeen in die RSA bestaan. Aangesien Ordonnan=sie 29 van 1953 Godsdiensonderrig in Transvaalse skole reël, sal hierdie ordonnansie klousule vir klousule bespreek word. Daarna sal hierdie ordonnansie in die lig van Wet 39 van 1967 en Goewermentskennisgewing R. 2029 van 1971 beoordeel word,

aangesien hierdie wet en kennisgewing voorskriftelik is ten op=
sigte van alle staatsbeheerde blanke onderwys.

Uit hierdie ontleding sal dit hopelik blyk dat daar sekere knelpunte bestaan as gevolg van die implementering van juis hierdie wetgewing en ordonnansie. Dit sal hopelik ook blyk dat die bepalings van die wet en ordonnansie dikwels omseil (kan) word (miskien ter wille van die gewete?), maar dat so=
danige omseiling geen oplossing vir die probleem is nie. Heel dikwels word sekere bepalings van die wetgewing as gevolg van onkunde, onbereidwilligheid of bloot net moedswilligheid ge=
ïgnoreer. Dat Godsdiensonderrig as vak op skool daardeur skade ly, is nie te betwyfel nie.

## 4.2 WET 32 VAN 1961

Alvorens daar na Ordonnansie 29 van 1953, Wet 39 van 1967 en Goewermentskennisgewing R. 2029 van 1971 ondersoek ingestel word, moet gelet word op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 32 van 1961), want dit is duidelik dat hier=
die wet sekere bepalings ten opsigte van die godsdiens van die volk neerlê.

Die voorrede of aanhef tot die Grondwet lui soos volg:

*In nederige erkentlikheid teenoor die Almagtige God, Beskikker oor die lotgevalle van nasies en die geskiedenis van volkere;*
*Wat ons voorgeslagte uit baie lande byeengebring en hulle hier in hul eie gevestig het;*
*Wat hul weë deur geslagte bepaal het;*
*Verklaar ons, wat hier as verteenwoordigers van die volk ver=*

*gader is, dat aangesien ons Bewus is van ons verantwoordelikheid voor God en die mensdom;* ...." (Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1968, p.347).

Hierdie voorrede was aanvanklik nie in die Zuid-Afrika Wet van 1909 nie, maar is ingevoeg in 1925 met die Wysigingswet 9 van 1925. Hierdie invoeging blyk 'n wens te gewees het van hoofsaaklik Afrikaners om sodoende die soewereiniteit van God in staatkundige verband te bely (Venter, 1976, p.39).

Daar kan meningsverskil bestaan oor die vraag of 'n voorrede van 'n wet deel uitmaak van die wet self. Venter (Ibid, p.41) meen die voorrede "... bevat normaalweg 'n baie duidelike aan=duiding of beskrywing van die bedoeling van die wetgewer. Wanneer 'n bepaling van die wet self nou dubbelsinnig is of wanneer dit blyk dat algemene woorde beperkend uitgelê behoort te word, kan van die voorrede gebruik gemaak word om lig op die saak te werp".

Die voorrede moet dus saam met Artikel 2 gelees word - Artikel 2 lui soos volg:

*Die volk van die Republiek van Suid-Afrika erken die opperge=sag en leiding van die Almagtige God* (Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1968, p.347).

Hierdie "Almagtige God" waarvan gepraat word, blyk nie 'n vae algemene opperwese of godheid te wees nie, maar die God van die Skrifte (Venter, 1976, p.42). Verder dui die woord "erken" nie bloot op die erkenning van God se bestaan nie, maar op die onderwerping aan die gesag van God.

Venter (Ibid, pp.46-47) sê dat in die lig van hierdie tersaak=like bepalings van die Grondwet daar dikwels beweer word dat die Republiek 'n Christelike staat is, maar dat weens die son=deval die totstandkoming en instandhouding van 'n ware Christe=like staat menslik onmoontlik is. Dit doen egter nie afbreuk aan die feit nie dat dit die wetgewer se bedoeling is om van die Republiek van Suid-Afrika, waarbinne die Christen hom staatkundig kan uitleef en "... op grond waarvan hy hom Chris=telik-reformatories kan verset wanneer van owerheidsweë afge=wyk word van die norme en beginsels van die Skrif", 'n Christe=like staat te maak.

Wat ons dus in die aanhef en artikel 2 van die Grondwet aan=tref, is die geestelike grondslag van die Grondwet of; soos Wessels (1962, p.14) dit stel: "So is die Godsdienstige in=slag wêreldkundig gemaak". As die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika dus as rigsnoer kan (en moet) dien, in ons ge=val vir die onderwys, kan ons nie 'n neutrale houding ten op=sigte van Godsdiensonderrig duld nie. Op grond van die Grond=wet is leerstellige onderrig 'n noodsaaklikheid (Grové, 1971, p.71).

Nou is dit so dat die individu onderrig ontvang en dit geskied hoofsaaklik in staatskole, behalwe in gevalle waar privaat=skole besoek word. 'n Logiese afleiding uit die lees van die aanhef en artikel 2 van die Grondwet is dat 'n volk wat die op=pergesag van God erken, ook uitvoering aan hierdie belydenis in die onderwys sal gee. 'n Verdere faktor is die feit dat 93,8 persent van die blanke bevolking (nominaal?) Christene is (Sensus-opname 1970).

Bloot op grond van hierdie twee faktore kan moontlik gesê word dat die Blankes van Suid-Afrika Christelike volk(ere) is en dat daar slegs 'n klein persentasie andersdenkendes bestaan. Die feit dat 93,8 persent van die blanke bevolking as Chris= tene aangedui word, beteken egter nie dat die Christelike le= wens- en wêreldbeskouing orals aktief uitgeleef word nie. Die teendeel kan eerder waar wees, ook wat die onderwys betref.

Indien 'n ouer 'n Christen is, kan verwag word dat hy in begin= sel sal verlang dat sy kind Christelike onderrig moet ontvang. Dus moet daar Christelike skole en onderwysers wees om aan hierdie eis te voldoen. Verder lê die doopformulier 'n ver= pligting op die Christenouer want die ouer moet sy kind onder= rig en laat onderrig. Die "laat onderrig" wat op skool ge= skied, ontneem nie die ouer van enige verpligting nie want hy moet nog steeds toesien dat hierdie onderrig Christelik is (Wielenga, aangehaal in Van der Schijf, 1969, pp. 5 en 22).

Alhoewel wetgewing (Wet 39 van 1967) bepaal dat die onderwys= beleid Christelik moet wees, is dit geen waarborg vir Christe= likheid nie (Van Zyl, 1970, p.81).

Om te sien wat die toedrag van sake ook in ander wetgewing is, word daar vervolgens gelet op die Provinsiale Ordonnansie, die Wetgewing en Goewermentskennisgewing wat die aard van gods= diensonderwys in Transvaal in die besonder bepaal.

## 4.3 ORDONNANSIE 29 VAN 1953 VAN TRANSVAAL

Artikel 53[1)] van hierdie ordonnansie bepaal die gees en wyse

1) Artikel 53 Klousule 1-6 is as bylaag B hierby aangeheg.

van uitvoering van Godsdiensonderrig aan provinsiale skole in Transvaal. Soos reeds in hoofstuk 2 aangetoon, het hierdie ordonnansie sy wortels in die Smutswet van 1907. Die Onder=wysordonnansie van 1953 het sedert sy ontstaan geen merkbare verandering ondergaan nie, maar is by geleentheid slegs beter bewoord om 'n "juister vertolking" van die ordonnansie te gee (T.O.D.-verslag, 1953, p.16).

Hierdie ordonnansie het gelyke beregtiging aan alle geloofs=groepe in skole beoog met 'n sogenaamde "nie-sektariese" Gods=diensonderrig (Grové, 1971, pp.52-53). Die klousules word nou een vir een bespreek en die knelpunte wat daaruit voort=vloei, uitgelig.

### 4.3.1 Klousule 1 - Opening van die skooldag

Hierdie klousule bepaal dat elke skooldag met Skriflesing en gebed begin moet word. Volgens Du Plessis (1974, pp.239-240) strook dit baie goed met die Christelik-nasionale onderwysbe=ginsel, maar nou ontstaan die probleem dat selfs 'n gebed dog=maties kan wees tensy daar, volgens hom, uitsluitlik van die Onse Vader gebruik gemaak word. Daar kan egter byvoorbeeld Jode wees wat ook dáárteen beswaar het. Verder kan die per=soon wat die opening waarneem, 'n Skrifgedeelte lees wat 'n be=paalde leer onderskryf of laat deurskemer, en dit is in bot=sing met die bepalings van klousule 4.

Selfs die gebruik om gewyde liedere tydens opening te sing kan dogmaties van aard wees aangesien nie alle kerke dieselfde liedere onderskryf nie.

Dit is 'n algemene gebruik dat predikante die skoolopening/ -sluiting waarneem, maar ook dit kan tot probleme lei. Indien 'n predikant net uit die Skrif lees, kan dit nog deurgaan, maar wat gebeur as hy 'n kort boodskap bring of die gedeelte uitlê? Du Plessis (1974, p.240) noem dat die vraag kan ontstaan waar= om slegs predikante van sekere kerke gevra word om die opening waar te neem.

Dit lyk egter nie asof hierdie klousule groot knelpunte laat ontstaan nie. As daar egter noukeurig vasgestel word wat klou= sule 4 bepaal, het klousule 4 die implikasie dat skole tydens opening uiters versigtig te werk moet gaan en slegs gedeeltes kan lees en gebede doen, liedere sing wat nie aan andersdenken= des aanstoot (sal) gee nie. Dieselfde geld natuurlik in die klaskamer waar die onderwyser elke dag moet open. Dit kan ook gebeur dat daar glad nie geopen word met Skriflesing en gebed nie - en dit kom neer op 'n oortreding van die ordonnansie. Dit is egter uiters moeilik om vas te stel of alle onderwysers aan dié bepalings van hierdie klousule gehoor gee. Holmes (1959, p.29) sê dat hierdie klousule in die hoërskool dikwels omseil word.

### 4.3.2 <u>Klousule 2 - Tydsduur wat Godsdiensonderrig moet beslaan</u>

Hierdie klousule kan as 'n groot verbetering op artikel 34(2) van die <u>Smutswet</u> beskou word. Artikel 34(2) van die <u>Smutswet</u> het geen minimum tyd vir Godsdiensonderrig voorgeskryf nie, maar slegs bepaal dat Godsdiensonderrig binne die eerste half= uur van elke dag gegee moes word. Was dit egter 5, 10, 15 of 20 minute binne die eerste halfuur? Dat daar moontlike ver= warring en ook omseiling van hierdie klousule kon plaasvind

is duidelik.

Die <u>Ordonnansie</u> van 1953 bepaal dat Godsdiensonderrig in die primêre skool minstens twee uur en in die sekondêre skool min= stens een uur per week moet wees. Dus is die moontlikheid van onduidelikheid nou uitgeskakel. Dat die toekenning van twee periodes per week in die sekondêre skool ontoereikend is, is so. Om religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys tot sy reg te laat kom, moet die onderwyser voldoende tyd hê om die vak goed oor te dra.

Verder maak hierdie klousule ook voorsiening vir skole wat hoof= saaklik deur leerlinge van nie-Christelike ouers besoek word. Sodanige skole word vrygestel van die bepalings van artikels 1 en 2. Indien sodanige skole wel deur leerlinge van Christen= ouers besoek word, kan dié ouers deur middel van skriftelike aansoek Godsdiensonderrig vir hulle kinders verkry.

### 4.3.3 Klousule 3 - Die reg van die ouer op vrystelling van Godsdiensonderrig vir sy kind

Klousule 3 verleen aan die ouer die reg om vrystelling van Gods= diensonderrig vir sy kind te verkry en wel deur middel van skriftelike aansoek by die hoof. Hierdie is 'n noodsaaklike klousule in 'n staatskoolstelsel waar die bevolking nie homogeen ten opsigte van godsdiens is nie. Dit is dus 'n maatreël om die minderheidsgroepe te beskerm deur dit vir hulle moontlik te maak om hulle aan verpligte Godsdiensonderrig te onttrek. Die minderheid sien 'n bedreiging van die kant van die meerderheid, naamlik dat die meerderheid se geloof op die minderheid afge= dwing sal word (Holmes, 1959, p.279). Dat daar vele ouers is

wat van die vergunning gebruik maak, blyk reeds uit die vol= gende: "Er zijn 318 leerlingen wier ouders hebben gevraagd dat hun kinderen zullen worden vrygesteld van het vak bybelse geskiedenis" (T.O.D.-verslag, 1917, p.116).

Holmes (1959, pp.297-298) vermeld: "Many Catholics keep their children out of the state schools on religious grounds", en hy gaan verder deur te sê dat dit gewoonlik Jode en Katolieke is wat om vrystelling aansoek doen, veral tydens die laerskool= jare, aangesien die leerlinge op hierdie jare ontvanklik is vir oortuiging en maklik verward kan raak. Die ongelykheid en uniekheid van elke mens is 'n onvervreembare reg van die in= dividu en hierdie klousule handel dus in ooreenstemming met die Christelike mensbeskouing soos in hoofstuk 2 gestel.

Wat hierdie klousule betref, bepaal die Transvaalse Onderwys= departement dat Joodse kinders en andere wat vrystelling van Godsdiensonderrig het, nie hulle tyd mag verdryf deur spele of niksdoen nie, maar dat hulle nuttig besig gehou moet word (Bekker, 1954, p.314). Die reëling volg na klagtes van ander leerlinge dat hiérdie leerlinge geleentheid kry om huiswerk, leerwerk, ensovoorts te doen terwyl hulle in die Godsdiens= onderrigklas besig moet wees.

Dat hierdie klousule een van die fundamentele vryhede van die mens erken, naamlik geloofsvryheid, is nie te betwyfel nie. In die Universele Deklarasie van menseregte van 10 Desember 1948 van die Algemene Vergadering van die VVO word onder an= dere voorsiening gemaak vir godsdiens- en gewetensvryheid

(Van der Vyver, 1974, pp.41-42).

Dit is opvallend dat weinig ouers van hierdie klousule gebruik maak. Uit 'n ondersoek by vyf sekondêre Afrikaanse skole in Pretoria het dit geblyk dat daar slegs by een skool 'n aansoek om vrystelling van Godsdiensonderrig in 1980 was. Hierdie aan= soek is egter na oorlegpleging tussen die hoof en betrokke ouers teruggetrek.[1)]

Van der Vyver (Ibid) toon uit die Virginia-verklaring die vol= gende: "That all men are by nature equally free and indepen= dent, and have certain inherent rights, ..." Onder andere word genoem die vryheid van godsdiensoefening. So toon hy aan uit verskeie lande se grondwette dat godsdiens- en gewetensvry= heid 'n "onskendbare" reg is.

Dit is interessant om te let op die Nigeriese grondwet wat be= paal dat: "Geen persoon verplig kan word om godsdiensonderrig te ondergaan of om teenwoordig te wees by of deel te neem aan 'n godsdiensseremonie wat nie ooreenstem met sy eie geloof nie" (Ibid, p.30). Van der Vyver (1974, p.30) gaan voort deur te sê dat die soort bepaling wel impliseer dat 'n skolier verplig kan word om Godsdiensonderrig te ontvang of godsdiensseremonies by te woon solank die godsdiens wat doseer word, die een is wat hy aanhang.

---

1) Ondersoeker het hierdie ondersoek gedoen deur middel van persoonlike onderhoude met die hoofde van die vyf betrokke skole in Pretoria. Die ondersoek is gedurende Oktober 1980 uitgevoer.

### 4.3.4 Klousule 4 - Dogmaklousule

Hierdie klousule verbied enige bepaalde leer of dogma wat onderskeidend van enige gesindte of sekte kan wees. Wet 25 van 1907 het bepaal dat "geen leer" onderrig mag word nie, teenoor die huidige ordonnansie se "geen bepaalde leer nie". Die veranderde bepaling kan beteken dat nie alle dogma nie, maar slegs sekere dogma onderrig mag word. Bekker (1954, pp.439-440) sê dat die nuwe bepaling so geïnterpreteer kan word dat 'n sekere mate van dogmatiese onderrig wél kan plaasvind.

Selfs die Administrateur (soos aangehaal in Grové, 1971, p.67), sê dat slegs die eienaardighede van die verskillende sektes deur hierdie klousule uitgeskakel word. Die Ordonnansie van 1953 het dus geensins verander ten opsigte van dié klousule van die Wet van 1907 nie. Daar is slegs 'n beter bewoording aan gegee. Hierdie bewoording lei tot 'n veel ruimer vertolking van die klousule, soos uit die vorige paragraaf blyk.

Hierdie blyk een van die moeilikste klousules van die Ordonnansie te wees en dit lei, soos 'n mens kan verwag, tot die meeste knelpunte. Greyling (1946, p.111) raak die kern van die probleem aan as hy sê dat geen onderwyser hom kan losmaak van sy eie wêreld- en lewensbeskouing nie. Hy sal dit alleen kan doen as hy "in die môre wanneer hy die skool binnestap sy persoonlikheid buitekant kan laat". Tweedens lê so 'n beperking die onderwyser dermate aan bande dat sy werk in 'n groot mate kragteloos en vrugteloos word. Dit lei tot vervlakking van die onderwys en tot verveling by die kind.

Volgens Van der Walt (1975, p.172) is dit duidelik dat alle

Godsdiensonderrig op skool 'n leerstellige karakter moet besit. Christelike godsdiens bo geloofsverdeeldheid is 'n fiksie, want alle Bybelse terme, byvoorbeeld sonde, bekering, God, wonder, ensovoorts, is gelaai met leerstelligheid.

Dat die bepalings van hierdie klousule dikwels oortree word, blyk uit die volgende: "On a number of occasions there has been a embaressing emphasis on doctrinal teaching of a very special sort" (Holmes, 1959, p.93). Verder: "The scripture lesson is good, but in Std. III I did not like it because the teacher would try and find fault with my church and try to make it look bad. Churches should never be criticised such as was the case in Std. III".

Stander (1973, p.118) vind dat 5,7 persent van die leerlinge wat in sy ondersoek ondervra is, dinge in die Godsdiensonder= rigklas gevind het wat strydig was met hulle eie kerkleer.

Dat sulke aantygings gegrond is, kan nie betwyfel word nie, maar nou is dit so dat dit vir die Christenonderwyser, soos trouens vir enige onderwyser, onmoontlik is om (werklik?) neu= traal te wees in sy onderrig, veral op grond van sy geroepen= heid as draer van die Evangelie. Hierdie klousule het dus die gevolg van die daarstelling van 'n neutrale Godsdiensonderrig op skole. Neutrale Godsdiensonderrig, en voortvloeiend daar= uit neutrale Christenskap, kom egter neer op verraad van die ware geloof en kan nie geduld word nie.

Landman (1972, p.100) stel dit duidelik: "Die Christen-onder= wyser moet sy Christelike lewensopvatting saam met hom die klaskamer indra en lewewekkende arbeid verrig sodat die kind

in 'n toenemende mate sal weet wat dit beteken om Christelik te lewe".

Dit is duidelik dat daar weinig sprake van ware Christelike onderwys in 'n heterogene groep sal wees, aangesien die beskerming van die minderheid se regte ware Christelike onderwys verhoed. Van der Schijf (1969, p.281) meen die feit dat Calvinis, liberalis en ongelowige in een klas sit, veroorsaak dat Christelik-nasionale onderwys nie tot sy reg kan kom nie. As die geloofsoortuigings van byvoorbeeld die Jode in ag geneem moet word, dan "... moet Godsdiensonderrig en toepassing van Bybelse beginsels in die sekulêre vakke so afgewater word dat dit glad nie Christelik-nasionale onderwys kan wees nie" (Du Plessis, 1974, p.243).

Tydens 'n kommissieondersoek in 1950 is aangetoon dat Godsdiensonderrig in skole en Christelike opvoeding baie nou met mekaar geassosieer is, maar dit word beklemtoon dat dit nie voldoende vir die kind se religieuse ontwikkeling kan wees nie. Die onderwyser sit egter (in die Godsdiensonderrigklas) met die probleem van leerlinge wat uit nie-Christelike huise kom en dit werk stremmend op die onderrig in (Holmes, 1959, p.71).

Neutrale of dogmalose Godsdiensonderrig sal alleen moontlik wees as die onderwyser iets soos 'n rubberseël was wat sy merk op dooie stukke papier kon afdruk in plaas van op lewende kinders. "Dit sou moontlik wees ... maar dit is onmoontlik" (Greyling, 1941, pp.127-128).

Soos blyk uit die getalle in hoofstuk 2 aangaande kerklidmaatskap is dit duidelik dat 93,8 persent van die Blankes (nominaal,

ten minste) Christene was. Andersdenkendes vorm dus op grond van die harde syfers 'n klein minderheid.

Stander (1973, p.167) toon dat 86,6 persent van die leerlinge wat Godsdiensonderrig aan Transvaalse Afrikaanse skole ont= vang aan die drie Afrikaanse Reformatoriese kerke behoort, en daarom is dit niks minder as reg dat die gees en rigting van hulle godsdiensopvoeding Calvinisties sal wees nie.

Die ideale toestand sou dus inderdaad wees dat die minderheid die reg sou hê om vrystelling van Godsdiensonderrig te verkry (klousule 3) en dat die meerderheid die opvoeding sal ontvang wat eie aan sy aard is, naamlik in hierdie geval 'n Christelike opvoeding. Die teenoorgestelde is egter in die praktyk van toepassing, want die minderheid se regte word deur middel van die dogma-klousule so beskerm dat die meerderheid 'n verwaterde neutrale Godsdiensonderrig ontvang.

Om die regte van die minderheid te verskans agter 'n dogma-klou= sule en so die vak te verwater tot Godsdiensonderrig bo geloofs= verdeeldheid, is 'n daad wat vreemd aan die aard van Godsdiens= onderrig is en verwarring in die hand werk (Stone, 1972, p.65). Greyling (1941, p.133) stel dit duidelik dat Godsdiensonderrig bo geloofsverdeeldheid 'n onmoontlikheid is en dat dit lei tot botsing tussen huisgesin en skool. Dit lei ook tot 'n vervreem= ding tussen die kind en sy kerk.

Dit is duidelik dat Godsdiensonderrig in so 'n bedeling nie tot sy volle reg kan kom nie. "Godsdienstige opvoeding zonder dat het kind komt tot kennis van de geloofswaarheden ('dogmata') is niet mogelijk", aldus Waterink (Grové, 1971, p.86). Dit bly

dus op die oomblik moeilik vir die onderwyser om in die prak=tyk nie op andersdenkendes se tone te trap nie (Du Plessis, 1974, p.239).

Die bepaling "besondere gesindte of sekte" kan verder enige kerk insluit aangesien elke kerk as besonders of as 'n gesindte met 'n bepaalde leer of dogma beskou kan word.

In 'n ondersoek vind Holmes (1959, pp.344-345) dat probleme ont=staan as gevolg van die "stryd" tussen die verskillende kerke en die netelige vraagstuk van die minderheid, asook die onver=moë van die onderwyser om Godsdiensonderrig aan te bied. Nadat verskeie oplossings oorweeg is, bied hy die bes moontlike na sy oordeel aan, naamlik dat ware Christelike onderwys gegee moet word. Indien hierdie oplossing aanvaar word, moet daar nog steeds voorsiening vir nie-Christene gemaak word om vrystelling te verkry van Godsdiensonderrig. Indien dit moontlik is, moet hierdie kinders in hulle eie godsdiens onderrig word eerder as om algeheel niks tydens Godsdiensonderrigperiodes te doen nie (Ibid, pp.372-375).

Dat die bepaling van hierdie klousule ware Christelike onderwys verhoed, blyk uit die neutrale inhoud wat Godsdiensonderrig moet aanneem as gevolg van die "dogma"-bepaling. Die ideaal van Christelik-nasionale onderwys word by verre nie verwesenlik nie aangesien neutrale Godsdiensonderrig nooit ware Christelike opvoeding kan wees nie.

Diesel (1977, pp.10-11) stel 'n "alternatief" vir dié klousule voor. Hy stel voor dat die kind geleer moet word om objektief religieus te dink. Geloof word as 'n menslike verskynsel aan

die kind voorgehou om te bestudeer, en soos die kind ontwikkel, kan daar later oorgegaan word om twee of drie van die groot godsdienste aan hom bekend te stel. Uit hierdie verskeidenheid moet die kind, wat veronderstel is om objektief ingestel te wees, dan 'n keuse maak van die ware godsdiens. Hierdie is 'n goeie voorbeeld van Comparative religion - wat reeds in hierdie bespreking as onaanvaarbaar verwerp is (Vergelyk paragraaf 2.5).

Hierdie is 'n fenomenologies-pedosentriese uitweg en dit kom neer op minagting van sowel die doopbelofte as die sendingop= drag (Mattéüs 28:19). Om aan die kind die keuse en/of verant= woordelikheid oor te dra ten opsigte van sy geloof, is strydig met die Woord van God. Die fenomenologie gaan volgens Van Wyk (1977, pp.130-135) uit van die standpunt dat die mens "neutraal" alle dinge rondom hom moet aanskou en ervaar. Die mens moet dus self sy eie waarderingsorde kies en dit as eties-normatief in sy lewe stel.

So word die genade in Jesus Christus geminag; daar word uit die oog verloor dat die mens (kind) 'n in-sonde-gevalle wese is en dat hy nooit aan homself oorgelaat mag word nie. Die doel van opvoeding is volgens Diesel (Ibid) nie om die kind tot ge= loof te <u>bring</u> nie, maar "... to prepare children to became ma= ture, unprejudiced adults in a increasingly complex and plura= listic society". Hy gaan verder en sê dat onderwysers nie Christene hoef te wees nie, aangesien enige goed opgeleide on= derwyser in staat is om Godsdiensonderrig op 'n eerlike objek= tiewe wyse aan te bied. Hierdie "alternatief" is egter onaan= vaarbaar vir die Christenopvoeder.

Dit kan nie sterker gestel word as wat Landman (1972, p.100) dit doen nie. "Dit beteken dat die Christenonderwyser nie eens mag probeer om neutraal te staan in die skoolse opvoedingsitua= sies nie want veral vir hóm is enige poging tot 'n sogenaamde neutrale opvoeding afkeurenswaardig. Die Christenonderwyser <u>leef</u> sy Christelike lewensopvatting".

### 4.3.5 Klousule 5 - Persone wat Godsdiensonderrig mag onderrig

Klousule 5 bepaal dat Godsdiensonderrig slegs onderrig of do= seer mag word deur 'n persoon wat verbonde is aan die bepaalde skool. Hierdie bepaling is dieselfde as dié van die <u>Smutswet</u> van 1907. Smuts het met hierdie bepaling gepoog om die kerk asook die leer en dogma uit die skool te weer. Die gebruik (voor 1907) dat predikante Godsdiensonderrig waargeneem het, is met die wet in 1907 beëindig en is net weer in 1953 bevestig (Du Plessis, 1974, p.240).

By die meeste skole is dit 'n instelling dat predikante gereeld die skoolopening/-afsluiting waarneem. Die vraag ontstaan eg= ter of hierdie gebruik nie strydig is met die bepalings van klousules 4 en 5 nie, veral as die predikant 'n kort boodskap lewer. Du Plessis (Ibid) meen dat dit dogmatiese onderrig is.

### 4.3.6 Klousule 6 - Die gewetensklousule

Hierdie klousule verplig alle onderwysers om Godsdiensonderrig te doseer tensy die onderwyser skriftelik beswaar voorlê aan die Direkteur van Onderwys. Dit is dus 'n klousule wat die on= gelowige/ateïstiese/sektariese onderwyser daarvan vrywaar om Godsdiensonderrig aan te bied indien hy beswaar daarteen het.

Daar was vroeg in die geskiedenis al enkele gevalle waar 'n on= derwyser om vrystelling gevra het om nie Godsdiensonderrig aan te bied nie (Bekker, 1954, p.267). Volgens die verslag van Afrikaanse skoolhoofde van 1937 het 18 uit 530 leerkragte vry= stelling van aanbieding van Godsdiensonderrig ontvang (Ibid, p.320).

Dit is egter ook so dat daar baie onderwysers is wat nie om vrystelling aansoek doen nie, alhoewel baie van hulle gekant is teen die aanbieding van Godsdiensonderrig. Gevolglik bied baie leerkragte die vak teësinnig en onder dwang aan (Holmes, 1959, p.314). Die Kerkbode van 13 Januarie 1921 het sy besorgd= heid uitgespreek oor die aantal onderwysers wat nie net die waarhede van die Christendom verwerp het nie, maar openlik die spot daarmee dryf (Bekker, 1954, p.273).

Bekker (1954, pp.275 en 332) noem voorts dat die meeste onder= wysers Godsdiensonderrig doseer en dat van hierdie onderwysers onder die invloed van die liberale gees in Transvaal verkeer, ook ten opsigte van hulle oortuigings en geloof. Vanselfspre= kend sal dit hulle onderrig beïnvloed. Onder hierdie onderwy= sers was (is) daar ongelowiges en spotters en die genoemde Die Kerkbode (13 Januarie 1921) meld: "Daar is bekende gevalle van Afrikaanse onderwysers wat openlike ateïste is". Die probleem bestaan vandag nog dat onderwysers se lewenswandel dikwels nie ooreenkom met wat hulle in die klas verkondig en leer nie.

In 'n ondersoek aan een Transvaalse Universiteit is die volgende gegewens verkry deur middel van 'n vraelys wat aan studente uit=

gestuur is om die kerkverband van elkeen te bepaal:[1)]

6291 Vraelyste is uitgestuur -

407 studente het geweier om die vraelys in te vul

3620 studente het hul lidmaatskap as Nederduitse Gereformeerde Kerk aangedui;

693 studente het hul lidmaatskap as Gereformeerde Kerk aange=dui;

142 studente het hul lidmaatskap as Hervormde Kerk aangedui;

110 studente het hul lidmaatskap as Apostoliese Geloofsending aangedui;

35 studente het hul lidmaatskap as Metodiste Kerk aangedui;

21 studente het hul lidmaatskap as Lutherse Kerk aangedui;

382 studente se lidmaatskap het die res van die verskillende Kerkgenootskappe gevul.

In 'n ondersoek by 'n Afrikaanse Onderwyskollege in Transvaal[2)] is die kerkverband van alle eerstejaarstudente in 1980 soos volg:

| | |
|---|---|
| Nederduits Gereformeerde Kerk .............................. | 268 |
| Hervormde Kerk .............................................. | 62 |
| Gereformeerde kerk ......................................... | 36 |

1) Die gegewens is van 'n dosent in Godsdiensonderrig aan die betrokke Universiteit verkry. Die naam van die Universi=teit word doelbewus nie vermeld nie. Die ondersoek is in 1980 uitgevoer.

2) Die Kollege word ook doelbewus nie geïdentifiseer nie. Die gegewens is in 1980 verkry.

| | |
|---|---|
| Apostoliese Geloofsending .............................. | 10 |
| Lutherse Kerk ........................................ | 4 |
| Baptiste .............................................. | 2 |
| Nuwe Apostoliese Kerk ................................. | 2 |
| Volle Evangelie ....................................... | 2 |
| Ou Apostoliese Kerk ................................... | 2 |

Die volgende kerke het slegs een lidmaat:
Christ Gospel, Sewende Dag Adventiste, Nuwe Protestante, Rooms Katolieke Kerk, Emmarentia Kerk, Spade Reën, P.P.K. en Meto=diste.

Dit kan aanvaar word dat 'n persentasie van die 407 Universi=teitstudente wat geweier het om die vraelyste in te vul ateïs=te en/of andersdenkendes is. Die vraag ontstaan hoeveel van hierdie andersdenkendes voornemende onderwysstudente is. In 'n groep van finalejaaronderwysstudente aan dieselfde Univer=siteit was daar in 1980 twee studente wat aan geen kerk be=hoort het nie en dit openlik erken het.

'n Verdere probleem is dié van die ongelowige ateïstiese/sekta=riëronderwyser. Kan hierdie onderwyser ooit die Christelik-nasionale karakter van die onderwys tot sy reg laat kom as hy self nie daarin glo en dit bely nie? Stander (1973, p.31) sê dat die ouer die reg het om toe te sien dat slegs onderwysers met vaste beginsels en wat Calvinisties in hulle lewensbeskou=ing is, aan skole aangestel behoort te word. Die teendeel kan egter waar wees as daar gekyk word na die kerkverband van on=derwysers en onderwysstudente aan kolleges en universiteite.

Nog 'n vraag wat ontstaan is die volgende: "Kan 'n nie-Prote=

stantse onderwyser leerlinge van Protestants-Christelike kerke reg onderrig, dit wil sê, kan hy homself losmaak van sy eie religieuse beskouinge en so reg laat geskied aan die godsdien=stige behoeftes van daardie leerlinge wat aan hom toevertrou is?" (Grové, 1971, p.70). Van der Schijf (1963, p.27) maak die stelling dat "As die lewensbeskouing van die ouers Chris=lik-nasionaal is en die lewensbeskouing van die onderwyser is dit nie, dan sal die opvoedingsideaal van die onderwyser ook verskil van dié van die ouers".

Daar word ook gevra hoe onderwysers wat vrystelling ontvang het vir die doseer van Godsdiensonderrig tog die reg kan ver=kry om die <u>ander</u> vakke te onderrig. Dit is in teenstelling met <u>Wet</u> 39 van 1967 wat bepaal dat die karakter van die onder=wys Christelik moet wees (Grové, 1971, p.102).

Dit is om hierdie rede dat die CNO-kongres van 1913 bepaal het dat "Waar die onderwyser onsimpatiek is, die ouers hulle kin=ders van Godsdiensonderrig moet onttrek" (Van der Schijf, 1969, p.225). Die feit dat onderwysers onverskillig teenoor Gods=diensonderrig staan, word deur Holmes (1959, pp.318-320) toe=geskryf aan die gebrek aan tyd vir die opleiding van die Gods=diensonderwyser aan kolleges.

Hier vind ons dus 'n duidelike vorm van die sekulêr-godsdiens=tig-, natuurgenade- of die twee-terreine-leer, met die Gods=diensonderrig aan die een kant en die sogenaamde sekulêre vak=ke aan die ander kant.

Schoeman (1975, pp.17-26) stel hierdie antitese baie duidelik en wys daarop dat <u>alles</u> in hierdie lewe na twee pole neig -

of anastaties, dit wil sê Godgerig, of apostaties, dit wil sê mensgerig - dus weg van God af.

In die skool kan daar nie net verwag word om in die Godsdiens=onderrigklas anastaties op te tree terwyl die res van die skoolwerksaamhede wêreldgerig is nie. Dat alle mense nie ge=doem is na die sondeval van Adam nie, blyk uit die feit dat Christus die mens kom verlos en herskep het, maar Schoeman (Ibid) meld ook dat dit ontsaglike verantwoordelikhede vir die gelowige in sy daaglikse stryd teen die bose meebring. Vir Stoker (1961, p.130) kom hierdie "stryd" neer op die "ver-Christianisering" van al die terreine van die lewe, dit wil sê die uitleef van die Christelike beginsels op alle terreine. In hierdie geval dus in die hele skool (alle vakke) en nie net in Godsdiensonderrig nie.

'n Wesenlike probleem bestaan daarin dat die Godsdiensonderrig-sillabus op Transvaalse Onderwyskolleges slegs gedurende die eerste en tweede studiejare deurgewerk word. (Curriculum en Vakperiode-indeling vir die Transvaalse Onderwyskolleges.) Daar=na verloop daar 'n verdere twee jaar voordat die student in die praktyk staan. Teen daardie tyd het baie van sy kennis ver=vaag en moet die student onderrig gaan gee in 'n vak waarin hy twee jaar tevore laas opleiding ontvang het. Om religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys ten volle tot sy reg te laat kom, móét die student se kennis aangaande Godsdiensonderrig vars in die geheue wees en dit is derhalwe van uiterste belang dat sy opleiding in die vak oor al sy stu=diejare strek, of dan ten minste oor die laaste twee studieja=re. Die student moet ten volle toegerus en gemotiveerd in die skool as onderwyser in Godsdiensonderrig aankom. Slegs só

kan hy dié Godsdiensonderrig doseer wat die ouers en leerlinge van hom verlang.

Die groot probleem bly egter die ouer se vrees dat 'n ongelowige onderwyser of 'n nie-Christenonderwyser aan sy kind Godsdiensonderrig sal gee. Soos reeds aangetoon, raak hierdie probleem nie net Godsdiensonderrig nie, maar alle vakke wat onderrig word, want ook daarin moet die Christelike karakter na vore kom en dit kan nie geskied onder begeleiding van 'n ongelowige onderwyser nie.

'n Verdere probleem ontstaan in sekondêre skole deurdat Godsdiensonderrig as vak versnipper word as dit by die aanbieding kom. Die gebruik dat onderwysers se rooster "vol gemaak" word met een of twee Godsdiensonderrigperiodes per week lei tot antagonisme teenoor die vak aan die kant van die onderwyser én die leerlinge. Dit is nie vreemd dat tot nege onderwysers op een hoërskool verantwoordelik is vir Godsdiensonderrig nie in plaas van die ideaal van twee of drie vakspesialiste. Van der Walt (1975, p.177) meen dat dit skokkend is om te verneem dat Godsdiensonderrigperiodes gebruik word om onderwysers se roosters te vul, of om ander vakke in te doseer of as huiswerkperiodes te gebruik.

Die feit dat 'n aantal "half"-opgeleide onderwysers aan 'n enkele skool die vak aanbied, laat die religieuse en lewensbeskoulike differensiasiebeginsel nie tot sy reg kom nie. Dikwels word hierdie onderwysers gedwing om Godsdiensonderrig aan te bied en word dit halfhartig deur hulle aangepak. Die beginsel van religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys eis dat die onderwyser wat die vak aanbied 'n deeglik opgelei=

de, deskundige vakman sal wees wat die vak buitendien ook volgens die eise van die ouers van die leerlinge in die skool sal kan aanbied, dit wil sê, in ooreenstemming met die gees en die rigting van die ouerhuise van die leerlinge in die skool.

Uit die ondersoek wat aan vyf sekondêre skole in Pretoria[1] gedoen is, blyk die volgende:

Skool A

| | |
|---|---|
| Aantal leerlinge in die skool ............. | 880 |
| Onderwysers op personeel .................. | 43 |
| Onderwysers wat Godsdiensonderrig gee ..... | 1 voltyds |
| | 3 deeltyds[2] |

Skool B

| | |
|---|---|
| Aantal leerlinge in die skool ............. | 830 |
| Onderwysers op personeel .................. | 43 |
| Onderwysers wat Godsdiensonderrig gee ..... | 2 voltyds |
| | 1 Bybelkunde/Godsdiensonderrig |

1) Vergelyk bladsy 79 waar die ondersoek die eerste keer vermeld is.

2) Met deeltyds word bedoel dat hiérdie onderwyser nie slegs Godsdiensonderrig aanbied nie, maar dat 'n deel van sy rooster beslaan word deur Godsdiensonderrigperiodes.

## Skool C

| | | |
|---|---|---|
| Aantal leerlinge in die skool ......... | 970 | |
| Onderwysers op personeel ............. | 49 | |
| Onderwysers wat Godsdiensonderrig gee . | 1 | voltyds |
| | 3 | deeltyds |

## Skool D

| | | |
|---|---|---|
| Aantal leerlinge in die skool ......... | 1 507 | |
| Onderwysers op personeel ............. | 71 | |
| Onderwysers wat Godsdiensonderrig gee . | 14 | deeltyds |

## Skool E

| | | |
|---|---|---|
| Aantal leerlinge in die skool ......... | 1 018 | |
| Onderwysers op personeel ............. | 64 | |
| Onderwysers wat Godsdiensonderrig gee . | 1 | voltyds |
| | 7 | deeltyds |

Hieruit blyk dit dus dat die posisie by skool B die ideaal is, veral gesien in die lig daarvan dat al drie personeellede vak=spesialiste in Godsdiensonderrig is. Die posisie by skole D en E wek egter kommer.

Stander (1973, p.81) toon aan dat in sommige skole van agt tot elf personeellede vir Godsdiensonderrig verantwoordelik is (Die gemiddeld uit 20 skole is 5). As daar van vakspesialiste gebruik gemaak word, kan hierdie getal afneem tot slegs drie per skool. In die meeste gevalle is onderwysers nie onderlê in die aanbieding van Godsdiensonderrig nie en aangesien dit

nie hulle hoofverantwoordelikheid op skool is nie, voel hulle ook dat hulle nie aan inspeksie onderhewig kan wees nie. Die feit dat die vak nie aan meting onderhewig is nie, maak dit moeilik om te bepaal of daarmee erns gemaak word.

Hierdie versnippering lei daartoe dat die Godsdiensonderrig= periodes dikwels as "huiswerk"-periodes gebruik word en die kind dus prakties gesproke vir daardie jaar geen Godsdienson= derrig ontvang nie. Stander (1973, p.177) noem dat 'n onrus= barende persentasie leerlinge hulle skuldig maak daaraan om huiswerk in Godsdiensonderrigperiodes te doen naamlik 29,7 persent in standerd ses en 57 persent in standerd tien. Hier= die ondersoek is in 1972/1973 in Transvaalse hoërskole gedoen.

Stander (1973, p.81) se ondersoek toon dat 51,1 persent van die personeellede wat Godsdiensonderrig aanbied, geen univer= sitêre opleiding ten opsigte van Bybelkunde gehad het nie en 28,3 persent geen besondere opleiding in Godsdiensonderrig nie. Soos in enige ander vak kan die onopgeleide onderwyser nie die vak tot sy reg laat kom nie, veral nie in die meer senior klas= se waar geloofs- en sedeleer ter sprake kom nie.

### 4.3.7 Slotsom

Uit die voorgaande paragrawe blyk dit dat slegs twee van die ses klousules nié lei tot knelpunte nie; dat daar dus in vier van die klousules ruimte vir verbetering/verandering is en dat so 'n verandering die meeste van hierdie knelpunte kan uit= skakel. 'n Moontlike oplossing sal in hoofstuk 6 aangetoon word.

## 4.4 DIE WET OP NASIONALE ONDERWYSBELEID, WET 39 VAN 1967[1)]

Soos vroeër gemeld, is hierdie wet deur die regering aanvaar omdat òf die provinsiale onderwysordonnansies as onvoldoende beskou is òf gevrees is dat sommige provinsiale rade hulle or=donnansies so kon wysig dat dit nie meer vir die regering aan=vaarbaar sou wees nie. Hierdie wet vervang dus nie enige or=donnansie nie, maar moet gesien word as die daarstelling van 'n breë beleid binne die raamwerk waarvan provinsies hulle on=derwys moet reël (Du Plessis, 1974, p.242).

Dit is egter opmerklik dat die huidige onderwysordonnansie wat onderwys in Transvaal reël, uit 1953 dateer en dat daar geen wysigings tot op datum (1980) aangebring is nie, selfs nie na die verskyning van Wet 39 van 1967 nie. Daaruit kan afgelei word dat die owerhede Ordonnansie 29 van 1953 as oor=eenstemmend met die voorskrifte van Wet 39 van 1967 ag. Die doel van hierdie studie is onder andere om aan te toon dat knelpunte juis as gevolg van die botsende bepalings van die ordonnansie en die wet ontstaan het.

Die paragraaf van die wet wat veral van toepassing is, lui soos volg: Die minister kan van tyd tot tyd die algemene beleid bepaal en "wel binne die raamwerk van die volgende beginsel, naamlik, dat - die onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administra=sie) in stand gehou, bestuur en beheer word, 'n Christelike karakter moet hê, maar dat die geloofsoortuigings van die ouers

---

1) Die wet is volledig aangeheg (kyk bylae C).

en die leerlinge geëerbiedig moet word wat betref godsdiens= onderrig en godsdienstige plegtighede." (Wette van die Repu= bliek van Suid-Afrika, p.948). (Onderstreping - IvdM).

Van der Vyver (1975, p.75) stel dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse regering nie kant kies vir of teen 'n bepaalde kerk= genootskap nie, maar beslis voorkeur gee aan spesifieke Chris= telike beginsels.

Alle staatsbeheerde onderwys moet dus na 1967 'n Christelike karakter hê en dit dui nie slegs op Godsdiensonderrig nie maar op alle vakke wat op skool aangebied word. Verder word bepaal dat die geloofsoortuigings van die ouers en leerlinge gere= spekteer moet word. Alhoewel dit alles mooi klink en 'n ver= wesenliking van 'n jarelange ideaal blyk te wees, sê Du Plessis (1974, p.243) dat hierdie bepaling so wyd is dat enige verkla= ring daaraan gegee kan word.

Stone (1972, p.65) sê dat die bepaling "... dat die geloofs= oortuigings van ouers en leerlinge ..." 'n belangrike rol in die onderwys speel. Volgens hom is die meerderheid Afrikaanse ouers en leerlinge se oortuigings Christelik-reformatories. "Indien hierdie meerderheid se oortuigings deur die onderwys= departemente eerbiedig word (en so ook die minderheidsoortui= ging se reg, deur vrystelling aan hierdie andersdenkendes te gee) mag die leerstellige suiwerheid van Godsdiensonderrig myns insiens in 'n hoë mate tot sy reg kom".

Hy sê voorts dat geen minister of direkteur dit sal waag om die term "Christelik" te omskryf nie aangesien daar dan op die terrein van die kerk beweeg word (Ibid). "Christelik" in die

wet is so 'n vae term dat dit selfs as "beskaafd-Westers" ver=
staan kan word.

Soos met die aanhef van die grondwet kan aanvaar word dat die wetgewer van die standpunt uitgaan dat hy deel vorm van 'n Christelike volk en aangesien hierdie volk (blankes) oorwegend Christene is, verwag hy dat die staatskole Christelik moet wees. Soos gemeld, kan die term "Christelik" moeilik omskryf word en lei dit daartoe dat Calvinis, sektariër en Rooms-Kato=
liek in skole onderrig kan gee, en dan daarop aanspraak kan maak dat hulle nie die wet oortree nie (Du Plessis, 1974, p.243).

In die staatskool vind ons leerlinge van ouers met verskillende lewens- en wêreldbeskouinge, selfs verskillende Christelike lewens- en wêreldbeskouinge. Dit plaas 'n verpligting op die skool om hierdie verskille in ag te neem en dus kan die Chris=
telike beginsel nie konsekwent deurgevoer word nie, omdat die skool "neutraal" moet probeer wees. Dat dit prinsipieel ver=
antwoord is om die minderheid se belange te beskerm, is reeds aangetoon, maar dit moet nie ten koste van die plek van die Christelike godsdiens op skool geskied nie. 'n Neutrale houding ten opsigte van godsdiens op skool om sodoende te verhoed dat die onderwyser op die Jood, ateïs of sektariër se tone trap, lei tot 'n verwatering van die Christelike beginsels.

Die vraag is egter nog steeds: Wat van die andersdenkende wat hom sal beroep op sowel die wet as die ordonnansie? Alvorens die meerderheid se "regte" nie beskerm word nie, sal die min=
derheid se wil afgedwing word en sal ons tevrede moet wees met 'n "geraamte van Christelikheid".

Die persoon wat meen dat 'n skool Christelik is omdat die Bybel daarin gerespekteer en as literatuurskat waardeer word, misken die Woord van God én die doel van Godsdiensonderrig. Hierdie wanindruk lei tot 'n valse gerustheid. In werklikheid is dit slegs 'n karikatuur van Christelikheid, aldus Greyling (Grové, 1971, p.87). Daar kan dus nie maar aanvaar word dat Christelik-nasionale onderwys tot sy reg sal kom omdat wetgewing dit so bepaal nie, want dit bly nog steeds ver van die ideaal van ware Christelike onderwys.

Godsdiensonderrig bo geloofsverdeeldheid kan alleen tot nadeel van die (Christen-) kind lei aangesien die onderrig wat die kind op skool ontvang anders is as dié wat hy tuis en in die kerk ontvang. Die gevolg is 'n verwarde kind, een met 'n ver=skeurde gees.

Dit word algemeen aanvaar dat Godsdiensonderrig hand aan hand met algemene Christelike onderwys gaan. Die curriculum vir Godsdiensonderrig word gevolglik so opgestel dat dit kennis van die Bybel veronderstel, maar kennisoordrag is nie voldoende vir die kind se godsdienstige ontwikkeling nie; die kind moet ook sy godsdiens en geloof <u>beleef</u>. Dit veronderstel nie net die Godsdiensonderrigperiode nie, maar die hele skoolsituasie. Die voorlewing van die onderwyser is hier dan ook van groot be=lang. Die groot probleem bly egter daardie kind wat uit 'n huis kom waar niks van die Christelike tot sy reg kom nie (Holmes, 1954, p.71).

Dat daar weinig sprake van ware Christelike onderwys sal kom in 'n heterogene leerlinggroep is duidelik, aangesien die besker=ming van die minderheid se regte ware Christelike onderwys ver=

hoed. Van der Schijf (1969, p.281) meen die feit dat Calvinis, liberalis en ongelowige in een klas sit, veroorsaak dat Chris=telik-nasionale onderwys nie tot sy reg kan kom nie. As die geloofsoortuigings van byvoorbeeld die Jode in ag geneem moet word, dan "... moet Godsdiensonderrig en toepassing van By=belse beginsels in die sekulêre vakke so afgewater word dat dit glad nie Christelik-nasionale onderwys kan wees nie" (Du Plessis, 1974, p.243).

## 4.5 GOEWERMENTSKENNISGEWING No. R2029 VAN 12 NOVEMBER 1971

Hierdie kennisgewing[1)] is 'n uitbreiding op Wet 39 van 1967 en poog om onduidelikhede oor die bepaling dat onderwys 'n "Chris=telike karakter" moet hê, uit die weg te ruim. Die bepaling dat onderwys in staatsbeheerde skole 'n Christelike karakter moet hê, word hier verder uiteengesit, naamlik dat hiérdie onderwys op die Bybel gegrondves moet wees en deur Godsdiens=onderrig as verpligte nie-eksamenvak beslag moet kry. Verder word bepaal dat die Christelike karakter beslag moet kry deur die gees waarin, asook die wyse waarop, alle onderrig en op=voeding behartig word.

Artikel 2b kan gesien word as die ideaal van Christelik-nasio=nale onderwys waarna daar jare lank gestreef is, naamlik dat alle onderrig en leerinhoude 'n Christelike karakter moet hê, dit wil sê, 'n integrering van "Bybelse" en "sekulêre" leerin=houde. Du Plessis (1974, pp.244-245) sê egter dat dit nie duidelik genoeg gestel word nie en dat hierdie artikel ook ge=

---

1) Goewermentskennisgewing No. R. 2029 is as bylaag D hierby aangeheg.

interpreteer kan word as 'n voorskrif tot 'n voorbeeldige lewens=wandel. Daar is dus in die praktyk nog steeds skeiding tussen Godsdiensonderrig en die res van die curriculum, aangesien Godsdiensonderrig nog steeds in 'n waterdigte kompartement aan=gebied word terwyl die res van die skoolvakke buite-om die beginsel van Christelik-nasionale onderwys aangebied word.

Waar hierdie kennisgewing (No. R. 2029) dus 'n poging was om onduidelikheid oor die Christelike karakter van die onderwys uit die weg te ruim, vind ons in klousule 3 van hierdie ken=nisgewing steeds 'n verskansing van die minderheid se regte. Die ideaal van Christelik-nasionale onderwysbeleid moet deur=gevoer word, maar dit geskied op voorwaarde dat dié ouers en leerlinge (dit wil sê andersdenkendes) se geloofsoortuigings eerbiedig word, en soos Greyling (1941, pp.127-128) dit stel: "Dit sou moontlik wees ... maar dit is onmoontlik", want as die ouers en leerlinge se geloofsoortuigings eerbiedig word kan die Christelik-nasionale onderwysbeleid nie deurgevoer word nie. 'n Verdere knelpunt wat ontstaan, is die feit dat Godsdiensonderrig 'n verpligte nie-eksamenvak is. Dit wil sê alle kinders moet dit neem, alhoewel daar geen eksamen in af=gelê word nie. Sommige mense sê dat 'n kind se godsdiens of geloof nie in syfers uitgedruk kan word nie. Die feit bly egter dat hierdie vak aan al die ander opvoedkundige vereistes moet voldoen. Bingle (1962, p.6) sê dat die aanbieding van hierdie vak wetenskaplik-opvoedkundig verantwoordbaar moet wees.

Hierdie verantwoordbaarheid sluit onder andere ook meting in. Bekker (1954, pp.275-276) toon aan dat daar 'n slapheid in die vak te bespeur is. Selfs inspeksie van die vak is oppervlak=

kig gedoen aangesien dit nie 'n eksamenvak is nie. Leerlinge gaan dikwels van die standpunt uit dat dié vak in elk geval nie "tel" nie en dus is dit nie nodig om daarin te werk nie. Dit hang dus grootliks van die onderwyser af om die leerlinge positief te beïnvloed. Indien hierdie motivering ontbreek, kan die Godsdiensonderrigperiode ontaard in 'n huiswerkperiode.

## 4.6 DIE GEDRAGSKODE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERS=RAAD (SAOR)

Daar kan aanvullend aangetoon word dat die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes wat in Maart 1979 ingestel is in sy gedragskode vir onderwysers die volgende stel:

"3. Die onderwyser -

3.1 oefen sy roeping uit in die erkenning van die beginsel dat die opvoeding in hierdie land gegrondves is op die Bybel. In die toepassing van die beleid met betrekking tot die Christelike karakter van die onderwys eerbiedig hy egter ook te alle tye die geloofsoortuigings van die ouers en leerlinge wat godsdiensonderrig en godsdien=stige plegtighede betref;" (SAOR, 1979, p.22).

Hierdie is weer eens 'n erkenning van die Christelike karakter van die onderwys, maar onderhewig gestel aan die eerbiediging van andersdenkendes se geloofsoortuigings. Basies is dit dus 'n voortsetting van die wetgewing en ordonnansie soos uiteenge=sit in die vorige paragrawe. Daar bestaan ook volgens dié Raad se registrasievereistes geen bepaling dat 'n onderwyser aan enige kerk moet behoort nie.

## 4.7 KNELPUNTE IN HIERDIE HOOFSTUK BLOOTGELÊ

Uit bogenoemde oorsig word die volgende knelpunte rondom Godsdiensonderrig in Transvaalse blanke skole geïdentifiseer:

4.7.1 die sing van byvoorbeeld Psalms en/of Gesange kan aanstoot aan sommige leerlinge gee;

4.7.2 skoolopening deur 'n predikant is dogmaties van aard as hy ook Skrifuitlegging doen;

4.7.3 dat daar oortreding van die dogma-klousule plaasvind blyk uit bevindinge wat Holmes (1959, p.93) en Stander (1973, p.118) gemaak het, naamlik dat onderwysers leerstellinge verkondig wat strydig is met sekere leerlinge se kerkleer;

4.7.4 die dogma-klousule werk neutraliteit ten opsigte van Godsdiensonderrig in die hand wat vir die Christenouer, -kind en -onderwyser beslis onaanvaarbaar is;

4.7.5 die teenwoordigheid van andersdenkendes in 'n Godsdiensonderrigklas werk stremmend op die onderrig in;

4.7.6 Godsdiensonderrig bo geloofsverdeeldheid is onmoontlik en lei tot 'n botsing tussen skool en kerk, skool en ouerhuis;

4.7.7 andersdenkende onderwysers se onderrig in Godsdiens kan lei tot 'n botsing met die lewensbeskouing van die Christenkind;

4.7.8 die aanbieding van Godsdiensonderrig as vak aan voornemende onderwysstudente tydens hulle eerste en tweede studiejaar lei daartoe dat hulle, teen die tyd dat hulle gaan skoolhou, reeds baie waarvan hulle geleer het, vergeet het;

4.7.9 die feit dat Godsdiensonderrig nie meetbaar is nie, dit wil sê 'n nie-eksamenvak is, is nie wetenskaplik-opvoedkundig verantwoordbaar nie, aldus Bingle (1962, p.6);

4.7.10 die versnippering van die vak deur tot agt onderwysers verantwoordelik te maak vir Godsdiensonderrig aan een skool is 'n knelpunt en lei daartoe dat hierdie perio=des (Godsdiensonderrig-) vir huiswerkperiodes aange=sien word, en

4.7.11 "onopgeleide" onderwysers kan die vak nie tot sy reg laat kom nie.

## 4.8 SAMEVATTEND

In die lig van die ontleding van die wette, ordonnansie en ken=nisgewing, kan daar nou tot die volgende gevolgtrekkings gekom word:

Christelike onderwys is verpligtend volgens Wet 39 van 1967 en Goewermentskennisgewing no. R. 2029 van 1971. In die lig van die feit dat 93,8 persent van die blanke bevolking in Suid-Afrika nominaal Christene is, kan die volk (ouers) eis dat hulle kinders in Christelike skole Christelike onderrig moet ontvang. Die probleem ontstaan egter by Ordonnansie 29 van 1953 wat alle dogma of onderskeidende leer verbied. Die on=derwys kan nie Christelik wees as die Christelike dogma ver=bied word nie. Dus vind ons dat die meerderheid (Christene) moet ly onder 'n neutrale "onchristelike" stelsel as gevolg van die klousule wat die minderheid se regte beskerm.

Dit gebeur dat ateïstiese en/of nie-Christenonderwysers aan

Christenkinders onderwys gee. Kan hierdie persone die ideale ten opsigte van Christelik-nasionale onderwys tot hulle reg laat kom? 'n Verdere vraag is hoe 'n onderwyser wat vrystelling ontvang het ten opsigte van die aanbieding van Godsdiensonder=rig, ander vakke Christelik kan aanbied?

In hierdie hoofstuk is daar gelet op die wetgewing en die or=donnansie wat Godsdiensonderrig asook ander onderrig in Trans=vaal bepaal. Om die situasie rondom Godsdiensonderrig te ver=gelyk met die situasie in ander lande, sal daar nou in hoofstuk 5 na die posisie in Nederland en Engeland gekyk word.

# HOOFSTUK 5

## GODSDIENSONDERRIG IN SKOLE, EN DIE POSISIE VAN ANDERS=GESINDES IN TWEE ANDER LANDE

### 5.1 INLEIDEND

Daar word in hierdie hoofstuk na slegs twee lande ten opsigte van die posisie van Godsdiensonderrig op skool, ondersoek in=gestel, naamlik Nederland en Engeland. Die keuse van slegs hierdie twee lande berus op die volgende argumente: Nederland kan beskou word as die stamland van Suid-Afrika, want dit is vanuit Nederland wat daar in 1652 'n kolonie alhier gestig is. Vir 'n hele aantal jare sou die geskiedenis, en so ook die on=derwys, vanuit Nederland bepaal word (kyk ook hoofstuk 3.2.1). Buiten die getal Franse en Engelse wat om politieke redes òf gevlug het òf hierheen gestuur is, was die inwoners oorwegend Nederlands, soos ook aangedui word deur die taal wat indertyd gepraat is.

Engeland, aan die ander kant, sou gaandeweg 'n groot invloed uit=oefen op Suid-Afrika, veral tydens die anneksasiejare en daar=na. In die tydperk toe Suid-Afrika byvoorbeeld 'n kolonie van Engeland was, het laasgenoemde 'n groot invloed, veral op die onderwys, gehad. Soos reeds aangedui (kyk paragraaf 3.2.4), het veral die liberale gees en wetgewing vanuit Engeland hier=heen oorgewaai en ook die Godsdiensonderrig beïnvloed.

Die houding teenoor andersgesindes (wat Godsdiensonderrig in skole betref) in hierdie twee lande kan 'n aanduiding wees van hoe hierdie probleem aldaar hanteer word en watter probleme

ook aldaar in hierdie verband na vore kom.

## 5.2 NEDERLAND

### 5.2.1 Oriëntering

Dit is noodsaaklik om te let op die volgende kenmerk van die Nederlandse skoolstelsel alvorens die posisie van Godsdienson=derrig nagegaan kan word. Tot en met 1806 is alle onderwys buite die ouerhuis as openbare onderwys beskou. Die wet van 1806, naamlik die Wet voor het lager schoolwezen en onderwijs in de Bataafsche Republiek, bepaal dat openbare skole alle skole is wat uit 'n openbare bron gesubsidieer, onderhou of on=dersteun word. Die "bijzondere scholen" bestaan daarteenoor uit skole wat òf deur een òf meer spesifieke privaatpersone on=derhou is, of skole wat onderhou word uit die skool- en koshuis=gelde van die leerlinge (Idenburg, 1964, p.29). Die anders=heid wentel dus hier om die subsidie van die skool uit 'n open=bare bron al dan nie. Die besondere Christelike skole val, omdat hulle nie sodanig onderhou word nie, onder die besondere skole. Die "bijzondere" skole kan dus beskou word as private skole (Van Diujvendijk, 1966, p.13).

### 5.2.2 Wetgewing

Drie wette oefen in Nederland 'n invloed op Godsdiensonderrig uit, naamlik die Wet op het Hoger onderwijs van 1876; en Wet op het Middelbaar Onderwys van 1863 en die Wet op het Voortge=zet Onderwijs, 1963 (Roest, 1968, p.9).

Volgens die eerste twee wette (die Wet op het Hoger onderwijs

van 1876 en die Wet op het Middelbaar Onderwijs van 1863) moet leerlinge Godsdiensonderrig in die skoollokale of elders ont= vang van die godsdiensleeraar ('n "Leeraar" is volgens van Duijvendijk, 1966, p.54 'n meester of dosent, in Afrikaans 'n onderwyser). Die ure aan hierdie vak toegewys, val binne die skooltyd of skakel daarby aan. Die wet bepaal voorts dat die kerk of plaaslike gemeente die Godsdiensonderrigonderwysers moet aanstel. Henkel (1960, pp.216-217) opper die vraag: "Wie zijn de godsdienstleraren ...?" As antwoord sê hy dat die wetgewer in die eerste plek gedink het aan die predikant, en in die tweede plek eers aan 'n kerklik aangestelde en besol= digde Godsdiensonderrigonderwyser wie se hooftaak dit is om binne en buite die skool Godsdiensonderrig te gee.

'n Probleem volgens Henkel (Ibid) is dat hierdie onderrig deur 'n "vreemde" man (dit wil sê van buite die skool) dikwels tot probleme gelei het, vandaar dat mettertyd aanvaar is dat die Godsdiensonderrigonderwyser 'n lid van die personeel en ver= kieslik die klasonderwyser sou wees.

Dit is interessant om hierbenewens daarop te let dat die tyd en tydsduur van hierdie onderrig bepaal word na oorlegpleging tussen die skool en kerk of plaaslike gemeente (Ibid).

Dit blyk voorts dat Godsdiensonderrig wat deur die "godsdienst= leraren" of onderwysers gegee word op basiese kategetiese on= derrig neerkom. Roest (1968, p.9) noem dit "schoolcatechisa= tie" wat deur 'n onderwyser gegee word in opdrag van die kerk of soortgelyke instansie. Hier bestaan dus 'n noue samewer= ing tussen kerk en skool.

Reeds van vroeg af kan die gereformeerde beginsel in die staat en onderwys van Nederland gesien word. In 1655 al is bepaal dat kinders in die "Christelijke Gereformeerde Religie" opge= voed moet word. Idenburg (1964, p.77) meld dat onderwysers lidmate van die Gereformeerde kerk moes wees. Selfs handboeke moes gekeur word en die gereformeerde geloof bevorder.

Die wet van 1963 (Wet op het Voortgezet Onderwijs) het weinig verandering hieraan gebring, trouens dit kan eerder gesê word dat die ontwikkelinge wat in die loop van jare ten opsigte van Godsdiensonderrig plaasgevind het (in 1963 in duidelike taal), in 'n wet vasgelê is. Dit word met die wet aanvaar dat die Evangelie en die kultuur 'n onvermydelike kompromie in Godsdiensonderrig as vak op skool vind (Roest, 1968, p.11).

Die enigste verskil tussen hierdie wet en die vorige wette (die Wet op het Hoger onderwijs van 1876 en die Wet op het Middelbaar Onderwijs van 1863) skyn te wees dat (hierdie wet) geen bepaling bevat dat Godsdiensonderrig by die onderrig van die skool móét aansluit nie. Die wet van 1963 bevat ook 'n nuwe bepaling, naamlik dat leerlinge in sommige gevalle van Godsdiensonderrig vrygestel kan word, dit wil sê dit bevat 'n gewetensklousule (Ibid, p.12).

Dit blyk dat vroeg in die Nederlandse skoolgeskiedenis die Calvinistiese kerk, en by name die Nederduits Hervormde Kerk, die toon aangegee het. Dit geskied ten spyte van die teen= woordigheid van andersdenkendes soos die Remonstrante, die Rooms-Katolieke, die Doopsgesindes en die Jode. In die ag= tiende eeu kom 'n mens ook die libertynse strominge teë wat op die staat en onderwys 'n invloed uitgeoefen het (Idenburg,

1964, pp.76-77). Dit sou egter eers teen die einde van die eeu wees dat die invloed van hierdie bewegings op Godsdiens=onderrig in die skole merkbaar sou word. Later meer hieroor.

Afgesien van die gemelde wette bepaal die Nederlandse grond=wet dat elke persoon se godsdienstige oortuigings in die on=derwys eerbiedig moet word (Nederland, Dutch Schoolsystem, s.j., p.7). Die grondwet eis in een artikel (artikel 208) on=der andere die volgende ten opsigte van die onderwys: Open=bare onderwys word, met eerbiediging van elkeen se godsdien=stige begrippe, deur die wet gereël.

Tot vandag toe (1980) is dit dan nog so dat die kerk daarvoor moet sorg om vir sy kinders skole te vind waar die onderrig sodanig is dat dit aansluit by die belydenis van die kerk (Idenburg, 1964, p.79).

### 5:2.3 Praktyk van die onderwys

In Nederland moet die onderskeid tussen openbare en private onderwys altyd in gedagte gehou word aangesien dit 'n belang=rike faktor in die posisie van Godsdiensonderrig op skool is.

Die feit dat daar privaat of "bijzondere" skole is, gee vir ouers die moontlikheid om aan hulle kinders die tipe onderwys te gee wat in harmonie met die ouerhuis is (Roest, 1968, p.8). Die staat meng hom weinig in in die sake van privaatskole.

Indien ouers egter wil hê dat hulle kinders in openbare skole Godsdiensonderrig moet ontvang, dan moet hierdie onderrig op aanvraag voorsien word, en hierdie onderrig geskied by wyse

van gekwalifiseerde verteenwoordigers van die verskillende godsdienstige gesindtes. Vanselfsprekend kan Godsdiensonderrig in private skole in die curriculum ingesluit of uitgesluit word sonder enige inmenging van die kant van die staat (Ibid, p.10).

Roest (Ibid, pp.20-21) wys daarop dat in die "protestants-christelijk middelbaar onderwys" (privaat-skole) Godsdiensonderrig aangebied word, en wel in die vorm van skoolkategese. Dit word gedoen met die verstandhouding dat die ouers Christelike onderwys vir hulle kinders begeer en dit impliseer kennis van die Bybel, belydenisskrifte en die kerk. Die vrees het egter ontstaan dat hierdie praktyk tot 'n funksieverlies vir die kerk sou lei en dat die kerk se taak dan geheel en al aan die skool oorgedra sou word. Hierdie "kategese" het in die skool geskied en 'n diensdoenende predikant is dikwels as onderwyser benoem. Hierdie kategese of Godsdiensonderrig was moeilik omskryfbaar as gevolg van die kerklike verskeidenheid in die skool. In skole wat gestig is vir een kerk was hierdie onderrig geskoei op die kerkleer.

In die <u>openbare</u> middelbare skole is Bybelkennis en Kultuurgeskiedenis van die <u>Christendom</u> ingevoer van 1953 af, en dit het die situasie in hierdie skole geheel en al verander. Voorheen is skoolkategese onderrig met die doel van kennisoordraging. Ná 1953 gaan dit egter om vorming ten opsigte van gesindheid of houding (Ibid). Alhoewel wetgewing die vryheid van die individu erken en die eerbiediging van die gevoel van andersdenkende waarborg, is daar selfs in die State-Generaal geen steun gevind vir 'n "kleurlose neutraliteit" of 'n uitsluiting van die Bybelse geskiedenis of kerkgeskiedenis nie (Idenburg,

1964, p.93). Hierdie "Cultuurgeschiedenis van het Christendom" is dus as 'n verpligte vak ingevoer (Roest, 1968, pp.12-13).

Eienaardig genoeg het die Nederlandse ouer, ten spyte van die streng Calvinisitese agtergrond, roeping en plig wat die doop=formulier op hom plaas, aanvanklik geen seggenskap in die skool gehad nie. Daar is uitgegaan van die standpunt dat dit die kerk se taak was om toe te sien dat sy lidmate se kinders die regte opvoeding kry (Idenburg, 1964, p.79). Woltjer (1936, pp.17-19) sien die wese van die skool as 'n noodsaaklike verleng=stuk van die ouerhuis, en dit bly vir die ouer 'n godgegewe taak om na sy kind se opvoeding om te sien.

Met die koms van allerlei revolusionêre en liberale strominge in Nederland word daar in ons dag ook al hoe meer betoog ten gunste van ouerseggenskap in die skole.

Die vraag na ouerseggenskap sou veral na vore kom toe daar uit=gegaan is van die standpunt dat elke godsdienstige gesindte se regte geëerbiedig moet word. Dit kom veral na 1848 na vore toe die vraag ontstaan of daar op daardie tydstip 'n neutrale stempel op die openbare skool afgedruk word (as gevolg van die eerbiediging van die verskillende gesindtes se belange in die skool)(Ibid, p.92). Dit is hierdie klousule, naamlik die eer=biediging van die andersdenkendes se godsdiens, wat in Neder=land, soos in Suid-Afrika, sou lei tot knelpunte. Hierdie klousule is gevolglik so versigtig en wyd moontlik geïnterpre=teer deur die owerhede om stryd daaroor te vermy. Die Chris=tenouer het egter die karakter van die onderwys begin be=vraagteken. Daar is gevra of dit 'n kleurlose neutrale karakter het en of dit 'n Christelike karakter het (Ibid, p.93).

Die hersiening van die Grondwet in 1848, wat die mag uit die hand van die kerk na die staat oorgeplaas het, sou teenstand vanuit die Hervormde Kerk ervaar. Vanuit die kerk, Hervormd sowel as Rooms, sou die stryd ontbrand om meer seggenskap op die gebied van die onderwys. Na 1848 was die openbare onder=wys neutraal en was openbare skole die enigste skole wat uit die staatskas gesubsidieer is (Ibid, p.9). Die Christenouer wat uit oortuiging 'n "ander" onderwys vir sy kind begeer het, kon dit voorsien, maar op eie koste.

In 1848 is die eerste Christelike skool op hierdie grondslag geopen en dit sou slegs die begin wees. Die groei van die Christelik-nasionale skool of "bijzondere scholen" sou hierna vinnig plaasvind en aanklank by die ortodokse Nederlanders vind (Christelijk Nationaal Schoolonderwijs, s.j., p.13).

In 1857 is die voorgestelde subsidie aan besondere (privaat=) skole deur die parlement afgekeur. Die stryd wat hieroor in Nederland gevoer is, kan direk vergelyk word met die CNO-stryd tydens die anneksasiejare en proses van verengelsing in die Boererepublieke (kyk paragraaf 3.2.5.6).

In 1860 is die weerstand op die spits gedryf deur die stigting van die "Vereniging voor Christelijk Nationaal Schoolonderwijs". Die dryfkrag agter hierdie beweging was mense met geloofsoor=tuiging en die dringende begeerte om hulle kinders reg op te voed (Ibid, p.10).

Roest (1974, pp.10-11) wys op teenstand teen hierdie Christe=like skole. Hy vermeld dat sekere ouers gesê het dat hulle nie sal toelaat dat hulle kinders in privaat-skole geïndoktri=

neer of gemanipuleer word nie. Die kinders moes eerder in die openbare (neutrale) skool sit waar hulle vry was om eie keuses te maak. Daar was darem ook ouers wat vir hulle kinders "een echte Christelijke school" begeer het. So 'n skool is dan vir hulle 'n skool waar goeie Godsdienstige onderwys gegee word.

Idenburg (1964, p.85) beskryf hierdie beweging (Vereniging voor Christelijk Nationaal Schoolonderwijs) as "een krachtige onder= stroom ter natie" en die doel van dié vereniging was om aan die andersdenkende sy eie skool te gee sodat die hooflyn van die openbare skool dié van belydende Protestantisme sou wees.

Daar word in Nederland twee groepe of rigtings ten opsigte van hulle houding teenoor Godsdiensonderrig aangetref. Die eerste groep wil in die openbare skole die erkenning van die Christe= like beginsel behou aangesien die Nederlandse volk 'n Christe= like volk is. Onder hierdie mense is daar diégene wat die Christenonderwys nog verder en sterker omlyn wil sien en hulle bepleit afsonderlike skole vir Protestant naas dié vir die Rooms-Katoliek, en die Jood.

Die tweede groep verteenwoordig die neutrale of te wel die li= berale element. Sommige van hulle erken dat hulle lewensbeskou= ing op Christelike beginsels berus en dat die laer onderwys in elk geval tot 'n sekere hoogte Christelik behoort te wees, maar hulle voel dat wetgewing onnodig is om hierdie beginsel te ver= skans (Ibid, pp.93-95). Die invloed van die kerk op die onder= wys word dus geheel en al verwerp.

'n Tweede variant binne die tweede groep wil geen reglement tot vasstelling en handhawing van die Christelike waarheid hê nie.

Hulle verwerp ook die gedagte van 'n Christelike staat. Die openbare skool moet te alle tye neutraal staan ten opsigte van die godsdiens (Ibid, p.95).

Die regering sou drie pogings aanwend om wetgewing deur te voer om alle groepe tevrede te stel, maar hierdie pogings faal almal. Van Reenen, die ontwerper van die derde voorgestelde wetgewing in 1855, betoog dat die onderwys diensbaar gemaak moes word vir die bevordering van godsdiens en sedelikheid, en dat daar geen aanstoot gegee moes word aan enige gesindte nie. Groen van Prinsterer en die CNO-volgelinge sien hierin egter raak dat die sekerheid van 'n openbare skool met 'n welomskrewe Christelike karakter nie sou kon bestaan nie (Ibid, pp.96-97).

Die enigste oorblywende uitweg was die uitbreiding van die besondere skole, want hierin het die oplossing van die Christe=like skoolopvoeding gelê.

Dit is interessant om daarop te let dat reeds in hierdie tyd daar stemme opgegaan het teen die isolasie van Godsdiensonder=rig as vak in die openbare skool en dat daar bepleit is dat al=le vakke onderrig moet word om in diens van God te staan (Roest, 1968, pp.16-17).

Idenburg (1964, p.102) maak die skokkende stelling dat as ge=volg van hierdie neutrale houding ten opsigte van Godsdienson=derrig "de staat van nu aan in de oude zin geen Christelijke staat meer worden genoemd". Dus, waar neutrale onderrig binne=kom, is dit so dat daar van die Christelike nie meer sprake kan wees nie. Pelser (1940, p.7) sê dat die neutraliteitstandpunt in die onderwys onmoontlik is en die opvoeder nie neutraal kan

staan teenoor die objek van die opvoeding nie. Hy sê dat dit in die praktyk daarop neerkom dat die opvoeder "het ongeloof tot richtsnoer nemen".

Ten spyte hiervan was daar selfs persone wat so ver gegaan het as om te sê dat die interpretasie van die Ou Testament tot wrywing tussen Christen en Jood kon lei. Dit het óók gelei tot groter agitasie vir neutraliteit in die onderwys.

Reeds sedert 1863 mag onderwysers in die openbare skole nie praat van soveel jare voor of soveel jare na Christus nie, aangesien dit aanstoot aan Joodse kinders kan gee. Ook het die sosialisme en ateïsme as nuwe "godsdienste" na vore ge=tree en ook in die onderwyskorps sy aanhangers gevind, soveel so dat skrywers meen dat daar nie veel van die Christelike karakter van die openbare skool oorgebly het nie (Idenburg, 1964, pp.107-110). 'n Verdere probleem het ontstaan deurdat die Christenonderwysers meestal uitgewyk het na die beson=dere (privaat=) onderwys en dat die openbare skole al meer deur die verskillende "-ismes" oorgeneem is.

Omdat die kind se godsdienstige en sedelike opvoeding nie net van die kant van die huis mag kom nie maar ook in die skool voortgesit en uitgebrei moet word, en omdat die doopbelofte bepaal dat dit die ouer se plig is om sy kind te laat onder=rig (en dit veronderstel dat hy die reg het om die gees van die onderrig te bepaal), het die Kommissie van Dodewaard van 1954 aangedui dat 'n leraar (dit wil sê onderwyser) nie posi=tief antigodsdienstig mag wees nie, en tot die gevolgtrekking gekom dat Kommuniste en ateïste nie in staat is om die Bybel Christelik te onderrig nie. Dieselfde geld uiteraard vir

Humaniste. Die Kommissie kom ook tot die gevolgtrekking dat die wette, en bygevolg die owerheid, nie in staat is om 'n waarborg te lewer vir Christelike onderwys nie (Van der Ven, 1974, pp.64-65). Dit kan dus gebeur dat 'n kommunis of 'n ateïs onderwys gee in Bybelkennis of te wel Godsdiensonderrig, en dat daar dan in so 'n geval geen sprake van Christelike onderrig kan wees nie.

Rutgers (aangehaal in Pelser, 1940, p.7) vat die situasie goed saam as hy sê dat die Christelike opvatting hom teen neutraliteit verset, want "bij het beschouwen van de schepping den Schepper verzwijgen, betekent voor de practijk het ongeloof tot richtsnoer nemen".

In die praktyk het dit gebeur dat die eerbiedsklousule van die Grondwet baie ruim geïnterpreteer is en dat die protestantse groepe steeds van plan was om die openbare skool as 'n algemeen Christelike skool te handhaaf. Hierdie optrede het onder andere daartoe gelei dat 'n sekere hoogleraar, P. Hofstede de Groot, deur die Minister gedwing is om sy ontslag as "schoolopsiener" te neem omdat hy aanstoot gegee het aan die Christelike groepe (Idenburg, 1964, pp.107-108).

Ook wat die nasionale aspek van die onderwys betref, word daar in sekere kringe neutraliteit bepleit, dermate dat sommige onderwysers weier om Nederlandse volksliedere in die skool te sing. Al hierdie faktore dra daartoe by dat daar by (Christen-) ouers 'n drang ontstaan om skole op te rig waarin hulle kinders die onderrig kan ontvang wat ook in hul ouerhuis gegee word - die besondere konfessionele skole (Ibid, p.109).

Boerwinkel (Roest, 1968, pp.16-17) pleit dat die isolering van Godsdiensonderrig in die openbare skole beëindig moet word en dat "alle vakken onderwijs geven in het leren van God, in het Hom en zijn skepping eerbiedigen in al die verschillende tak=ken van het menslike bestaan" (dit wil sê, dit wat Wet 39 van 1967 tans voorskryf vir Suid-Afrikaanse skole).

Soos in die geval met Suid-Afrika se CNO-skole, sou die finan=siële las aanvanklik die stigting van die besondere (private) skole strem. Ouers wat kinders in hierdie skole het, is dub=bel belas deurdat hulle belasting moes betaal vir die onder=wyshandhawing van die openbare skool (wat deur hulle onaanvaar=baar gevind is), en daarnaas nog hul eie (besondere) skool moes onderhou (Idenburg, 1964, p.111).

In 1878 is 'n volkspetisie van stapel gestuur toe gepoog is om deur middel van wetgewing die bydrae van ouers tot die open=bare onderwys te verhoog en die las op die besondere onderwys nog verder te verswaar. In dié petisie is die koning gevra om genoemde wetgewing nie goed te keur nie. Die wetgewing was egter reeds deur die onderskeie kamers van die parlement goed=gekeur en is dus deur die koning onderteken.

Hierdie wetgewing het egter nie die stigting van die privaat skole verhinder nie en die groei was fenomenaal, veral na 1889 toe die staat finansiële hulp ook aan die besondere skole begin verleen het. Die groei van die besondere laerskole blyk uit die volgende syfers: in 1850 was 77 persent van die land se skoolgaande kinders in openbare skole teenoor 23 persent in die besondere skole. In 1900 daal die persentasie in die open=bare skole na 69 persent teenoor die besondere skole waarvan

die leerlingtal gegroei het tot 31 persent. Hierdie groei sou voortduur totdat die bordjies in 1962 byna verhang is: slegs 26 persent leerlinge het openbare skole bygewoon teenoor 74 persent wat die besondere skole bygewoon het (Ibid, p.114).

Finansiële gelykstelling vir die twee soorte skole sou ten op= sigte van die laerskole in 1920 volg, want laerskoolonderwys was vir die Christenouer die kern van alle onderwys.

Dit sou eers in die jare 1900-1910 wees dat daar op die gebied van die middelbare onderwys pogings sou wees om die Christelike skool uit te brei. Die Wet op het Hoger Onderwijs van 1876 en die Wet op het Middelbaar Onderwijs van 1863 was gelyklui= dend en het bepaal dat die kerk of kerklike gemeente Godsdiens= onderrig op skool of daarna deur 'n aangestelde godsdiensleraar kan aanbied. Daar word dus ruimte gelaat vir onder andere Godsdiensonderrig as nie-verpligte vak (Roest, 1968, pp.9-11).

In 1960 is finansiële gelykstelling ook bewerkstellig vir die hoërskole. Soos reeds genoem, het die Wet van 1963, naamlik die Wet op het voortgezet onderwijs, geen prinsipiële wysigings aangebring nie. Wat ook beklemtoon moet word, is die feit dat in die besondere skole Godsdiensonderrig by name genoem is ter= wyl in die openbare skole van Bybelkennis gepraat is (Ibid, p.12).

### 5.2.4 Slotsom

Die Nederlandse skoolsituasie kan as volg opgesom word:

Die skoolstelsel vind sy beginsel in normatiewe oortuiging.

Dit is die staat se plig om om te sien na die onderwys van die kind en hierdie onderwys moet ooreenstem met die lewensoortuiging van die kind (Idenburg, 1964, p.235). Die verskeidenheid in die samelewing, en vanselfsprekend ook in die onderwys, word dus erken en daarvolgens word die onderrig gereël. Die ouer het dus die keuse in watter skool hy sy kind wil plaas en hierdie keuse word nie beïnvloed deur enige finansiële las wat op die ouer geplaas word as gevolg van andersoortige skole nie.

## 5.3 ENGELAND

### 5.3.1 Oriëntering

In Engeland bestaan daar ook twee soorte skole, naamlik die staatskool en die privaatskool. Waar daar aanvanklik gekonsentreer is op die Christelike godsdiens in die openbare skole, het daar algaande 'n vakuum ontstaan, en as gevolg van 'n toestroming van immigrante, het 'n sogenaamde "multi-faith society" ontstaan, soveel so dat daar beweeg is na 'n toestand van sinkretisme. Lateraan is op 'n "wêreld-religie" eerder as op die Christendom gekonsentreer.

### 5.3.2 Wetgewing

Die eerste wetgewing wat Godsdiensonderrig in hierdie land raak, vind ons in 1870 met die Elementary Education Act of 1870. Op hierdie stadium tref 'n mens die sogenaamde "Voluntary schools", wat deur kerke of privaatinstansies gestig en onderhou word, en staatskole of "board schools" aan. In eersgenoemde was Godsdiensonderrig ten volle denominasionaal, terwyl die staatskole nie-denominasionaal was. Laasgenoemde geskied oor=

eenkomstig die "Cowper-Temple Clause", soos vervat in die Wet van 1870, wat bepaal dat geen godsdienstige kategese of religieuse onderrig wat onderskeidend is van enige spesifieke denominasie in die skool onderrig mag word nie (The Fourth R, 1970, p.7). Codrington (s.j. p.18) meen dat hierdie klousule een van die Christenonderwyser se probleme is, want sedert 1870 is alle Godsdiensonderrig interdenominasionaal, of eerder niedenominasionaal. Evans (1975, p.8) is van oordeel dat hierdie bepaling die gevolg is van linkse invloed afkomstig van die liberale party wat onsimpatiek gesind was teenoor die Anglikaanse en Rooms-Katolieke Kerke.

Stryd tussen verskillende kerkgroepe ten opsigte van die onderwys was reeds in hierdie tyd teenwoordig, maar die Cowper-Temple-klousule het verhoed dat hierdie stryd na die staatskole sou uitbrei. Die staat se houding was dat dit die huis en kerk se plig was om die godsdienstige sy van die opvoeding te behartig (Smith, 1969, p.18). Dit bring vir die opvoeder die verdere probleem ten opsigte van Godsdiensonderrig dat hy dit moet gee in 'n sekulêre samelewing. Dit was dus moontlik om Godsdiensonderrig te gee volgens die sillabus en sonder om die wet te oortree en in werklikheid word niks van die Christelike geloof oorgedra nie, dit wil sê 'n neutrale onderrig wat "klaarblyklik" almal tevrede stel, maar wat neerkom op "onchristelike onderrig".

Die 1870-wet het, buiten die Cowper-Temple-Klousule, ook 'n "roosterklousule" bevat wat bepaal het dat ouers hulle kinders aan Godsdiensonderrig en godsdiensaangeleenthede mag onttrek. Dit is gedoen om ateïstiese en andersdenkende ouers tegemoet te kom (Evans, 1975, p.32).

Toenemende ekonomiese druk het veroorsaak dat die groei van die vrywillige of privaatskole aan bande gelê is. Met die 1902-Onderwyswet is gepoog om 'n verbetering aan hierdie toe=stand te bring. Privaatskole sou volgens die wet voortaan ook finansiële hulp van die staat ontvang. Dit sou egter aan=leiding tot stryd gee op grond van die Baptistekerk se beswaar teen staatshulp vir Rooms-Katolieke kerkskole (The Fourth R., 1970, p.8).

In die tydperk 1910-1944 is veral die Spensverslag van 1938, wat meld dat "... no boy or girl can be counted as properly educated unless he or she has been made aware of the fact of the existence of a religious interpretation of life", van be=lang (Ibid, p.10).

Die nuwe stelsel, wat bekend sou staan as die "dual system", sou vanaf 1870 tot 1944 die onderwys in Engeland bepaal, en kan vergelyk word met die stelsel in Nederland. Die "Voluntary schools" en "Board schools" vergelyk met die "Bijzondere scho=len" en "Openbare scholen" in Nederland. Die bedoeling van hierdie wet was om, onderworpe aan die onttrekking van leerlinge op grond van die gewetensklousule, seuns en dogters in skole wat deur die staat beheer en/of gesteun is te laat deelneem aan gesamentlike aanbidding en die Christelike geloof te leer, op so 'n wyse dat hulle ten minste weet wat Christenskap beteken (Institute of Christian Education, 1957, p.8). Bell (1973, p.5) sê dat die 1944-wet 'n Christelike basis in die onderwys vir alle kinders in Engeland gelê het.

Die 1944-wet het sy ontstaan te danke aan 'n algemene gevoel onder die mense dat Christelike Godsdiensonderrig 'n sekerder

plek in skole gegee moet word (Wedderspoon, 1966, p.15).

Die 1944-wet bepaal die volgende ten opsigte van Godsdiensonderrig:

- Godsdiensonderrig moet in alle skole aan alle leerlinge gegee word, en
- die skooldag moet begin word met gesamentlike aanbidding, met dien verstande dat daar 'n gewetensklousule bestaan. In staatskole moet die aanbidding nie-denominasionaal wees en Godsdiensonderrig moet in ooreenstemming wees met 'n sillabus wat gesamentlik opgestel is;
- in vrywillige skole mag denominasionale onderrig gegee word vir 'n maksimum van twee periodes per week aan kinders wie se ouers dit aanvra;
- die onderrig in die staats- of "board" skole mag niks bevat van enige kategismus of formuliere wat kenmerkend is van enige bepaalde godsdienstige rigting nie;
- Godsdiensonderrig sal aan inspeksie onderhewig wees;
- onderwysers moet opleiding in Godsdiensonderrig tydens hulle opleiding ontvang;
- geen onderwyser sal verplig word om Godsdiensonderrig aan te bied of om gesamentlike aanbidding by te woon nie.

(Idenburg, 1964, p.73; Dent, 1971, pp.46-47; Wedderspoon, 1966, pp.17-32).

Onderwys en meer spesifiek Godsdiensonderrig, word tot vandag toe deur die 1944-wet bepaal.

5.3.3 <u>Praktyk van die onderwys</u>

Jebb (1967, p.17) haal Loukes aan wat sê: "Religion is laid

upon the state schools by Act of Parliament and after that laid upon nobody who does not want it". Dit is een van die grootste probleme wat die Godsdiensonderrigonderwyser in Engeland onder= vind. Dit kan gebeur dat 'n onderwyser die sillabus op 'n koue formele wyse aanbied sonder om meer as blote inligting of kennis oor te dra. Daar moet eerder gepoog word, sê die skrywer om 'n brug tussen die skool en kerk te vorm. Die onus rus ook op die hoof van die skool: hy/sy is die een wat bepaal hoe Godsdiens= onderrig in sy skool aangebied moet word. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat die opening van die skool ontaard in 'n formele ver= beeldinglose byeenkoms, maar as die hoof 'n belydende Christen is, verander die prentjie radikaal (Ibid, pp.18-19).

Smith (1969, p.21) toon aan dat verskeie verslae wat handel oor die uitwerking van die 1944-wet gepubliseer is en dat daar baie probleme aangedui is. Harold Loukes van die Oxford Universiteit toon onder andere die volgende aan: die onderwys het vir tien jaar lank probeer om die "feite" van die Bybel te onderrig en nie daarin geslaag nie. Ook is probeer om die leerlinge die Bybel te laat leer maar hulle het geweier. Ten spyte van 2 000 daaglikse samekomste van aanbidding het dit die meeste leerlinge "indifferent" of "resentful" gelaat.

Die Durham-verslag (1970, p.6) bewys dat geen kompromie tussen die voorstanders en teenstanders van denominasionale Godsdienson= derrig nog ooit geslaag het of kan slaag nie. Die verslag meld dat onderwysers dikwels in beide soorte skole (staat- sowel as privaatskole) onderrig gegee het <u>tydens hulle loopbaan</u>, maar waar Godsdiensonderrig in die staatskole slegs "instructional" is en geen dogma verkondig mag word nie, is dit nie die geval in die privaatskole nie. Hierdie verskil in doelstellings lei tot 'n al groter verwarring by onderwysers, aangesien hulle

Godsdiensonderrig oordra van privaat- na staatskole en omgekeerd.

ŉ Verdere probleem wat ontstaan (en nog steeds bestaan), is die tekort aan gekwalifiseerde Godsdiensonderrigonderwysers. Clarke (s.j. p.4) meld dat in 1954 88 persent van die sekondêre skole nie gekwalifiseerde Godsdiensonderrigonderwysers op hulle personele gehad het nie. Sedert 1950 het die Godsdiensonderrigonderwysers se getalle egter met 59 persent toegeneem (Evans, 1975, pp.130-131), maar daar is eers in die sestigerjare oorgegaan tot werklike pogings om Godsdiensonderrigonderwysers in voldoende getalle op te lei (Evans, 1975, pp.130-131, 105). Eers in die vroeë sewentigerjare is hierdie probleem werklik te bowe gekom (Ibid, p.108).

Soos reeds aangetoon, het ŉ onderwyser in die staatskole ŉ keuse of hy die "daily act of worship" wil bywoon en wil deel hê in die onderrig van Godsdiens.

Die verslag van die Navorsingskomitee van 1954 rakende die 1944-wet toon dat 312 uit 674 skole geen spesialis-onderwyser het om uitsluitlik Godsdiensonderrig te gee nie. Skole ondervind ook probleme om personeel te vind wat Godsdiensonderrig sal aanbied (Institute of Christian Education, 1957, pp.56-57).

Die enigste plek in Engeland waar ŉ persoon kan studeer in Godsdiensonderrig is aan die Universiteit van Burmingham, wat ook nagraadse opleiding aanbied. Die kursus behels egter die sogenaamde "multi-faith approach" en handel dus nie net oor die Christelike geloof nie (Codrington, s.j., pp.23-24).

'n Verdere probleem wat 'n skoolhoof aanhaal, is die feit dat die kinders na die skool kom met geen of weinig godsdienstige ag= tergrond, om nie eens van kerklidmaatskap te praat nie. Sy sê dat baie van die ouers die tradisionele godsdienstige gebruike geheel en al verwerp het, of dit ignoreer. Om aan so 'n kind, wat dikwels geen liefde en/of onderrig aan huis ontvang nie, Godsdiensonderrig te gee, verg meer as blote onderrig. Die feit dat onderwysers dogmalose godsdiens moet onderrig, lei daartoe dat 'n kleurlose, ontoepasbare geloof aan die kind oor= gedra word (Smith, 1967, pp.21-22).

Die probleem kom ook vry algemeen voor dat 'n onderwyser wat 'n oortuigde Christen is, en ook aktief in die kerk betrokke is, amptelik verbied word om die feite aangaande sy geloof aan die kind oor te dra.

Die vraag kan met goeie reg gevra word of hierdie vorm van Gods= diensonderrig nie daartoe lei dat kinders na 12 jaar van Gods= diensonderrig nog niks van God weet nie. In hierdie geval kan daar nie eens gepraat word van gelowiges nie (Ibid, p.26).

Codrington (s.j., p.17) noem dat daar teen onderwysers, wat aan= hou om die Christengeloof bo ander gelowe te beklemtoon, opge= tree word, en wel in die vorm van politieke druk. Die onderwy= ser moet dus bereid wees om die sogenaamde "multi-faith"-bena= dering toe te pas en dit is die taak van die Community Rela= tions Commission om toe te sien dat onderwysers aan hierdie vereiste voldoen.

'n Verdere klagte is dat Godsdiensonderrig losstaande van ander vakke aangebied word, dit wil sê, in 'n vakuum en ook sonder

dat daar enige verband met die alledaagse lewe gelê word (Jebb, 1967, p.54).

Ontevredenheid ontstaan ook as gevolg van die aanbieding van Godsdiensonderrig heel aan die begin van die skooldag. Onder= wysers is dit eens dat hierdie les te dikwels deur klein roe= tinedingetjies onderbreek word. Laasgenoemde probleem is vol= gens die Institute of Christian Education (1957, p.11) in 'n hoë mate deur die 1944-wet uitgeskakel. Volgens hierdie insti= tuut het die herroeping van die ou Victoriaanse roosterklou= sule daartoe gelei dat vakspesialiste die vak kon aanbied in plaas van dat alle onderwysers dit moes doen en dan dikwels gedwonge.

Die "voluntary schools" kan enige vorm van Godsdiensonderrig aanbied, selfs vanuit eén kerk se oogpunt, maar in die praktyk het die finansiële hulp wat hierdie skole van die staat ont= vang het, afgehang van die mate van afwesigheid van denomina= sionale Godsdiensonderrig in 'n skool (Dent, 1971, p.46). Ook onder die kerke bestaan die mening dat Godsdiensonderrig as vak in die skool op sigself nie voldoende kan wees nie. Smith (1971, p.65) sê dat Godsdiensonderrig wel in die skole aangebied word, maar dit beteken nie dat die kerk of gesin daardeur tevrede gestel word nie. Hy meen dat die hele onder= wys, opleiding, onderrig, organisasie, handboeke vir alle vak= ke ensovoorts deurdrenk moet wees met die Christelike geloof. Dán eers kan Godsdiensonderrig die fondament van die totale onderwys vorm.

Die samewerking tussen kerk(e) en staat kan wel soms probleme oplewer, maar dit is beslis so dat die voortbestaan van die

vak op skool in Engeland verseker is en hierdie samewerking meer "co-operative" is as in menige ander land (Dent, 1971, p.227).

Van die bevindinge en aanbevelings van 'n konferensie oor Gods= diensonderrig in 1965 (Wedderspoon, 1966, p.192) is die volgen= de van belang:

- dat die skool nie opgerig is om kerklidmate te maak nie;
- dat daar 'n nypende tekort aan Godsdiensonderwysers is;
- dat dit noodsaaklik is dat Godsdiensonderwysers onderrig in die uitleg van die Skrif moet ontvang, en dat
- die kerk se oënskynlike traagheid en onbelangstelling in Gods= diensonderrig betreur word.

Die Durham-verslag (aangehaal in The Fourth R, 1970, pp.334-335) beveel aan dat daar meer gedoen moet word vir leerlinge wat op grond van ouers se versoek nie Godsdiensonderrig ontvang nie, al is dit in die vorm van morele/etiese onderrig. Dit kan ook gebeur dat sekere onderskeidende gelowe Godsdiensonderrig apart kan ontvang.

Codrington (s.j., p.20) wys daarop dat daar 'n tendens in die Godsdiensonderrig is na 'n sinkretisme in die godsdiens. Vir 'n onderwyser om al hierdie gelowe te onderrig sal dit egter nodig wees om 'n navolger van elkeen van hierdie gelowe te word. "... you cannot understand a religion unless you become a follower of it" (Ibid). Daar word in sommige kringe al sover gegaan as om te sê dat ateïste goeie Godsdiensonderrigonderwysers uitmaak omdat hulle geheel en al objektief kan staan.

Die sillabus wat Godsdiensonderrig in Engeland reël, is die Burmingham Religious Education Syllabus, en hierin word vyf gelowe voorgeskryf wat aan die onderwyser die volgende keuse laat: hy moet sowel die Christelike geloof onderrig as enige van die ander vier. Laasgenoemde sluit in: Budhisme, Moslem, Humanisme en Marxisme. Codrington (Ibid, p.22) vra tereg van wanneer af Humanisme en Marxisme as gelowe beskou kan word.

Daar bestaan gelukkig vandag nog vele "konfessionele" skole of kerkskole in Engeland waarvan die meerderheid Rooms-Katolie=ke en Anglikaanse skole is. Daar ontstaan egter tegelyk 'n al groter antagonisme teenoor hierdie skole wat volgens hulle teen=standers 'n te enge onderrig gee en die kind nie werklik leer om aan te pas by sy omgewing nie (Ibid, p.23). Daar word dus 'n pleidooi gelewer om 'n ware humanistiese benadering tot die gods=diens en skool.

## 5.4 SAMEVATTEND

In Nederland en Engeland, twee lande waarmee Suid-Afrika uitge=breide historiese en kulturele bande het, bestaan daar groot probleme in verband met, asook wyd uiteenlopende standpunte oor Godsdiensonderrig op skool. Heelwat kan egter geleer word uit hulle onderskeie Godsdiensonderrigbeleide. In die eerste plek bied Nederland 'n moontlike oplossing in die vorm van twee soor=te skole, naamlik die openbare of neutrale skool waar blote kennisoordraging ten opsigte van godsdienste in die algemeen plaasvind, en die besondere skool waar die onderrig van die skool baie nóú aansluit by dié van die ouerhuis. Albei soorte skole word van die kant van die staat gesubsidieer en elke ouer het dus 'n keuse in watter skool hy sy kind wil plaas.

In Engeland, aan die ander kant, is die kerk- of privaatskool die enigste skool wat die Christelike geloof uitdra en onder=rig. In die openbare skool word daar 'n sinkretistiese gods=diens aan die leerlinge voorgehou wat almal tevrede moet stel en wat eerder op 'n sosiale- en morele as op 'n godsdienstige doel gemunt is.

Codrington (s.j., p.15) pleit in sy deeglike verslag dat ons uit hierdie voorbeelde moet leer alvorens dit gebeur dat ons ook in Suid-Afrika ons kinders opvoed met "rusks" in plaas van die Brood van die lewe.

# HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING VAN KNELPUNTE WAT RONDOM DIE AANBIEDING VAN GODSDIENSONDERRIG OP SKOOL GEÏDENTIFISEER IS. AANBEVELINGS

### 6.1 INLEIDEND

In hierdie hoofstuk sal die knelpunte wat in die vorige vier hoofstukke rondom Godsdiensonderrig en Godsdiensonderrigpleg=tighede in Transvaalse skole geïdentifiseer en bespreek is, gelys word. Na die finale formulering van elke knelpunt soos geïdentifiseer, word telkens die ooreenkomstige subhipotese-nommer, soos aangedui in hoofstuk 1, tussen hakies geplaas. Daarna sal die vernaamste probleem of knelpunt (in hoofstuk 1 as die <u>hoofhipotese</u> ($H_o$) onder woorde gebring) ten opsigte van die voorgestelde oplossing van religieuse en lewensbeskou=like differensiasie getoets word. Dieselfde sal daarna met elkeen van die ander knelpunte (geformuleer as subhipoteses $Sh_1$ tot $Sh_{14}$) wat met die kernprobleem saamhang, gedoen word.

Op grond van die toets wat telkens aangelê word, sal vasgestel word of die hoofhipotese ($H_o$) aanvaar kan word. Die aanvaar=ding van die hoofhipotese lei feitlik vanselfsprekend tot die aanvaarding van die subhipotese ($Sh_1$ tot $Sh_{14}$), en omgekeerd.

### 6.2 GEÏDENTIFISEERDE KNELPUNTE

6.2.1 <u>Ordonnansie</u> 29 van 1953 (klousule 3 en 4) bepaal dat geen dogma in blanke provinsiale skole verkondig mag word nie, terwyl <u>Wet</u> 39 van 1967 vereis dat <u>alle</u> blanke onderwys in staatskole Christelik móét wees. Watter

een van die twee bepalings moet nagekom word? ($Sh_1$; kyk ook paragraaf 1.2.4 en paragraaf 4.4).

6.2.2 As die leer wat aan die kind in die skool onderrig word van dié van die ouerhuis verskil, werk dit verwarring in die gemoed van die kind in die hand ($Sh_2$; kyk ook paragraaf 1.2.4 en paragraaf 4.3.4).

6.2.3 Wet 39 van 1967 erken die gelykwaardigheid van alle mense, maar ontken terselfdertyd die ongelykheid van elke mens ($Sh_3$; kyk ook paragraaf 1.2.4 en paragraaf 2.6).

6.2.4 'n Neutrale onderwysstelsel is vreemd aan, en bots met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel ($Sh_4$; kyk ook paragraaf 1.2.4 en paragraaf 3.4).

6.2.5 'n Skool waar kinders van verskillende geloofsgroepe in een en dieselfde klas is, gee aanleiding tot wrywing aangesien daar in so 'n geval 'n neutrale Godsdiensonder=rig aangebied moet word om almal tevrede te stel ($Sh_5$; kyk ook paragraaf 1.2.4 en paragraaf 3.4).

6.2.6 Die beskerming van minderheidsgroepe se regte, soos be=paal deur Ordonnansie 29 van 1953 en Wet 39 van 1967, lei daartoe dat die Christenkind (dit wil sê die skyn=bare meerderheid) onder 'n dogmalose stelsel gebuk moet gaan ($Sh_6$; kyk ook paragraaf 1.2.4 en paragraaf 4.3.4).

6.2.7 Die feit dat geen onderwyser hom kan losmaak van sy le=wens- en wêreldbeskouing nie, kan daartoe lei dat hy

dinge sal onderrig wat met sekere kinders se kerkleer in stryd is. Verder het sekere onderwysers beswaar daarteen om Godsdiensonderrig aan te bied (kyk para= graaf 4.3.6). Uit vrees vir diskriminasie teen hulle doen hulle nie aansoek om vrystelling om die vak aan te bied nie, en bied Godsdiensonderrig dus in 'n sekere sin onder dwang aan. Dit kan die vak slegs tot nadeel strek, veral in die primêre skool waar elke klasonder= wyser Godsdiensonderrig moet aanbied ($Sh_7$; kyk ook pa= ragraaf 1.2.4 en paragraaf 4.3.4).

6.2.8 Onderwysers in die sekondêre skool beskou die vak as 'n doodloopvak wat weinig, indien enige, bevorderingsmoont= likhede bied, en dit kan weer daartoe lei dat goeie Godsdiensonderrigonderwysers eerder 'n ander vak met die oog op bevordering sal aanbied. Dit het tot ge= volg dat "onopgeleide" onderwysers die vak moet onder= rig en die vak sodoende nie tot sy reg kan kom nie, veral nie in die senior klasse waar geloofs- en sede= leer ter sprake is nie ($Sh_8$; kyk ook paragraaf 1.2.4 en paragraaf 4.3.6).

6.2.9 Kan predikante wat byvoorbeeld die skoolopening waar= neem neutraal bly, of word die dogma-klousule deur hulle oortree? ($Sh_9$; kyk ook paragraaf 1.2.4 en pa= ragraaf 4.3.1).

6.2.10 Watter vorm van Christelike onderwys kan 'n ateïstiese onderwyser aanbied? ($Sh_{10}$; kyk ook paragraaf 1.2.4 en paragraaf 4.3.6).

6.2.11 Behoort die "ander" skoolvakke "neutraal" aangebied te word, asof God nie in alle leerinhoud geken kan word en gedien kan word nie? ($Sh_{11}$; kyk ook para= graaf 1.2.4 en paragraaf 4.3.6).

6.2.12 Onderwysstudente aan onderwyskolleges ontvang onderrig in Godsdiensonderrig in hulle eerste en tweede studie= jaar. Dit lei daartoe dat die studente, as hulle na vier jaar se opleiding gaan skoolhou, reeds baie van dit wat hulle geleer het, vergeet het. Dus kan die student nie ten volle toegerus en gemotiveerd in die skool as onderwyser aankom nie en kan hy nie religieu= se en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys tot sy volle reg laat kom nie ($Sh_{12}$; kyk ook paragraaf 1.2.4 en paragraaf 4.3.6).

6.2.13 Die versnippering van Godsdiensonderrig, deur van tot agt onderwysers verantwoordelik te maak vir die aan= bieding daarvan, lei soms daartoe dat Godsdiensonder= rigperiodes as huiswerkperiodes gebruik word. Ook die feit dat Godsdiensonderrig nie geëvalueer (kan?) word nie, dit wil sê 'n nie-eksamenvak is, laat die vak nie tot sy reg kom nie. Die beginsel van religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys eis dat die onderwyser wat die vak aanbied, 'n deeglik op= geleide, deskundige vakman sal wees. In hierdie geval is dit dikwels "half"-opgeleide onderwysers wat die vak onwillig aanbied ($Sh_{13}$; kyk ook paragraaf 1.2.4 en paragraaf 4.3.6).

6.2.14 Die periodetoekenning van slegs twee periodes per week

aan sekondêre skole is ontoereikend om die vak en om die reli= gieuse en lewensbeskoulike differensiasie tot sy reg te laat kom. Die beginsel van religieuse en lewensbeskoulike differen= siasie in die onderwys eis dat die onderwyser voldoende tyd tot sy beskikking moet hê om die beginsel én die vak tot sy reg te laat kom ($Sh_{14}$; kyk ook paragraaf 1.2.4 en paragraaf 2.5).

## 6.3 DIE KERNPROBLEEM (Vergelyk die hoofhipotese, paragraaf 1.2.4)

Die knelpunte in paragraaf 6.2. gelys, kan tot 'n enkele, sen= trale of kernprobleem, gereduseer word. Hierdie kernprobleem omvat al die ander probleme in paragraaf 6.2 vermeld, en die oplossing daarvan sal meteen lei tot die oplossing van die ander probleme in paragraaf 6.2 genoem. Die saamgevatte of kernprobleem kan soos volg onder woorde gebring word: die aan= wesigheid in die openbare, provinsiale skole van kinders met verskillende religieuse- en lewensbeskouinge lei daartoe dat daar knelpunte in die onderwyssituasie in die skool ontstaan, veral wat betref die vak Godsdiensonderrig en die diverse Gods= diensaangeleenthede aldaar.

## 6.4 OPLOSSING

Die oplossing lê in religieuse en lewensbeskoulike differensia= sie, dit wil sê dat elke kind in 'n skool daardie onderrig sal ontvang wat sal strook met sy eie religie en lewensbeskouing. In Godsdiensonderrig en diverse Godsdiensaangeleenthede op skool sal die optrede van die onderwyser en die invloed van die skool dus rym met die gees en rigting van die ouerhuis.

## 6.5 TOETSING VAN HIPOTESES AAN DIE HAND VAN DIE BEGINSEL VAN RELIGIEUSE EN LEWENSBESKOULIKE DIFFERENSIASIE

### 6.5.1 Die kernprobleem/hoofhipotese

Kernprobleem: Die aanwesigheid in die provinsiale skole van kinders met verskillende religieuse en lewensbeskouinge lei daartoe dat daar knelpunte in die onderwyssituasie in die skool ontstaan, veral wat betref die vak Godsdiensonderrig en die diverse Godsdiensaangeleenthede aldaar.

Hoofhipotese: Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys in blanke skole in die Republiek van Suid-Afrika sal verseker dat daar geen knelpunte rondom die aanbieding van Godsdiensonderrig in Afrikaanse blanke skole in Transvaal sal voorkom nie.

Beredenering: Indien religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys in blanke skole ingevoer word, sal dít op sigself die meeste van die knelpunte rondom die aanbieding van Godsdiensonderrig en Godsdiensaangeleenthede in blanke skole oplos, want kinders sal in skole geplaas word waar hulle hulle eie religie en lewensbeskouing sal kan uitleef en waar ouerhuis en skool, wat Godsdiensonderrig betref, dus in harmonie kan verkeer. Elke skool se gees en rigting sal ooreenstem met dié van die kind en met dié van die ouerhuis waaruit hy na die skool kom. So ook sal elke onderwyser en elke leerling hom ten volle kan uitleef in die skool van sy keuse, dit wil sê wat strook met sy eie lewens- en wêreldbeskouing. Op grond van hierdie beredenering word die hoofhipotese aanvaar.

6.5.2 Probleme wat uit die kernprobleem voortvloei. Subhipoteses ($Sh_1$ tot $Sh_{14}$)

6.5.2.1 Subprobleem: Ordonnansie 29 van 1953 (klousule 3 en 4) bepaal dat geen dogma in blanke provinsiale skole verkondig mag word nie, terwyl Wet 39 van 1967 vereis dat alle blanke onderwys in staatskole Christelik moet wees. Watter een van die twee bepalings moet nagekom word?

Subhipotese ($Sh_1$): Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal verseker dat die Christelike dogma onderrig of verkondig sal word in Christelike skole.

Beredenering: Klousule 3 van Ordonnansie 29 van 1953 sal oorbodig wees, aangesien religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal verseker dat kinders skole besoek waar die leer van die skool sal ooreenstem met die wense van die ouer. Om hierby aan te sluit sal die bepalings van Wet 39 van 1967 gewysig moet word en wel soos volg: alle onderwys in staatsbeheerde en -ondersteunde skole moet godsdienstig van aard wees en vir elke gesindte, sekte en geloof behoort eie skole voorsien te word. Dit moet steeds geskied met staatshulp aan elke skool. Dit sal verseker dat elke kind die leer sal ontvang wat strook met dié van sy ouerhuis. Op grond van hierdie beredenering kan hierdie subhipotese dus aanvaar word.

6.5.2.2 Subprobleem: As die leer wat aan die kind in die

skool onderrig word van dié van sy ouerhuis verskil, werk dit verwarring in die gemoed van die kind in die hand.

Subhipotese ($Sh_2$): Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in skole sal verhoed dat daar verwar= ring in die gemoed van die kind kom deurdat die leer in die skool met dié van die ouerhuis ooreen sal stem.

Beredenering: Religieuse en lewensbeskoulike differen= siasie sal verseker dat die leer wat op skool onderrig word, sal ooreenstem met die leer wat die kind in sy huis en kerk ontvang. Daar kan dus weinig, indien enige, botsing in die kind se gemoed oor sy godsdiens= belewing en -opvoeding plaasvind. Hierdie subhipotese is dus aanvaarbaar.

6.5.2.3 Subprobleem: Wet 39 van 1967 erken die gelykwaardig= heid van alle mense, maar ontken terselfdertyd die on= gelykheid van elke mens.

Subhipotese ($Sh_3$): Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie is gefundeer in die beginsel dat alle mense gelykwaardig, maar terselfdertyd ongelyk is. Dit erken die eenmaligheid/uniekheid van elke mens in die onderwys.

Beredenering: Indien religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in blanke skole toegepas word, sal die beginsel van menslike gelykwaardigheid in die onderwys tot sy reg kom en terselfdertyd sal die ongelykheid

van elke mens (leerling) erken word. Die uniekheid en eiesoortigheid van elke mens ten opsigte van sy eie be=sondere religieuse hartsgegrepenheid sal erken word. Sodoende kan elke Christenkind ontplooi as 'n Godwelge=vallige offer, dit wil sê die kind kan gelei word om 'n ware profeet, priester en koning te word.

Dit is reeds aangetoon dat Wet 39 van 1967 aan Christe=like beginsels voorkeur gee (hoofstuk 4), en hoewel dit geskied op die uitdruklike voorwaarde dat die geloofs=oortuigings van die ouer en kind eerbiedig moet word, is dit onverantwoordbaar om die Christelike leer op al=mal af te forseer óf om 'n neutrale onderrig as alterna=tief aan te bied. Voorsiening moet dus gemaak word so=dat elke kind sodanige onderrig kan ontvang wat sal strook met sy huislike opvoeding. Dus behoort daar, ideaal gesproke, vir elke andersdenkende voorsiening gemaak te word sodat hy sodanige Godsdiensonderrig kan ontvang wat eie is aan hom, dat daar 'n eie skool voor=sien word waar hy sodanige onderrig kan ontvang. Dit is net logies dat die getal andersdenkendes deurslaggewend sal wees. Om vir slegs vier of vyf leerlinge 'n eie skool te begin is ondenkbaar, maar as getalle dit reg=verdig, kan dit wel geskied. Ook hierdie subhipotese word aanvaar.

6.5.2.4 Subprobleem: 'n Neutrale onderwysstelsel is vreemd aan, en bots met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel.

Subhipotese ($Sh_4$): Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal die Christelik-nasionale onderwys=

beginsel tot sy reg laat kom.

Beredenering: 'n Neutrale onderwysstelsel is op sy beste onbevredigend en kom op 'n miskenning van die Christelike geloof neer. Die Christelik-nasionale onderwysbeginsel is daarop gemik om aan die kind ware Christelike opvoeding te gee wat hom sal bring tot ge=loof in die ware God van die Skrifte, en om aan die nie-Christen 'n opvoeding te gee wat strook met sy huis=like opvoeding. Religieuse en lewensbeskoulike dif=ferensiasie sal hierdie ideaal volkome tot sy reg laat kom, want dan sal die Christenkind in 'n Christenskool onderrig word, die Moslemkind in 'n Moslemskool, die Jodekind in 'n Joodse skool. Andersyds kan die ouer wat 'n neutrale skool verkies, sy kind in so 'n skool plaas. Hierdie subhipotese word dus ook aanvaar.

6.5.2.5 Subprobleem: 'n Skool waar kinders van verskillende geloofsgroepe in een en dieselfde klas is, gee aanlei=ding tot wrywing aangesien daar in so 'n geval 'n neu=trale Godsdiensonderrig aangebied moet word om almal "tevrede te stel".

Subhipotese ($Sh_5$): Religieuse en lewensbeskoulike dif=ferensiasie sal verseker dat elke geloofsgroep tot sy reg kom en wrywing sal sodoende uitgeskakel word.

Beredenering: Deur die toepassing van religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die skole sal elke geloofsgroep op sy eie tot sy reg kom deurdat elkeen in sy eie skool onderrig sal ontvang. Dit sal verse=ker dat wrywing tussen lede van verskillende gelowe/

kerke en gesindtes uitgeskakel word. Ook hierdie sub=hipotese word aanvaar.

6.5.2.6 Subprobleem: Die beskerming van minderheidsgroepe se regte, soos bepaal deur Ordonnansie 29 van 1953 en Wet 39 van 1967, lei daartoe dat die Christenkind (dit wil sê die skynbare meerderheid) onder 'n dogmalose stelsel gebuk moet gaan.

Subhipotese ($Sh_6$): Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal verseker dat elke geloofsgroep se regte en belange verskans word en tot volle ontplooiing sal kom.

Beredenering: In die heterogene skool, dit wil sê in die skool waar leerlinge van verskillende kerke en ge=lowe teenwoordig is, moet elke individu se regte be=skerm word, maar hierdie regte moet aanvanklik beperk word tot die reg tot vrystelling van Godsdiensonderrig. As die meeste leerlinge byvoorbeeld Christene is in so 'n skool, kan daar nie 'n kleurlose en dogmalose leer in die skool onderrig word nie, aangesien dit vreemd sou wees aan die Christelike leer. Die andersdenkende sal dus aanvanklik die reg moet hê om, tot tyd en wyl daar 'n eie skool vir hom bestaan, sy kind van die Christe=like Godsdiensonderrig te onttrek. Daar kan nie van die standpunt uitgegaan word dat die onderrig neutraal moet wees om sodoende die andersdenkende (minderheid) se oortuigings in so 'n gemengde/heterogene skool te eerbiedig nie. Hierdie subhipotese word ook aanvaar.

6.5.2.7 Subprobleem: Die feit dat geen onderwyser hom kan losmaak van sy lewens- en wêreldbeskouing nie, kan daartoe lei dat hy dinge sal onderrig wat met sekere kinders se kerkleer in stryd is. Verder het sekere onderwysers beswaar daarteen om Godsdiensonderrig aan te bied (kyk paragraaf 4.3.6). Uit vrees vir diskriminasie teen hulle doen hulle nie aansoek om vrystelling nie, en bied Godsdiensonderrig in 'n se=kere sin gedwonge aan. Dit kan die vak slegs tot na=deel strek, veral in die primêre skool waar elke klas=onderwyser Godsdiensonderrig aanbied.

Subhipotese ($Sh_7$): Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal verseker dat elke onderwyser homself in 'n skool wat volkome ooreenstem met sy eie godsdiens, geloof en lewens- en wêreldbeskouing kan uitleef.

Beredenering: Die Christenonderwyser hoef (behoort) hom onder die toepassing van die religieuse en lewens=beskoulike differensiasiebeginsel nie los te maak van sy lewens- en wêreldbeskouing nie, want hy gee in 'n suiwer Christelike skool onderrig. Die vak Godsdiens=onderrig sal ook dán eers werklik tot sy reg kan kom as elke onderwyser wat Godsdiensonderrig aanbied, 'n Christen is. Die andersdenkende en/of ateïs sal uit die Christelike skole geweer word aangesien hulle òf glad nie onderrig sal gee nie, òf in 'n eiesoortige skool waarin hulle welkom is, gaan onderrig gee. Dit kom weer eens op religieuse en lewensbeskoulike dif=ferensiasie neer, en daarom word hierdie subhipotese aanvaar.

6.5.2.8 Subprobleem: Onderwysers in die sekondêre skool be= skou die vak as 'n doodloopvak wat weinig, indien enige, bevorderingsmoontlikhede bied, en dit kan weer daartoe lei dat goeie Godsdiensonderrigonderwysers eerder 'n ander vak met die oog op bevordering sal aanbied. Dit het tot gevolg dat "onopgeleide" onderwysers die vak moet onderrig en die vak sodoende nie tot sy reg kan kom nie, veral nie in die senior klasse waar geloofs- en sedeleer ter sprake is nie.

Subhipotese ($Sh_8$): Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie, (en die erkenning van Godsdiensonder= rig as volwaardige vak) sal verseker dat slegs goed opgeleide onderwysers die vak sal aanbied, aangesien opleiding van sulke onderwysers sal kan plaasvind aan tersiêre inrigtings waarvan die gees en rigting oor= eenkom met dié van die skool waarin hulle ná hulle opleiding gaan praktiseer.

Beredenering: Indien religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in skole plaasvind en Godsdiensonderrig as volwaardige vak aldaar aangebied word, dit wil sê in vergelyking met ander vakke, sal die bevorderings= moontlikhede vir die Godsdiensonderrigonderwyser die= selfde wees as vir enige ander onderwyser en sal die vak deur goed opgeleide onderwysers onderrig word. Hierdie subhipotese word aanvaar.

6.2.9 Subprobleem: Kan predikante wat byvoorbeeld die skool= opening waarneem neutraal bly, of word die dogma-klou= sule deur hulle oortree?

Subhipotese ($Sh_9$): Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal verseker dat predikante wat skole besoek, wel dogmatiese uitsprake (byvoorbeeld by die opening of afsluiting van 'n skooljaar) kan maak sonder om die ordonnansie te oortree.

Beredenering: Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal verseker dat kinders van eenderse lewensbeskoulike gesindheid saam in een skool gegroepeer word. Predikante wat hierdie Christelike skole besoek, kan in hulle optrede dan dogmaties wees sonder om enige bepaling of ordonnansie te oortree omdat hulle optrede sal strook met die religie en die lewensopvatting van die leerlinge voor wie hy optree. Ook hierdie subhipotese word aanvaar.

6.5.2.10 Subprobleem: Watter vorm van Christelike onderwys kan 'n ateïstiese onderwyser aanbied?

Subhipotese ($Sh_{10}$): Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal verseker dat die ateïstiese en/of ongelowige onderwyser uit die Christelike skool geweer sal (kan) word.

Beredenering: Indien religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in skole toegepas word, kan daar in die Christelike skool aangedring word daarop dat alle onderwysers belydende Christene moet wees. Sodoende kan enige andersdenkende onderwyser op beginselgrondslag uit die Christelike skool geweer word. Die staat sal dus voorsiening moet maak vir die opleiding van

elke kerk/geloof/gesindte se onderwysers aan elkeen se eie universiteite of kollege. Ook hierdie sub= hipotese word aanvaar.

6.5.2.11 Subprobleem: Behoort die "ander" skoolvakke "neu= traal" aangebied te word, asof God nie in alle leerinhoud geken kan word en gedien kan word nie?

Subhipotese ($Sh_{11}$): Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal tot gevolg hê dat alle vakke in die Christelike skool onderrig word, Christelik in die volle sin van die woord aangebied sal (kan) word.

Beredenering: Soos reeds aangetoon, is religieuse en lewensbeskoulike differensiasie die aangewese op= lossing. Indien skole op grond van religieuse en lewensbeskoulike differensiasiebeginsel ingerig word, sal alle vakke in die Christelike skool Christelik aangebied word. Hierdie subhipotese word dus aanvaar.

6.5.2.12 Subprobleem: Onderwysstudente aan onderwyskolleges ontvang onderrig in Godsdiensonderrig in hulle eer= ste en tweede studiejaar. Dit lei daartoe dat die studente, as hulle na vier jaar se opleiding gaan skoolhou, reeds baie van dit wat hulle geleer het, vergeet het. Dus kan die student nie ten volle toe= gerus en gemotiveerd in die skool as onderwyser aan= kom nie en kan hy nie religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys tot sy volle reg laat kom nie.

Subhipotese ($Sh_{12}$): Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie mag 'n herstrukturering van die curriculum van onderwyskolleges vereis, sodat verseker kan word dat onderwysstudente Godsdiensonderrig in hulle finale jaar sal ontvang, en hulle kennis dus vars sal wees wanneer hulle in die praktyk staan.

Beredenering: Hierdie probleem is nie onoorkombaar nie, want die rooster kan maklik só ingerig word dat voorsiening gemaak word om die vak Godsdiensonderrig byvoorbeeld gedurende die derde en vierde studiejare aan te bied. Alleenlik dan sal die student ten volle toegerus en gemotiveerd die vak kan aanbied wanneer hy as onderwyser in die skool aankom. Ook wat die aanbieding van Godsdiensonderrig op kolleges (universiteite) betref, moet die beginsel van religieuse en lewensbeskoulike differensiasie toegepas word sodat die grondslag reeds hier gelê kan word vir die toekomstige Godsdiensonderrigonderwyser op skool. Hierdie subhipotese word dus ook aanvaar.

6.5.2.13 Subprobleem: Die versnippering van Godsdiensonderrig, deur van tot agt onderwysers verantwoordelik te maak vir die aanbieding van Godsdiensonderrig, lei soms daartoe dat Godsdiensonderrig as huiswerkperiodes gebruik word. Ook die feit dat Godsdiensonderrig nie geëvalueer (kan?) word nie, dit wil sê 'n nie-eksamenvak is, lei daartoe dat die vak nie tot sy reg kom nie. Die beginsel van religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys eis dat die onderwyser wat die vak aanbied, 'n deeglik opgeleide deskun=

dige vakman sal wees. In hierdie geval is dit dikwels "half"-opgeleide onderwysers wat die vak onwillig aanbied.

Subhipotese ($Sh_{13}$): Religieuse en lewensbeskoulike differensiasie sal dit moontlik maak om Godsdienson= derrig as vak 'n volwaardige plek in die skool te laat beklee, dit wil sê wat betref periode-indeling en toetsing. Sodoende sal die versnippering en "minderwaardige" status van die vak in alle skole voorkom word.

Beredenering: Dat hierdie knelpunt wel in die praktyk oorkom kan word, blyk uit die feit dat baie skole daarin slaag om Godsdiensonderrig deur drie tot vyf vakspesialiste te laat aanbied. Die onderwys= departement(e) kan die getal Godsdiensonderrigonder= wysers voorskriftelik bepaal. Die aantal ingeskrewe leerlinge aan 'n skool kan as maatstaf dien. Die gebruik om onderwysers se roosters met Godsdiensonder= rigperiodes "vol" te maak moet ten sterkste afgekeur word. Die beginsel van religieuse en lewensbeskoulike differensiasie eis dus dat die onderwyser wat Godsdiensonderrig aanbied 'n deeglik opgeleide vakman sal wees, ook moet die vak volgens die eise van die ouers van die leerlinge in die skool aangebied word. Dit wil sê in ooreenstemming met die gees en rigting van die ouerhuis van die leerlinge in die skool. Hierdie subhipotese word aanvaar.

6.5.2.14 Subprobleem: Die periodetoekenning van slegs twee

periodes per week aan sekondêre skole is ontoereikend om die vak en om die religieuse en lewensbeskoulike differensiasie= beginsel tot sy reg te laat kom. Die beginsel van religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys eis dat die onderwyser voldoende tyd tot sy beskikking moet hê om die beginsel én die vak tot sy reg te laat kom.

<u>Subhipotese</u> ($Sh_{14}$): Religieuse en lewensbeskoulike differen= siasie sal verseker dat die hele skool "verchristelik" word, dit wil sê dat alle vakke Christelik aangebied sal kan word (vergelyk $Sh_{11}$). Dan sal Godsdiensonderrig vir die eerste keer as 'n integrerende eenheid met die res van die skoolvakke aangebied word, en nie langer 'n losstaande entiteit in die skoolcurriculum wees nie.

<u>Beredenering</u>: Twee Godsdiensonderrigperiodes per week is on= voldoende om die vak tot sy reg te laat kom. Indien religieu= se en lewensbeskoulike differensiasie egter toegepas word en die ideaal word bereik dat <u>alle</u> vakke Christelik aangebied word (in die Christelike skool) sal Godsdiensonderrig 'n eenheid met die res van die skoolvakke vorm, en sal die een die ander aanvul. Ook in hierdie geval word die subhipotese aanvaar op grond van religieuse en lewensbeskoulike differensiasie.

## 6.6 SLOTSOM

In die lig van die voorgaande beredenering, en in die lig van die feit dat dit <u>in beginsel</u> voorkom of die gedagte van reli= gieuse en lewensbeskoulike differensiasie elkeen van die knel= punte wat geïdentifiseer is, kan verlig, word die hoofhipotese (en daarmee saam al veertien die subhipoteses) <u>in beginsel</u> aan=

vaar. (Die woorde <u>in beginsel</u> word doelbewus bygevoeg omdat dit feitlik seker is dat daar baie praktiese struikelblokke in die weg van die toepassing van die religieuse en lewensbe= skoulike differensiasiebeginsel lê. Verdere navorsing oor die praktiese implementering van die beginsel is dus gebiedend nood= saaklik).

## 6.7 VERDERE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE DEUR HIERDIE STUDIE OOPGE= MAAK

6.7.1 Die praktiese implementering van religieuse en lewensbe= skoulike differensiasie in skole in die Republiek van Suid-Afrika behoort ondersoek te word.

6.7.2 'n Meer uitgebreide ondersoek ten opsigte van die posisie in ander lande rakende religieuse en lewensbeskoulike differensiasie behoort ook uitgevoer te word.

6.7.3 'n Volledige empiriese studie oor die posisie van die andersdenkende in die skool behoort van stapel gestuur te word.

6.7.4 Navorsing soos hierdie moet ook in die ander provinsies van die Republiek van Suid-Afrika gedoen word om die po= sisie aldaar te bepaal.

6.7.5 Navorsing oor die moontlike beliggaming van die religieu= se en lewensbeskoulike differensiasiebeginsel in wetge= wing behoort uitgevoer te word.

6.7.6 Navorsing oor die moontlike daarstelling van tersiêre

inrigtings waar studente onderrig kan ontvang wat strook met hulle eie besondere lewens- en wêreldbeskouing behoort gedoen te word.

## 6.8 SAMEVATTEND

Die beginsel van religieuse en lewensbeskoulike differensiasie skyn in beginsel 'n oplossing te bied vir die kernprobleem wat rondom Godsdiensonderrig en Godsdiensaangeleenthede geïdentifiseer is, naamlik dat die aanwesigheid in provinsiale skole van kinders met verskillende religieuse en lewensbeskouinge daartoe lei dat daar knelpunte in die onderwyssituasie in die skool ontstaan, veral wat die vak Godsdiensonderrig en die diverse Godsdiensaangeleenthede aldaar betref.

Vir die veertien knelpunte wat as voortvloeiend uit die kernprobleem geïdentifiseer is, lewer die religieuse en lewensbeskoulike differensiasiebeginsel vir ten minste twaalf 'n oplossing, terwyl die oorblywende twee, naamlik die aanbieding van Godsdiensonderrig op kolleges en die aantal onderwysers aan 'n skool wat Godsdiensonderrig aanbied, baie maklik opgelos kan word om ook te strook met die religieuse en lewensbeskoulike differensiasiebeginsel.

Dit blyk dus dat religieuse en lewensbeskoulike differensiasie die aangewese uitweg is vir blanke onderwys in Transvaal, veral om te verseker dat wrywing, haakplekke en knelpunte wat rondom die aanbieding van Godsdiensonderrig en Godsdiensaangeleenthede bestaan, uitgeskakel kan word.

---oOo---

# SAMEVATTING

In hierdie studie is gepoog om die vernaamste knelpunte rondom Godsdiensonderrig en Godsdiensaangeleenthede in Transvaalse Blanke skole te identifiseer. Die probleem lê daarin dat die aanwesigheid van kinders met verskillende religieuse en lewens=beskouinge in provinsiale skole daartoe lei dat daar knelpunte in die onderwyssituasie in die skool, veral wat betref die vak Godsdiensonderrig en die diverse Godsdiensaangeleenthede, ont=staan.

As oplossing vir dié probleem is die volgende hipotese gefor=muleer: die toepassing van die beginsel van religieuse en le=wensbeskoulike differensiasie in die onderwys in Blanke skole in die Republiek van Suid-Afrika sal verseker dat daar geen knelpunte rondom die aanbieding van Godsdiensonderrig en die diverse Godsdiensaangeleenthede in Blanke skole in Transvaal sal voorkom nie.

Om die hipotese te verifieer is die volgende stappe uitgevoer: heel eerste is 'n Skrifgefundeerde prinsipiële standpunt oor die posisie van Godsdiensonderrig op skool, asook oor die Christe=lik-Protestantse houding teenoor andersdenkendes gegee. Die Christelik-Protestantse houding teenoor die andersdenkende in die onderwys word onder meer deur die gangbare Christelike mensbeskoulike standpunt dat mense inderdaad almal gelykwaardig is bepaal, maar dat elke mens in elke opsig 'n unieke enkeling is met wie, deur middel van differensiasie in die onderwys, rekening gehou moet word. Ook religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in skole is dus antropologies verantwoord.

'n Historiese ondersoek het vervolgens enkele faktore blootgelê wat aanleiding gegee het tot die promulgering van Wet 39 van 1967 en die aanvaarding van Ordonnansie 29 van 1953 van Transvaal. Wat veral uit hierdie ondersoek na vore getree het, is die feit dat daar twee strominge in die Suid-Afrikaanse onderwys waarneembaar is naamlik, 'n rigting gefundeer in die Christelik-nasionale onderwysbeginsel en 'n liberale rigting, wat neutrale dogmalose onderrig in skole propageer en bevorder.

Nadere ontleding van die betrokke wette en van die gemelde ordonnansie het 'n kontradiksie - wat ware Christelike onderwys onmoontlik maak - aan die lig gebring. Die bepaling van Ordonnansie 29 van 1953 dat alle dogma op skool verbied word, maak dit onmoontlik om die Christelike dogma op skool te verkondig, en is dus in stryd met die bepalings van Wet 39 van 1967.

'n Vergelyking van die situasie rondom Godsdiensonderrig in Nederland en Engeland het aan die lig gebring dat ook in hierdie lande daar sekere knelpunte bestaan en dat hierdie knelpunte in 'n hoë mate met dié in Suid-Afrika, (veral in Transvaal) ooreenstem.

Nadat alle knelpunte geïdentifiseer en die hipotese deur beredenering getoets is, is tot die gevolgtrekking gekom dat die toepassing van die beginsel van religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys/skole die enigste aanvaarbare oplossing vir die meeste van die blootgelegde knelpunte is.

Aangesien dit uit die gedane navorsing duidelik geblyk het dat die werklike toepassing van die beginsel van religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die Suid-Afrikaanse onder=

wysstelsel nie 'n eenvoudige saak sal wees nie, is sekere ver=dere moontlike terreine van navorsing ook baie kortliks aan=gedui.

***

ABSTRACT

This study has been an attempt to identify the most important problems associated with Religious instruction and other re= ligious matters in white schools in the Transvaal. The crux of the matter is that children with different religious and ideological views attend the same provincial schools, which gives rise to certain problems in the teaching situation, espe= cially as far as Religious instruction and other religious matters are concerned.

In an attempt to offer a solution to this problem, the follow= ing hypothesis was formulated: the application of the prin= ciple of religious and ideological differentiation in education in white schools in the Republic of South-Africa will ensure that no problems in connection with Religious instruction and other religious affairs will be encountered.

The following steps were taken to verify the hypothesis: firstly, a scriptural fundamental standpoint was adopted in connection with the position of Religious instruction at school as well as the Christian Protestant attitude towards dissen= ters. In education the Christian Protestant attitude towards dissenters is determined by the general accepted point of view that all people are equal, but that each person is unique in every aspect and that education should cater for every person through differentiation. Hence religious and ideological dif= ferentiation is anthropologically justifiable.

Historical research revealed several factors which gave rise to Act 39 of 1967 being promulgated and the acceptance of

Ordinance 29 of 1953 of Transvaal. A fact which was revealed by this research is that there are two distinct trends of thought in South African education, namely one based on the principle of Christian national education and a liberal trend which propagates and promotes a neutral, undogmatic education.

Closer analysis of the laws concerned and the ordinance refer= red to exposed a contradiction which makes true Christian edu= cation impossible. Since Ordinance 29 of 1953 stipulated that all dogma is prohibited in schools, it makes the Christian dogma likewise undesirable and is thus in direct contrast with Act 39 of 1967.

A comparison with Religious instruction in the Netherlands and England revealed certain problems in these countries and that some of these problems corresponded closely with those in South Africa, especially in the Transvaal.

After all problems had been identified and the hypothesis test= ed by deliberation, the conclusion was drawn that the applica= tion of the principle of religious and ideological differentia= tion in education/schools is the only acceptable solution for most of the problems identified.

Since this research has revealed clearly that effective appli= cation of religious and ideological differentiation is no easy matter, further possible areas for research have been briefly indicated.

***

## BRONNELYS


1. Badenhorst, L.H. 1966. Christelike Godsdiensonderrig in Openbare skole. (Ongepubliseerde verhandeling - Univer= siteit Stellenbosch).

2. Barnard, A.A. 1974. Onderwyswette in Transvaal. Potchef= stroom, P.U. vir C.H.O.

3. Bekker, J.H. 1954. Godsdiens in die Onderwys van Blan= kes in Transvaal tot 1953. (Ongepubliseerde D.Ed-ver= handeling - Universiteit van Pretoria).

4. Bell, R. 1973. Education in Great Britain and Ireland. London, The Open University Press.

5. Bingle, H.J.J. 1962. Aspekte van Christelike-Nasionale Onderwys. Pretoria, Pretoria Onderwyskollege.

6. Bot, A.K. 1951. Die Ontwikkeling van Onderwys in Trans= vaal 1836-1951. Pretoria, Staatsdrukkery.

7. Christelijk Nationaal Schoolonderwijs. s.j. Wageningen, Veenman en Zonen.

8. Claassen, J.T. 1972. Godsdiensonderwys. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.

9. Clarke, W.F. s.j. The Durham Report - A Discussion out= line. Warwickshire, Religious Education Trust.

10. Codrington, R.G. s.j. Report on an Overseas Study Tour to investigate Religious and Moral Education in Europe and North America. Pretoria, Transvaal Education De= partment.

11. Coetzee, J.C. 1940. Die Eerste Beginsels van die Calvi= nistiese Opvoeding. Stellenbosch, Pro-Ecclesia Drukkery.

12. Coetzee, J.C. 1954. 'n Inleiding tot die Historiese Op= voedkunde. Johannesburg. Voortrekkerpers.

13. Coetzee, J.C. 1963. Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960. Tweede druk. Pretoria, J.L. van Schaik.

14. Dekker, E.I. 1980. Die Grondslae van die Opvoedkunde. Potchefstroom. Pro-Rege.

15. Dent, H.C. 1971. The Educational System of England and Wales. London, University of London Press.

16. Diesel, A. 1977. New Trends in Religious Education. <u>Christian Education</u>, Volume, 35, October 1977

17. Dreckmeyer, M. 1975. Die Houding van Afrikaanssprekende matrikulante in Transvaal teenoor Godsdiensonderrig. (Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling - Universiteit van Suid-Afrika).

18. Du Plessis, S.J. 1974. Implementering van Christelik-Nasionale Onderwysbeginsels in Suid-Afrika na aanleiding van Wette 39/67 en 73/69. (Ongepubliseerde M.Ed.-ver= handeling - P.U. vir C.H.O.).

19. Dutch Schoolsystem. Nederland. s.j.

20. Eloff, S.J. s.j. Huisgesin, Skool en Kerk in gesprek. Pretoria, N.G. Sendingpers.

21. Evans, K. 1975. The Development and Structure of the Educational System. London, University of London Press.

22. Greyling, E. 1941. Christelik en Nasionale Onderwys, Deel 1. Bloemfontein, Nasionale Pers.

23. Greyling, E. 1946. Godsdiensonderwys in die Skool. Bloemfontein, Sondagskooldepot.

24. Greyling, J.A. 1979. Memorandum van Inspekteur van On= derwys. Pretoria.

25. Grové, I.J. 1970. Die "Dogma- en Gewetensklousule" in die Onderwysordonnansie van 1953 van Transvaal. (On= gepubliseerde M.A.-verhandeling - P.U. vir C.H.O.).

26. Gunter, C.F.G. 1967. Aspekte van die Teoretiese Opvoed= kunde. Stellenbosch, Universiteits-Uitgewers.

27. Henkel, O.V. 1960. Leidraad voor Het Godsdiensonderwijs op Kweekskolen. Groningen, Wolters.

28. Heyns, J.A. 1974. Die Mens. Bybelse en buite-Bybelse Mensbeskouinge. Elsiesrivier, Sacum.

29. Heyns, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria, N.G. Kerkboek= handel.

30. Holmes, H. 1959. The problem of Religious Education in the state school with special reference to English-medium schools in Transvaal. (Ongepbuliseerde D.Ed-verhandeling - Universiteit van Pretoria).

31. Idenburg, Ph. J. 1964. Schets van het Nederlandse School= wezen. Groningen, Wolters.

32. Institute of Christian Education. 1957. Religious Educa= tion in Schools. London, S.P.C.K.

33. Jebb, D.M. 1967. Religious Education. London, Darton, Longman and Todd.

34. Kerkbode. 13/1/1921. Kaapstad, Nasionale Tydskrifte.

35. Landman, W.A. 1972. Leesboek vir die Christen-opvoeder. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel.

36. Landman, W.A. 1979. Mondstuk. Augustus 1979.

37. Lugtenburg, A.H. 1925. Geskiedenis van die Onderwys in die S.A.R. (Ongepubliseerde D-verhandeling - Univer=siteit van Pretoria).

38. Malan, J. du P. 1968. Kerk en Ouerskap. 'n Teologiese besinning oor die roeping van die Kerk met betrekking tot die amp van die Ouers (Ongepubliseerde verhandeling - Universiteit van Pretoria).

39. Maree, H.O. 1975. 'n Evaluering van Bybelkunde as keusevak in Transvaalse Afrikaanse skole. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling - P.U. vir C.H.O.).

40. Mathews, A.S. 1971. Law, Order and Liberty in South Africa. Kaapstad, Juta.

41. Pelzer, A.N. 1940. Die Reëling vir, en die Organisasie van die Laer Middelbare en Voorbereidend Hoër Onderwys in Nederland. Amsterdam, Noord-Hollandsche Uitgevers.

42. Pistorius, P. 1969. Gister en Vandag in die Opvoedkunde. Potchefstroom, Pro-Rege.

43. Preller, S.J. 1978. Die Christelike Onderwyser. Fokus 1978.

44. Roest, P. 1968. Het Godsdienstonderwijs op de Middelbare School. Groningen, Wolters-Noordhoff.

45. Roest, P. 1974. Godsdienst op school. Gravenhage, Boekensentrum.

46. Schoeman, P.G. 1975. Grondslae en implikasies van 'n Christelike opvoedingsfilosofie. Elsiesrivier, Sacum.

47. Smith, J.W.D. 1969. Religious Education in a secular setting. London, S.C.M.-Press.

48. Staatskoerant. 12/11/71. Pretoria, Staatsdrukker.

49. Stander, H.C. 1973. 'n Prinsipiële en Empiriese onder= soek na die huidige stand van Godsdiensonderrig in Transvaalse sekondêre skole. (Ongepubliseerde M.Ed.- verhandeling - P.U. vir C.H.O.).

50. Standpunt van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ten op= sigte van Opvoeding en Onderwys. 1970. Pretoria, N.G. Sendingpers.

51. Stoker, H.G. 1961. Beginsels en metodes in die Weten= skap. Potchefstroom, Pro-Rege Pers.

52. Stone, H.J.S. 1972. Opvoeding en Religie. Bloemfontein, Sacum.

53. Suid-Afrika. 1968. Amptelike Jaarboek. Johannesburg. Perskor.

54. Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes - Handleiding. 1979. Pretoria, Sigma Press.

55. The Fourth R. 1970. The Report of the Commission on Religious Education in schools. London, S.P.C.K.-Press.

56. T.O.D.-verslag 1917. 1918. Pretoria, Staatsdrukkery.

57. T.O.D.-verslag 1953. 1956. Pretoria, Staatsdrukkery.

58. Van der Schijf, W.G. 1969. Die Gereformeerde beginsel in die onderwys tot 1963. Johannesburg, Afrikaanse Pers Boekhandel.

59. Van der Ven, F.W.M. 1974. Openbaar en bijsonder Onder=wijs samen. Groningen, Tjeenk Willink.

60. Van der Vyver, J.D. 1975. Die beskerming van Menseregte in Suid-Afrika. Kaapstad, Juta.

61. Van der Walt, H. 1975. Godsdiensonderrig in kerk en skool. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling - Universi=teit van die Oranje Vrystaat).

62. Van der Walt, J.L. 1977. Inleiding tot die Fundamentele Opvoedkunde Deel 1. Potchefstroom. Pro-Rege Pers.

63. Van der Westhuizen, P.C. 1974. Die onderrig van Geloofs=leer in die Christelik-Afrikaanse Sekondêre Skool. (Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling - P.U. vir C.H.O.).

64. Van Duijvendijk, N.A. 1966. Nederlandse onderwijster=men in vijf talen. 's Gravenhage, Staatsuitgevery.

65. Van Wyk, J.H. 1976. Koers. 41/1976.

66. Van Zyl, P. 1970. 'n Volk besin oor sy Opvoeding en On=derwys - Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys. Kaap=stad, Inter-Kerklike uitgewers.

67. Venter, F. 1976. Die Staatsregtelike soewereiniteit van God. Bulletin ter bevordering van Christelike Wetenskap. April/Junie 1976.

68. Wessels, F.J. 1962. Die Republikeinse Grondwet. Kaap=stad, Nasionale Boekhandel.

69. Wette van die Unie van Suid-Afrika. 1961. Pretoria, Staatsdrukkery.

70 Wedderspoon, A.G. 1966. Religious Education 1944-1984. London, George Allen and Unwin.

71. Woltjer, J. 1936. Wat is het doel van het Christelijk Nationaal School-onderwijs. Te Kampen, Kok.

---oOo---

## BYLAAG A

KLOUSULE 34 VAN WET 25 VAN 1907

34. Bepalingen met betrekking tot godsdienstonderwijs en vrij=stellingen daarvan. — In elke openbare school —

(1) zal de schooldag geopend worden met gebed en het le=zen van een gedeelte uit de Bijbel;

(2) behalve als hierin later bepaald zal onderricht in bijbelse geschiedenis gegeven worden in de engelse, hollandse of enige andere europese taal, en waar mogelik zal zulk onderricht gegeven worden binnen het eerste half uur van elke schooldag; met dien verstande, dat niets in dit of het laatstvoorafgaan=de subartikel vervat van toepassing zal zijn op scho=len in de eerste plaats opgericht en in stand gehou=den ten behoeve van of hoofdzakelik bezocht door kinderen van niet-kristelike ouders, tenzij zulk een school bezocht wordt door kinderen van kristelike ouders, in welk geval voorziening gemaakt zal worden op een schriftelike aanvrage van de ouders van zo=danige laatstgenoemde kinderen voor hun onderricht in bijbelse geschiedenis;

(3) zal geen kind wiens ouder schriftelik kennis heeft gegeven aan het hoofd van de school van zijn wens dat zulk kind geen onderricht in bijbelse geschiede=nis ontvangen zal verplicht zijn zulk onderricht te ontvangen;

(4) zal geen leer of dogma aan enige godsdienstige ge=meente of sekte eigen onderwezen worden;

(5) zal geen onderricht in bijbelse geschiedenis geduren=de schooluren gegeven worden door enig persoon an=ders dan een onderwijzer die aan de staf van zulke school verbonden is;

(6) zal geen hoofdonderwijzer of enig assistent onder=wijzer, die verantwoordelik is voor het algemene welzijn van een klasse of afdeling of departement, toegelaten worden tot of aangehouden worden bij de staf, tenzij hij bereid is op nauwgezette wijze onder=richt in bijbelse geschiedenis te geven, zoals ver=eist krachtens dit artikel, of de Direkteur enig be=zwaar voor te leggen dat hij mocht hebben om zodanig onderricht op zich te nemen;

(7) zal de tijd aan onderricht in bijbelse geschiedenis in de verschillende standaards te worden besteed zijn zoals bij regulatie bepaald.

***

BYLAAG B

ARTIKEL 53 VAN ORDONNANSIE 29 VAN 1953.

GODSDIENSONDERRIG IN OPENBARE SKOLE

53. (1) In elke openbare skool begin die skooldag met gebed en lees van 'n gedeelte uit die Bybel.

(2) Behoudens die bepalings van hierdie hoofstuk word godsdiensonderrig in elke openbare skool vir en op sodanige tye gegee as wat die Direkteur mag voorskryf: Met dien ver= stande dat die onderrigtyd in laer skole minstens twee uur per week en in middelbare skole minstens een uur per week moet wees: Voorts met dien verstande dat niks in hierdie subarti= kel of subartikel (1) vervat van toepassing is nie op 'n open= bare skool wat hoofsaaklik ingestel is en onderhou word vir of grotendeels besoek word deur kinders van nie-Christen-ouers tensy sodanige skool deur kinders van Christen-ouers besoek word, en in hierdie geval moet daar op skriftelike aansoek van die Christen-ouers voorsiening gemaak word vir hul kinders om godsdiensonderrig te ontvang.

(3) Indien die ouer van 'n leerling wat enige openbare skool bywoon die hoofonderwyser daarvan skriftelik versoek dat die leerling vrygestel word van godsdiensonderrig, moet die leerling aldus vrygestel word totdat die versoek terugge= trek word.

(4) Geen bepaalde leer of dogma wat onderskeidend is van 'n besondere godsdienstige gesindte of sekte, mag in enige open=

bare skool gedoseer word nie.

(5) Geen onderrig in Bybelgeskiedenis mag in enige openbare skool gedurende skoolure gegee word nie deur enigiemand anders as 'n onderwyser wat lid is van die personeel van sodanige skool.

(6) Geen hoofonderwyser of enige assistent-onderwyser wat vir die algemene welsyn van 'n klas of groep of afdeling verantwoordelik is, word as lid van die personeel van 'n openbare skool toegelaat of gehou nie, tensy hy òf bereid is om sonder gewetensbeswaar godsdiensonderrig te gee soos by hierdie artikel vereis, òf aan die Direkteur enige beswaar voorlê wat hy daarteen mag hê om sodanige onderrig te gee.

***

BYLAAG C

ARTIKEL 2 VAN DIE WET OP DIE NASIONALE ONDERWYSBELEID, No. 39 VAN 1967.

2. Bepaling van nasionale onderwysbeleid. - (1) Die Minister kan, na oorlegpleging met die Administrateurs en die raad, van tyd tot tyd die algemene beleid wat ten opsigte van onderwys in skole gevolg moet word, bepaal, en wel binne die raamwerk van die volgende beginsels, naamlik, dat —

(a) die onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer word, 'n Christelike karakter moet hê, maar dat die geloofsoortuiging van die ouers en die leer= linge geëerbiedig moet word wat betref godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede;

(b) onderwys 'n breë nasionale karakter moet hê;

(c) die moedertaal, indien dit Engels of Afrikaans is, die medium van onderrig moet wees, met geleidelike billike aanpassing by hierdie beginsel van enige daarvan afwykende bestaande praktyk;

(d) vereistes betreffende skoolplig, en die grense met betrek= king tot skoolpligtige leeftyd, eenvormig moet wees;

(e) aan leerlinge wie se ouers in die Republiek woon of Suid-Afrikaanse burgers is (uitgesonderd die kategorieë pre-primêre leerlinge wat die Minister bepaal, leerlinge wat deeltydse onderrig ontvang, en vakleerlinge), vry onder= wys (met inbegrip van boeke en skryfbehoeftes) verskaf moet word in skole wat 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand hou, bestuur en beheer. (Par. (e) vervang by a.3 van Wet No. 92 van 1974)

(f) onderwys verskaf moet word ooreenkomstig die bekwaamheid aanleg en belangstelling van die leerling en die behoeftes van die land, en dat met inagneming hiervan, gepaste voorligting aan leerlinge verstrek moet word;

(g) koördinasie op nasionale grondslag van leerplanne, kursusse en eksamenstandaarde en navorsing, ondersoek en beplanning op die gebied van die onderwys bewerkstellig moet word, met inagneming van die raadsaamheid van die handhawing van die verskeidenheid wat die omstandighede vereis;

(h) aan die ouergemeenskap 'n plek in die onderwysstelsel toegeken moet word deur middel van ouer-onderwysersverenigings, skoolkomitees, beheerrade of skoolrade of op 'n ander wyse;

(i) by die onderwysbeplanning aan wenke en aanbevelings van die amptelik erkende onderwysersverenigings oorweging geskenk moet word; en

(j) diensvoorwaardes en salarisskale van onderwysers eenvormig moet wees.

(Sub-a. (1) gewysig by a. 3 van Wet No. 73 van 1969).

(Uitgawe No. 9).

BYLAAG D

ARTIKEL 2, 3 & 4 VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. R.2029 VAN 12 NOVEMBER 1971.

CHRISTELIKE KARAKTER

2. Die onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, be= stuur en beheer word, moet 'n Christelike karakter hê wat ge= grondves is op die Bybel en wat beslag moet kry —

(a) deur godsdiensonderrig as verpligte nie-eksamenvak be= houdens paragraaf 3 hieronder; en

(b) deur die gees waarin en die wyse waarop alle onderrig en opvoedingswerk asook administrasie en organisasie be= hartig word.

3. By die toepassing van die beleid met betrekking tot die Christelike karakter van die onderwys moet die geloofsoortui= ging van die ouers en die leerlinge geëerbiedig word wat gods= diensonderrig en godsdienstige plegtighede betref.

NASIONALE KARAKTER

4. Onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartment (met inbe= grip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer of gesubsidieer word, moet 'n breë nasionale karakter hê wat beslag moet kry -

(a) deur die doelbewuste uitbouing van elke leerling se kennis van die vaderland, wat taal- of kultuurerfenis geskiedenis en tradisies, nasionale simbole, bevolkings=

verskeidenheid, maatskaplike en ekonomiese omstandig= hede, geografiese verskeidenheid en nasionale prestasies insluit; en

(b) deur hierdie kennis by elke leerling tot begrip en waar= dering te laat groei deur middel van die sinvolle aan= bieding daarvan by toepaslike fasette van die onderrig van die twee amptelike landstale, vaderlandse geskiede= nis, burgerkunde en aardrykskunde in die skoolonderwys, en verder deur die deelname van leerlinge aan nasionale feesgeleenthede en hul gereelde eerbetoning aan die nasionale simbole, sodat —

(i) dit lei tot 'n gesindheid van patriotisme wat ge= fundeer is op lojaliteit en verantwoordelikheid teenoor die vaderland, sy bodem en sy natuurlike hulpbronne;

(ii) elke leerling daardeur 'n gebalanseerde perspek= tief sal verwerf; en

(iii) 'n gevoel van eensgesindheid en samewerking daardeur bewerkstellig sal word.

***